# Die effektiewe benutting van die orrel in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk

**IL Swanepoel**
**21387133**

Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad *Magister Musicae* in Musiekwetenskap aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof D Kruger

Mei 2014

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

## SPESIALE VERMELDING

In die eerste plek bedank ek ons Hemelse Vader vir die entoesiasme en liefde vir kerkmusiek wat Hy in my hart geplant het; ook vir Sy leiding, liefde en versorging. Hy het deur die jare bepaalde mense, gebeurtenisse en ervarings oor my pad laat kom wat daartoe gelei het dat hierdie studie moontlik gemaak is.

Prof Daleen Kruger wat daarvoor verantwoordelik is dat my studie in Potchefstroom vir my veel meer as net ’n gewone nagraadse kwalifikasie geword het.

My man Ernst wat my ten volle ondersteun het met hierdie studie. Hy was deurentyd my klankbord vir idees en gedagtes en het die grafieke van die resultate van die navorsing op ’n besondere manier gedoen.

My kinders Jan, Nanda, Ernst, Lanie, Yvonne, Hennie en Marié wat elkeen op sy unieke manier ’n bydrae gemaak het tot hierdie studie. Hulle het my geleer wat ek weet van kontemporêre musiek en hulle sang en instrumentale spel bly ’n inspirasie.

Die gesin waarin ek kon grootword: my ouers se sang en ook hulle betrokkenheid by liturgie en liturgiese musiek het my reeds van kleins af gestuur in die rigting van kerkmusiek; my susters se onvoorwaardelike ondersteuning en belangstelling.

Die verskillende kantorye en musiekbedieningsgroepe met wie ek kon saamwerk waarin daar soveel natuurlike talent was; die vreugde en aandoening van suiwer stemme wat spontaan meerstemmig sing, van kitare en perkussie wat ook sensitief kan speel.

Die gemeente waarin die Here ons geplaas het: ’n ware, lewende Christengemeenskap met ruimte vir verskillende spiritualiteite.

Ek het groot waardering vir al die orreliste en leraars wat hierdie vraelyste voltooi en teruggestuur het. Wat vir my besonder insiggewend is, is waar besige mense so sterk oor hulle roeping as orrelis voel dat hulle aan die einde van die vraelys tot selfs ‘n hele paar bladsye aangeheg het met praktiese raad, dinge wat werk in hulle spesifieke gemeentes; hierdie was dan ook meesal die positiewe musiekmakers wat saam met hulle gemeentes oplossings gevind het vir die tameletjie waarin ons kerkmusiek hom tans bevind.

My Nederlandse familie: Ans wat onbaatsugtig speelbeurte reël op ou orrels; Kloosterveen se kerk waar ek Geneefse melodieë kon sing met begeleiding deur ’n *band*.

Die Departement van Statistiek van NWU se Potchefstroomkampus wat my van raad en daad bedien het met die vraelyste en grafieke.

SAKOV en NWU vir finansiële ondersteuning.

Theo Eybers vir die taalkundige versorging van hierdie skripsie.

# ABSTRACT

*The church music of the Southern African Dutch Reformed Church is in the midst of a paradigm shift: traditional liturgy is changing; in many church services well-known organ music and congregational singing are making way for music in a contemporary style. A music band is often used instead of the organ and hymns from the* Liedboek *are mostly replaced by songs in various styles. Traditional liturgical music is in a period of uncertainty and experimentation. The views of clergymen and church musicians seem to often and increasingly diverge when considering spirituality of the services and the role that congregational music plays in the spirituality.*

*Research has shown that the organ is still the music instrument of choice for services of the Dutch Reformed Church and that 90% of clergymen find the use of organ music in church a positive experience. The average post-modern church member prefers that traditional and current musical styles are used side-by-side in the liturgy and liturgical music of the church to cater for the requirements of the different spiritual styles in congregations.*

*The writer establishes that effective organ playing, with or without other instruments, can adequately provide for the majority of these post-modern worship styles. It is necessary that organists adapt to the changing demands of congregations through continued studies.*

# SAMEVATTING

Die kerkmusiek van die Suid-Afrikaanse Nederduitse Gereformeerde Kerk (verder na verwys as NG Kerk) ondergaan tans ‘n paradigma skuif: tradisionele liturgie word aangepas; die bekende orrelspel en gemeentesang word in baie eredienste opsy geskuif om plek te maak vir musiek in ’n hedendaagse styl. Die orrel word vervang met ‘n *band* en *Liedboekliedere* maak plek vir ligter gewyde liedere in verskillende style. Tradisionele liturgiese musiek verkeer in ‘n fase van onsekerheid en eksperimentering terwyl kerkmusici en leraars toenemend meningsverskille het oor die spiritualiteitstipes van gemeentes se eredienste en die rol van gemeentelike musiek daarin.

Navorsing het egter getoon dat die orrel nog steeds die instrument van voorkeur is vir gebruik in eredienste van die NG Kerk en dat 90% van die leraars orrelspel positief beleef. Vir die gemiddelde postmoderne lidmaat is dit verkieslik dat die tradisionele en hedendaagse langs mekaar gebruik word in die liturgie en liturgiese musiek sodat daar voldoen kan word aan die behoeftes van die verskillende spiritualiteitstipes in die gemeentes.

Die skrywer voer aan dat effektiewe orrelspel, met of sonder ander instrumente, kan voldoen aan die grootste deel van hierdie postmoderne aanbiddingstyle. Dit is egter noodsaaklik dat orreliste moet aanpas by die veranderende behoeftes van gemeentes deur voortgesette studie.

# SLEUTELTERME / KEYWORDS:

| | |
|---|---|
| Kerkmusiek | Church music |
| Kontemporêre liturgiese musiek | Contemporary liturgical music |
| Liturgie | Liturgy |
| Liturgiese orrelmusiek | Liturgical organ music |
| Musiekbediening | Music ministry |
| Musiekbedieningsgroep | Band |
| Postmodern | Post-modern |

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK I: AGTERGROND EN STUDIE-OORSIG ..... 4

1.1 AGTERGROND ..... 4
1.2 NAVORSINGSVRAAG ..... 6
1.3 NAVORSINGSDOELSTELLING ..... 6
1.4 METODOLOGIE ..... 7
1.5 OPSOMMING ..... 8

HOOFSTUK 2: LITURGIE VAN DIE HEDENDAAGSE EREDIENS IN DIE NG KERK ..... 9

2.1 INLEIDING ..... 9
2.2 PARADIGMAVERSKUIWING ..... 9
2.3 DIE OORGANG VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME ..... 9
2.4 LITURGIESE OORSPRONG ..... 10
2.5 LITURGIESE ORDE ..... 11
2.6 LITURGIESE VERNUWING IN DIE NG KERK ..... 12
2.7 HEDENDAAGSE AANBIDDINGSTYLE ..... 14
2.8 DIE HEDENDAAGSE LIDMAAT ..... 15
2.9 OPSOMMING ..... 16

HOOFSTUK 3: LITURGIESE MUSIEK IN DIE HEDENDAAGSE EREDIENS VAN DIE NG KERK ..... 18

3.1 INLEIDING ..... 18
3.2 SINODALE VOORSKRIFTE ..... 19
3.3 VERNUWING VAN LITURGIESE MUSIEK ..... 20
3.4 DIE ORREL EN DIE NG KERK SE HISTORIESE ERFENIS ..... 21
3.5 DIE ORRELIS EN LITURGIESE VERNUWING ..... 21
3.6 DIE ORRELIS EN BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG ..... 23
3.7 INSTRUMENTALE LITURGIESE KERKMUSIEK ..... 24
3.8 KULTUUR EN TRADISIE ..... 26
3.9 OPSOMMING ..... 27

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE ..... 29

4.1 NAVORSINGSMETODIEK ..... 29
4.2 AFDELING A: Terugvoering van die leraar ..... 30
4.2.1 GEOGRAFIESE GEGEWENS ..... 30
4.2.2 GEBRUIK VAN ORREL TYDENS EREDIENSTE ..... 32
A1: EREDIENSTE TYDENS KWARTAALTYD ..... 34
A2: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN KWARTAALTYD: OGGENDDIENSTE ..... 36
A3: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN KWARTAALTYD: AANDDIENSTE ..... 38
A4: EREDIENSTE GEDURENDE LANGNAWEKE EN VAKANSIETYD ..... 40
A5: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN VAKANSIETYD: OGGENDDIENSTE ..... 41

A6: AANDDIENSTE TYDENS VAKANSIETYD EN LANGNAWEKE ....43
A7: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN VAKANSIETYD: AANDDIENSTE ....43
A9: TIPE ELEKTRONIESE HULPMIDDELS ....46
A10: GEBRUIK VAN CD VIR BEGELEIDING ....47
A11: MOTIVERING VIR GEBRUIK VAN CD VIR BEGELEIDING ....47
A12: VERANTWOORDELIKHEID VIR KEUSE VAN LIEDERE VIR VOORSANG ....48
A13: VERANTWOORDELIKHEID VIR KEUSE VAN LIEDERE TYDENS EREDIENS ....49
A14: VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE BEPLANNING VAN DIE LITURGIE ....49
A15: ENTOESIASME VAN GEMEENTE-DEELNAME AAN GEMEENTESANG ....50
A16: MATE VAN ORRELBEGELEIDING MET DIE SING VAN LIEDERE ....51
A17: KONTEMPORÊRE LIEDERE ....52
A18: VOORSPEL EN NASPEL TOT EREDIENSTE ....54
A19 – A24: GEMEENTE EN LERAAR SE BELEWENIS T.O.V. ORRELGEBRUIK ....56
A25 – A29: POSISIE EN SKAKELING VAN DIE ORRELIS IN DIE GEMEENTE ....58
A30 – A31: OPLEIDING VAN ORRELIS ....59
A31: VERDERE KOMMENTAAR EN VOORSTELLE. ....60

4.3 AFDELING B: TERUGVOERING VAN ORRELIS ....62

B1 – B21: PROFIEL VAN DIE ORRELIS ....62
B22: BEGELEIDINGSMATERIAAL VIR INFORMELE LIEDERE OP DIE ORREL ....71
B23: KEUSE VAN BEGELEIDING VIR GEMEENTESANG ....73
B24: GEVARIEERDE BEGELEIDING EN REGISTRASIE ....75

4.4 SAKOV ....76

B25.1 – B25.5: SAKOV AANGELEENTHEDE ....76
B25.6 WATTER TIPE ARTIKEL IN *DIE MUSIEKLEIER* HET VIR U BESONDERE WAARDE? ....77
B25.7 WATTER TIPE ARTIKELS SOU U GRAAG IN DIE TOEKOMS IN *DIE MUSIEKLEIER* WOU SIEN? ....78

4.5 ALGEMENE TERUGVOERING VAN ORRELISTE ....79

B26 HET U KONTAK (ELEKTRONIES OF ANDERSINS) MET ANDER ORGANISASIES OF TYDSKRIFTE VIR ORREL EN/OF ORRELISTE? ....79
B27 EN B28: WATTER POSISIE BEKLEE U IN U GEMEENTE (BV. ORRELIS, MUSIEKDIREKTEUR, ENS.) EN WAT BEHELS U PLIGTESTAAT? ....79
B29 EN B30: BELEEF U SOMS SPANNING AANGAANDE U ORRELPOS? INDIEN WEL, WATTER FAKTORE VEROORSAAK HIERDIE SPANNING? ....80
B32: NOEM WATTER KOMPONISTE SE MUSIEK OF VERSAMELINGS VAN ORRELWERKE U GRAAG GEBRUIK TYDENS EREDIENSTE. ....81
B33: ENIGE ANDER KOMMENTAAR OF VOORSTELLE. ....81

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ....86

VOORBEELD 1: WIM VILJOEN*, FANFARE (KYK DIE HEER HET OPGESTAAN)* UIT SAKOV 30 FEESBUNDEL ....91
VOORBEELD 2: DALEEN KRUGER, LIED 509 (OP BERGE EN IN DALE) UIT *EENVOUDIGE INLEIDINGS EN HARMONISASIES.* ....99
VOORBEELD 3: NO 15, *GIVE THANKS WITH A GRATEFUL HEART* (HENRY SMITH, VERWERK DEUR LESLEY) ....100
VOORBEELD 4: NO 30, *KING OF KINGS AND LORD OF LORDS* (BATYA EN CONTY, VERWERK DEUR LESLEY) ....100

BRONNELYS ....104

BYLAAG A: DEKBRIEF EN VRAELYS ....110

BYLAAG B: CD MET VOLLEDIGE MINI-SKRIPSIE ....123

## GRAFIEKVERWYSINGS


Figuur 1: Vraelyste ontvang per sinode ..... 30
Figuur 2: Geografiese verspreiding van gemeentes ..... 31
Figuur 3: Orrelbegeleiding tydens eredienste ..... 32
Figuur 4: Orrelbegeleiding volgens tipe gemeente ..... 32
Figuur 5: Aantal eredienste per Sondag in kwartaaltyd ..... 34
Figuur 6: Geografiese verspreiding van eredienste in kwartaaltyd ..... 35
Figuur 7: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word ..... 36
Figuur 8: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies ..... 37
Figuur 9: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word ..... 38
Figuur 10: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies ..... 39
Figuur 11: Verspreiding van eredienste in vakansietyd ..... 40
Figuur 12: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word ..... 41
Figuur 13: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies ..... 42
Figuur 14: Verspreiding van aanddienste in vakansietyd en langnaweke ..... 43
Figuur 15: Gebruik van musiekinstrumente tydens aanddienste in vakansies ..... 43
Figuur 16: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word ..... 44
Figuur 17: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies ..... 45
Figuur 18: Gebruik van elektroniese hulpmiddels ..... 46
Figuur 19: Verspreiding van elektroniese hulpmiddels ..... 46
Figuur 20: Gebruik van CD vir begeleiding ..... 47
Figuur 21: Keuse van liedere vir voorsang / lof en aanbidding ..... 48
Figuur 22: Keuse van liedere tydens erediens ..... 49
Figuur 23: Beplanning van liturgie ..... 49
Figuur 24: Gemeente-deelname aan gemeentesang ..... 50
Figuur 25: Orrelbegeleiding vir verskillende liedere ..... 51
Figuur 26: Gebruik van orrel vir kontemporêre liedere. ..... 52
Figuur 27: Gemeente-ervaring van orrelbegeleiding vir kontemporêre liedere. ..... 52
Figuur 28: Gemeente-ervaring van kontemporêre liedere sonder orrelbegeleiding ..... 53
Figuur 29: Gebruik van orrel vir voorspel en naspel ..... 54
Figuur 30: Gebruik van CD vir voorspel en naspel uit 200 ..... 55
Figuur 31: Gemeente-ervaring van orrelspel (in die algemeen) ..... 56
Figuur 32: Oorkoepelende belewenis/persepsie t.o.v. orrelgebruik in die gemeente ..... 57
Figuur 33: Posisie en rol van orrelis in die skakeling t.o.v. musiekbediening ..... 58
Figuur 34: Opleiding van orrelis ..... 59
Figuur 35: Keuse van liedboekbegeleiding vir gemeentesang. ..... 73
Figuur 36: Keuse van begeleiding vir gemeentesang met kontemporêre musiek ..... 74
Figuur 37: Variasie van begeleiding en registrasie om aan te pas by liedstyl ..... 75
Figuur 38: SAKOV aangeleenthede ..... 76
Figuur 39: Nut van *Die Musiekleier* vir leraars ..... 79
Figuur 40: Finansiële bydrae van gemeente om nuwe bladmusiek aan te koop ..... 81

# HOOFSTUK I: AGTERGROND EN STUDIE-OORSIG

## 1.1 AGTERGROND

Die toepassing van liturgie[1] en liturgiese musiek het oor die afgelope 50 jaar internasionaal en ook in Suid-Afrika ‘n drastiese verandering ondergaan. In die tradisionele liturgiese musiek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (verder na verwys as die NG Kerk), wat hoofsaaklik uit gemeentesang en orrelspel bestaan, is die orrel die middelpunt. Tans word ‘n ligte orkes (verder na verwys as die *band*), met of sonder klavier en klawerbord, toenemend tydens eredienste gebruik. Ek het 44 jaar gelede as student met orrelstudie begin. Dit was die tyd toe vroue hoede in die kerk gedra het, ‘n tyd van togas en swart pakke met wit dasse en van stigtelike gedrag, van die koraalboek en Halleluja-liedere so nou en dan. Ek was geïnspireer deur die belewenis van die eredienste en orrel van die NG Gemeente Universiteitsoord en ook my tuisgemeente, Floridapark - ‘n lewendige gemeente met entoesiastiese gemeentesang en ‘n vaste kerkkoor. Vandat ek as orrelis tydens eredienste begin optree het, het ek duidelik besef dat my opleiding my nie voorberei het vir die uitdagings wat ‘n orrelpos aan my bied nie. My repertorium was heeltemal te klein en te beperk. Ons orrelstudente was ook grootliks boekgebonde en kon selfs nie basiese improvisasie doen nie. Transposisie moes verkieslik eers uitgeskryf word.

In die tagtigerjare, by ‘n volgende gemeente, het een van die leraars my ingelig dat ek die Sondagaand nie benodig word om orrel te speel nie, aangesien hy en nog ‘n lidmaat voortaan die gemeentesang tydens die aanddienste met kitare sou begelei. Hulle kon altwee basies net drie akkoorde op die kitaar speel: tonika, dominant en subdominant in D majeur. Tydens daardie diens het ek besef dat ek betrokke sal moet raak by die nuwe informele aanddienste se liturgiese musiek. Met my tradisionele klassieke opleiding van ‘n B.Mus.(Uitvoerende Kuns) en Diploma in Kerkmusiek was ek egter nie opgelei vir hierdie uitdaging nie en moes nie net ‘n nuwe gesindheid teenoor liturgiese musiek aanleer nie, maar ook nuwe vaardighede bemeester en gebruik.

---

[1] Die oorspronklike betekenis van die woord “liturgie” is die werk van die volk en as sodanig moet die hele gemeente in die liturgie betrek word (Vorster, 1996:85-87). Dit sluit nie net die diensorde van ‘n erediens in nie, maar is veral ook die dienswerk wat die gemeente tot eer van God verrig. Van der Colf (1987:4) omskryf ‘n erediens as die “saamkom van Christengelowiges om *God te eer, te dank, te aanbid*.” Alles wat binne die erediens gebeur moet die gesprek tussen God en sy gemeente bevorder. Dit moet die gemeente se geloofservaring en geloofsvisie weerspieël (Müller, 1990:13). In die kommunikasie tussen God en sy gemeente word die *missio Dei* rol van die gemeente duidelik deur Paulus in Efesiërs 5:18b-20 uitgespel: “Laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.” (Bybel, 1983)

Ons het uit die gemeente ‘n groep bekwame musikante bymekaar gekry om onder leiding van ‘n begaafde sangleier tydens die aanddienste op te tree. Ek was pianis, verwerker vir die *band*, vertaler en deel van die nuwe liturgiese werkgroep waar ons inspraak gehad het op die liedere wat ons sou sing. Aanvanklik het ons gebruik gemaak van ‘n aantal gesange, liedere uit die eerste Jeugsangbundel (1984), vrye gewyde Afrikaanse liedere en ook ‘n aantal informele Engelse liedere. Die aanddienste se bywoningsyfer het só gegroei dat die kerk reeds 20 minute voor die aanvang van die erediens volgepak was.

By my volgende gemeente het die kerkgebou ‘n klein eenheidsorreltjie gehad wat totaal onvoldoende was om die gemeentesang van sowat 400 lidmate per erediens te begelei. Pogings is aangewend om die klank van die orrel met mikrofone en luidsprekers te versterk, maar dit het nie geslaag nie. Ná die verwydering van die kansel is daar ‘n goeie vleuelklavier voor in die liturgiese ruimte van die kerk geplaas, waarna die gemeentesang hoofsaaklik deur klavier, *keyboard* (klawerbord) en ‘n bekwame kantory gelei is. Liedere uit die *Liedboek* van 2001 en ‘n aantal informele liedere is met ‘n eietydse klavierbegeleiding gesing.

Tans is ek orrelis by NG Gemeente Constantiakruin waar ek orrel of klavier by twee van die vyf dienste speel wat op ‘n gewone Sondag gehou word. In die kerkgebou word daar tydens formele oggenddienste van die orrel, ondersteun deur ‘n kantory, gebruik gemaak. Saans speel ek klavier in die kapel waar die gemeentesang met ‘n vleuelklavier, simfoniese instrumente en *keyboard* begelei word. By die orige drie dienste word die liturgiese musiek deur twee *bands* behartig. Met spesiale dienste, soos Paassangdienste en Kerssangdienste, word daar konvergensie-dienste (*blended worship)* gehou.

Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat die hele kerkmusiektoneel radikaal gedurende die afgelope 50 jaar verander het. Dit was vir my ‘n leersame en ook inspirerende reis van ‘n jong tradisionele orrelis na waar ek vandag is. Ek is nou deel van ‘n veel wyer liturgiese musiekbediening in ‘n gemeente wat ‘n verskeidenheid musiekstyle en spiritualiteite met begeleiding deur die orrel of verskillende ander groepe positief ervaar.

Kruger (2007b:17) wys daarop dat lede van gereformeerde kerke oor die afgelope 50 jaar aan vele veranderings onderwerp is. Grové (2006:23) meen dat die tempo van verandering in liturgie en liturgiese musiek tans voortdurend versnel om steeds aktueel te bly. Die groot probleem vir orreliste is dat die tradisionele orrelwerke en

begeleidingsmateriaal geensins voldoende is om aan die behoeftes van postmoderne[2] dienste vir postmoderne lidmate te voldoen nie.

Persoonlike ervaring het getoon dat die orrel wel in staat is om, met of sonder ander instrumente en ‘n kantory, verskillende spiritualiteite aan te spreek. Die orrel kan nog steeds suksesvol gebruik word om ‘n gepaste stemming en atmosfeer in hedendaagse eredienste te skep. In hoofstuk 5 word hierdie punt bespreek.

As orrelis kom die vraag voortdurend by my op: hoe moet die orrel gespeel word om orrelmusiek steeds relevant vir die postmoderne erediensgangers te maak? Op watter manier kan postmoderne orreliste orrelmusiek nie net bewaar nie, maar ook ontgin en ontwikkel, veral in die lig van die gebruik van ander instrumente?

Hierdie kwessies het my gelei na die navorsingsvraag.

## 1.2 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die orrel effektief benut word in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk?

Om ‘n antwoord op hierdie vraag te formuleer, moet die volgende sekondêre vrae eers beantwoord word:

- Wat is die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgie van eredienste in die NG Kerk?
- Wat is die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgiese musiek van die NG Kerk?
- Wat is die persepsie oor die gebruik van die orrel in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk?
- Wat is die kennis en vaardighede wat ‘n kerkorrelis nodig het om die orrel effektief in die hedendaagse eredienste te kan gebruik?

## 1.3 NAVORSINGSDOELSTELLING

[2] Vir die doel van hierdie studie word die term “postmodernisme” gebruik soos dit deur teoloë in onlangse publikasies aangehaal word. Die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in die OVS het in Oktober 2000 in “Postmodernisme: ‘n kort beoordeling” die postmodernistiese tydsgees beskryf as “irrasioneel, onvas, onlogies en struktuurloos met geen ordelike samehang tussen dinge nie”. Dit kan beteken dat vastighede soos “één God en één waarheid” nie meer aanvaar word nie. Postmodernisme het ‘n element van dekonstruksie wat daartoe kan lei dat “die betekenis van Bybelse tekste oorgelaat word aan die interpreteerder”. Maar daarteenoor moet postmodernisme waardeer word as korrektief op die geslote en rasionalistiese wêreldbeeld van die modernisme. Postmodernisme bied aan die kerk die geleentheid om Christenskap weer te promoveer. Die woorde van die Duitse teoloog, Hans Küng, word in die artikel aangehaal: “Postmodernisme is vir die kerk geen verleentheid nie, maar ‘n geleentheid. ‘n Teken van hoop vir kerk en wêreld.” (Die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in die OVS, 2000. *Postmodernisme: ‘n kort beoordeling*). Steyn (2005:553) noem dit ‘n periode van “dekonstruksie, relativisme, voorlopigheid en gedurige verandering”.

Hoofdoel:

Om vas te stel hoe die orrel effektief benut kan word in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk.

Subdoelstellings:

- Om aan te toon hoe hedendaagse bedieningstyle die liturgie van eredienste in die NG Kerk beïnvloed.
- Om aan te toon wat die effek van hedendaagse bedieningstyle op die liturgiese musiek van die NG Kerk is.
- Om vas te stel wat die persepsie oor die gebruik van die orrel in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk is.
- Om aan te toon watter kennis en vaardighede 'n kerkorrelis nodig het om die orrel effektief in die hedendaagse eredienste van die NG Kerk te kan gebruik.

## 1.4 METODOLOGIE

Vir die inleiding van hoofstuk 1, asook hoofstukke 2 en 3, is daar gebruik gemaak van literatuurstudie. Dit is opmerklik dat daar in die bestaande literatuur na 1990 grotendeels eenstemmigheid in die NG Kerk is oor die noodsaaklikheid van vernuwing in die liturgie en liturgiese musiek. Daar is egter min literatuur beskikbaar oor die praktiese toepassing hiervan en bykans geen literatuur waarin die moontlikheid genoem word dat die orrel gebruik kan word wanneer informele of kontemporêre liedere gespeel word nie.

In hoofstuk 2 word die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgie van die NG Kerk bespreek. Hoofstuk 3 bespreek die invloed van hedendaagse bedieningstyle op liturgiese musiek.

Hoofstuk 4 bestaan uit navorsing waar daar vraelyste aan gemeentes van die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië gestuur is. Die keuse van watter gemeentes vraelyste moes kry, is gedoen aan die hand van die *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke* (2008). Die volledige prosedure word in hoofstuk 4 beskryf.

Volgens Verwey *et al.* (2005:16) se definisie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing bevat hierdie studie beide kwalitatiewe en kwantitatiewe elemente; kwantitatief in die sin dat die ontleding van statistieke by sekere vrae empiries en objektief is en kwalitatief waar die ontledings subjektief is en tot die formulering van neigings, afleidings en akademiese groeperings lei.

Die grootste deel van die vraelys (Bylaag A) wat bespreek word in hoofstuk 4 bestaan uit empiriese vrae waarvan die response deur numeriese analise in die vorm van grafieke weergegee is. Hierdie objektiewe vrae word afgewissel met vrae waar subjektiewe response kwalitatiewe kommentaar gee op die voorafgaande kwantitatiewe response.

Hoofstuk 5 is die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie, veral met verwysing na die navorsing wat in hoofstuk 4 verskyn.

## 1.5 OPSOMMING

Gedurende die afgelope 50 jaar het die liturgie en liturgiese musiek van die NG Kerk, en ook die internasionale gereformeerde kerke, radikaal verander. Tradisionele liturgiese musiek en sang, waar veral die orrel as eerste instrument gebruik is, word toenemend vervang met musiek van ’n ligter aard waar ’n *band* die rol van die orrel gedeeltelik oorneem en ’n verskeidenheid nuwe bedieningstyle gebruik word.

Die vraag ontstaan hoe die orrel effektief benut kan word in die liturgie en liturgiese musiek van die die hedendaagse NG Kerk. Om hierdie vraag te beantwoord word daar besin oor die kennis en vaardighede waaroor die hedendaagse orrelis moet beskik.

Om antwoorde vir bogenoemde vrae te bekom word daar in hierdie studie van literatuurstudie gebruik gemaak, asook die respons op vraelyste wat lei tot kwalitatiewe en ook kwantitatiewe inhoudsontleding.

Alhoewel daar telkemale verwys word na postmodernisme, is dit nie die doel van hierdie studie om die invloed van postmodernisme op die liturgie en liturgiese musiek van die NG Kerk volledig te bespreek nie.

# HOOFSTUK 2: LITURGIE VAN DIE HEDENDAAGSE EREDIENS IN DIE NG KERK

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die effek van die oorgang van die moderne tydperk na die postmoderne tydperk ten opsigte van die liturgie van die NG Kerk bestudeer. Volgens historici het die moderne tydperk gedurende die tweede helfte van die 16de eeu op die Middeleeue gevolg (Strydom, 1994:49). Postmodernisme volg modernisme op gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu (Vorster, 1996:68). So ‘n oorgang is ‘n geleidelike gebeurtenis wat oor ‘n aantal dekades die verskillende aspekte van die mensdom op verskeie maniere raak. Die NG Kerk se groot vernuwing, veral wat die liturgie en liturgiese musiek betref, word veral sigbaar gedurende die laaste paar dekades van die 20ste eeu.

## 2.2 PARADIGMAVERSKUIWING

Vanaf die einde van die 20ste eeu af het daar binne die NG Kerk ‘n paradigmaverskuiwing ten opsigte van liturgie en liturgiese musiek plaasgevind. Steyn (2005:557) huldig die mening dat die kansel “fisies ‘verskuifbaar’ geword [het] om plek te maak vir ‘n verhoog waar ‘n orkes kan optree. ‘n Tipe paring tussen die boeremusiekverlede van die Afrikaner met ‘n *gospel*-genre vind plaas en kry ‘n nuwe moderne gestalte in die liturgiese ruimte van sommige NG Kerkgeboue. ‘n Nuwe soort *entertainment* kultuur ontwikkel om (onbewustelik?) te kompeteer met DSTV, Ster Kinekor, Nu Metro en popkonserte – veral om ‘die jeug te behou’”. (Steyn, 2005:557) Ook in ander lande beleef die Evangelies Protestantse kerke liturgiese paradigmaverskuiwings. In die VSA skryf Wagner (2001): *“*We must ‘plug in’ our worship in to three power sources: the sound system, the Holy Spirit, and contemporary culture*”.*

## 2.3 DIE OORGANG VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME

Die eerste helfte van die 20ste eeu is gekenmerk deur modernistiese denke waar daar aan die mens se intellek en rede voorkeur gegee is. Geloof, godsdiens en die religieuse ervaring moes terugstaan vir dit wat rasioneel bewys en hanteer kon word. In ‘n modernistiese erediens is die prediking wat aan ‘n passiewe gehoor voorgedra word die belangrikste deel van die liturgie (Strauss, 2005:8-9).

Na die Tweede Wêreldoorlog het die postmodernistiese siening geleidelik ontwikkel omdat hierdie oorlog as die mislukking van die menslike intellek beleef is (Vorster, 1996:9). Die bestaan van geloof word weer aanvaar, en die mens se verlange na ‘n

religieuse ervaring word sterker. Godsdiens, en dus ook die Christendom, word toenemend beoefen. Formele en ook informele godsdiensgroepe brei uit, met sekere nuwe verwagtings van die Christendom. Paradigmaverskuiwings vind in die gevestigde kerke plaas, maar op só 'n manier dat die oue en die nuwe langs mekaar kan voortbestaan. Kerklidmate en ook nuwe bekeerlinge beweeg vryelik tussen gemeentes en kerkgroepe op soek na antwoorde en oplossings vir hulle vrae en behoeftes. Globalisering en veral die invloed van die media en massakommunikasie verhaas die veranderings wat in die kerk en in die samelewing plaasvind. Globalisering kan 'n gelykmakende effek hê, maar dit stel ook die indiwidu bekend aan ander kulture, tradisies, kerke en bedieningstyle sodat formalisme en tradisie-gebondenheid in die liturgie en liturgiese musiek bevraagteken word.

Van der Colf (1997:19-23) beweer dat die term ''postmodernisme'' (voetnota[2] verwys) moeilik gedefinieer kan word. ''Dit dra iets van die vorige tydvakke in hom maar is ook selfstandig. Dis 'n baie oop en […] eerlike aanvaarding van die hele groot werklikheid van die lewe in al sy fasette, in sy samehang, sy voortdurende verandering, sy dinamiese moontlikhede.'' Verder skryf hy dat die openheid wat eie is aan 'n postmoderne ingesteldheid goed korreleer met die universele karakter van die Bybel.

Volgens Vorster (1996:16-17) is gefundeerde vernuwing van kerklike bediening noodsaaklik. Die fokusgebied van 'n kerk in 'n hedendaagse konteks kan dus soos volg gestel word: "'n Nuwe waarde en oordeelsisteem moet ontwikkel word, institusionalisme en formalisme moet bestry word en kontekstualiteit en funksionaliteit moet bevorder word". (Vorster, 1996:17)

## 2.4 LITURGIESE OORSPRONG

Die NG Kerk in Suid-Afrika het sy ontstaan aan die volksplanting van die Nederlander Jan van Riebeeck te danke wat die Nederlandse kerk-erfenis met hom saamgebring het. Die invloed van die Franse Hugenote, die Britse setlaars, verskeie sendelinge en ander immigrante het tot gevolg dat die NG Kerk [3]'n unieke Afrikaanse liedereskat en liturgie ontwikkel (Campbell, 2013:2-3).

Die algemeen-aanvaarde liturgie van die 20ste eeu het gegroei vanuit die Ou Testamentiese tempeldiens (waar sang en musiek 'n belangrike rol gespeel het), die sinagogediens (wat veral na die Babiloniese ballingskap ontwikkel het) en die vroeë

[3] In 1842 is die naam van die Nederlandse kerk in Suid-Afrika amptelik vasgestel as die "Nederduitse Gereformeerde Kerk" (Scholtz, 1956:11).

samekomste van die Christene (Ingelse *et al.*, 1995:11-22). Die vormgewing van liturgie deur die eeue hang nou saam met die kerkgeskiedenis, waar die Christenkerk die Roomse staatskerk geword het en wat uiteindelik sou uitloop op die Reformasie van veral Luther, Zwingli en Calvyn (Smelik *et al.*, 1995:25-36).

## 2.5 LITURGIESE ORDE

Volgens Müller (1990:53) is dit noodsaaklik dat die liturgiese orde weldeurdag moet wees en op ‘n suiwer teologiese grondslag rus. Hy stel dat die volgende ses “hoekstene” ononderhandelbaar in die volgende bepaalde volgorde neergelê moet word. Die boustene kan afgewissel en aangepas word soos nodig.

Tabel 1: Müller se hoek- en boustene vir die liturgie

| Hoekstene | Boustene |
|---|---|
| 1. DIE AANVANG EN GROET | 1.1 Voorbereiding<br>1.2 Votum<br>1.3 Seëngroet<br>1.4 Lied |
| 2. VEROOTMOEDIGING EN VRYSPRAAK | 2.1 Skuldbelydenis<br>2.2 Vryspraak<br>2.3 Lofliedere<br>2.4 Wet |
| 3. PREDIKING | 3.1 Gebed (epiklese)<br>3.2 Skriflesing<br>3.3 Die preek |
| 4. SAKRAMENTE | 4.1 Doop<br>4.2 Nagmaal |
| 5. ANTWOORD | 5.1 Geloofsbelydenis<br>5.2 Gebed<br>5.3 Offergawes<br>5.4 Antwoordlied |
| 6. WEGSENDING | 6.1 Seën<br>(Aankondiginge) |

Bogenoemde skematiese voorstelling van die tradisionele liturgie in die NG Kerk vorm slegs die basis van die liturgie van die postmoderne NG Kerk. Müller skryf (1990:55):

> Kerklike liturgiese voorskrifte mag […] nie verder gaan as die aanstip van die kritiese grense of die hoekstene nie. Oor die res, die boustene, moet slegs wenke of riglyne gegee word. Dit sal verseker dat elke gemeente op 'n unieke en kreatiewe wyse binne die gegewe hoekstene kan bou aan 'n eie liturgie. […] Wanneer voorskriftelikheid te ver gevoer word, tree formalisme en doodsheid in die liturgie in; wanneer onordelikheid aan die ander kant hoogty vier, veroorsaak dit onsekerheid en geloofsvervlakking. (Müller, 1990:55)

Müller se stelling oor liturgiese hoekstene is tans egter nie meer volledig geldig nie. Carstens (2006:1) skryf dat volgens die besluit van die Algemene Sinode in 1990 die gemeentes meer liturgiese vryheid kan gebruik. Campbell[4] (2013:150) het in sy onlangse navorsing in missionale gemeentes bevind dat by die gemeentes wat deel was van sy ondersoek, daar 'n duidelike beweging weg was van 'n formalistiese liturgie na buigbaarheid en kreatiwiteit in die liturgie. Al die deelnemende gemeentes van sy studie het genoem dat hulle kreatiewe variasie (en selfs weglating) van liturgiese elemente die dinamiese aard van liturgie benadruk het.

## 2.6 LITURGIESE VERNUWING IN DIE NG KERK

Die gees van postmodernisme het die tradisionele NG Kerk se klem op kerkordes, kontrole, absolute waardes, programme en organisasiemetodes irrelevant gemaak. In die hedendaagse NG Kerk word lidmate al meer toegelaat om "demokraties" te dink; die kerk is 'n lewende organisme met nadruk op selgroepe en netwerke, en teologie is nie net die besit van hoogsopgeleide teoloë nie. Niemandt (2007:24) skryf dat postmodernisme alles oorweeg en ondersoek: "Daar is geen teorieë of filosofieë of veronderstellings wat die soeklig van postmoderne dekonstruksie vryspring nie".

Gevolglik word liturgiese vernuwing onafwendbaar. Liturgie word nou gesien as veel meer as die diensorde of liturgiese orde; dit sluit die totale aktiwiteite van die gemeente tydens 'n erediens in. Voorsiening word gemaak vir die verskillende spiritualiteite van die gemeentelede. "Ware liturgie is altyd liturgie vir en van mense – nie mense in die algemeen nie, maar bepaalde mense van 'n sekere tyd en plek". (Müller, 1990:55)

Van die laaste dekades van die twintigste eeu af het liturgiese vernuwing in die NG Kerk en sy gemeentes vinnig toegeneem (Steyn, 2006:661-676). Die uniekheid van die verskillende gemeentes word weerspieël in die liturgie van die eredienste. Sommige

[4] Campbell het gedurende 2004-2009 'n ondersoek gedoen in die teologiese paradigmaskuif (na missie) wat vanaf 2002 in die NG Kerk plaasgevind het en die uitwerking daarvan op liturgie en musiek binne die erediens.

gemeentes se liturgie sou gemaklik pas in die eredienste van die 1980's. Ander gemeentes se liturgie het ver verwyderd geraak van die tradisionele, veral as gevolg van die postmodernistiese denkwyses waaruit die verskillende spiritualiteite en aanbiddingstyle vloei. Die tradisionele liturgiese basis word in die postmoderne era aangepas om by die verskillende aanbiddingstyle te pas. Vermeulen (2012:4-5) verwys na Ware[5] en onderskei vier verskillende soorte eredienste om die verskillende spiritualiteitstipes te akkommodeer: tradisionele-, kontemporêre-, meditatiewe- en *blended* eredienste. Daarvoor is eiesoortige liturgië en ook liturgiese musiek nodig, wat nie staties is nie maar voortdurend reformeer; dit het tot gevolg dat die tradisionele liturgiese orde dikwels nie meer gehandhaaf word nie.

Volgens Kloppers (2002:29) neig die huidige tendense in die erediens om die lidmate verward en onseker te stem. Lidmate weet dikwels nie wat die rigting en afloop van die erediens gaan wees nie; eindelose eksperimentering vind plaas, "eenheid, binding, sentrum en struktuur ontbreek; geen oorhoofse en oorkoepelende temas bestaan nie", musiek en tekste word lukraak bymekaar gegooi en die erediens word "mass-entertainment". (Kloppers, 2002:29) So 'n onverantwoordbare liturgie is onaanvaarbaar vir die gemeente wat erns maak met sy erediens. Webber (2004:182) stel dat:

> The content of worship is inseparable from its structure or order. The structure of worship is not a program or a presentation of the Christian story, nor is it the manipulation of emotions into a fleeting experience of feeling good. […] The biblical order of worship itself brings us into the presence of the transcendent God. (Webber, 2004:182)

In teenstelling met die dekonstruksie en eksperimentering van die afgelope jare wat hierbo deur Niemandt (2007:24) en Kloppers (2002:29) voorgehou word, blyk dit dat liturgiese orde inherent deel is van ware aanbidding. Van der Colf (1987:5) bepleit dat 'n betekenisvolle gang van die erediens behou word om aan die gemeente 'n gevoel van tuis-wees te verseker. Schelt (1996:67) som dit op deur te sê dat hierdie orde (wat ook die musiek insluit) die persoonlikheid van God moet reflekteer. Dit moet dus so saamgestel word dat daar 'n vloeiende, persoonlike interaksie plaasvind tussen God en die mens (Schelt, 1996:67). Hierdie interaksie is ook noodsaaklik in die hedendaagse aanbiddingstyle wat hieronder bespreek word.

[5] Sien Ware, C. 1995. *Discover your Spiritual Type: A Guide to Individual and Congregational Growth*. New York: Alban Institute vir verdere inligting aangaande spiritualiteitstipes.

## 2.7 HEDENDAAGSE AANBIDDINGSTYLE

Die huidige vyf groot bewegings in die NG Kerk, volgens Steyn (2006:661-676), vereis eiesoortige gemeentes, met spesifieke eienskappe in die gemeentes se eredienste en samestelling. Omdat lidmate nou vryheid het ten opsigte van lidmaatskap van 'n spesifieke gemeente, is dit moontlik dat lidmate van en na gemeentes kan beweeg om uiteindelik by 'n gemeente in te skakel wat voldoen aan lidmate se besondere behoeftes. Steyn beskryf hierdie bewegings as die volgende:

- Tradisionalistiese sirkel: "Ek beskerm my identiteit, daarom glo ek." Die tradisionele hoofstroom van die NG Kerk se denke, patrone en gewoontes bly voortbestaan, maar ontwikkel soms ook 'n oordrewe tipe tradisionalisme. Hierdie gemeentes bestaan dikwels hoofsaaklik uit lidmate van die sg. *silent generation*, ouer as 50 jaar (Steyn, 2006:661-676). 'n Gemeente waarvan die lidmate 'n gemiddelde ouderdom van meer as 50 jaar het sal waarskynlik 'n krimpende lidmaattal hê, tensy die bedieningstyl aantreklik gemaak word vir 'n jonger generasie en die gemeente jonger mense kan betrek by die eredienste.

- Charismatiese beweging: "Ek ervaar, daarom glo ek".

  Lidmate met Charismatiese behoeftes voel hier tuis – die grenslyne tussen sekere NG Kerk-gemeentes en die charismatiese kerkgroepe het vervaag. Persoonlike ervaring is soms die belangrikste element van die erediens. Hierdie beweging is veral gewild onder lidmate van die sg. X-generasie – 15-35 jariges (Steyn, 2006:661-676). Die musiekstyl van hierdie beweging berus merendeels op sentimentele, oppervlakkige liedere met begeleiding deur 'n *band*. Meer volwasse lidmate mag uiteindelik wil wegbeweeg van hierdie aanbiddingstyl.

- Rasionalistiese beweging: "Ek verstaan (nie), daarom glo ek (nie)".

  Die onlangse ontwikkeling van hierdie beweging pas die behoeftes van die meer rasionalistiese of intellektuele lidmate. Dit het ontstaan as teenreaksie teen die tradisionalisme (gesien as huigelary) en die charismatiese (gesien as emosionele manipulasie). Historiese geloofsbesit soos die Bybel, belydenisstukke en liturgiese praktyke word bevraagteken. Die lidmate wat hier tuis voel is dikwels deel van die sg. *Boomers* (35-55 jariges), asook *yuppies* en *intelligentsia* uit ander vakgebiede (Steyn, 2006:661-676). Die liturgiese musiek van so 'n bedieningstyl sal waarskynlik tradisionalisme en ook emosionalisme vermy.

- Mistiese beweging: "Ek beleef, daarom glo ek". (Neo-ortodoksie)

  Waar die charismatiese beweging se gevoelsaspek ekstrovert en groepsverbonde is, is die mistiese beweging hoofsaaklik introvert en individualisties. Hierdie lidmate

(dikwels ouer as 50 jaar) het 'n voorkeur vir meditasie, gebed, simboliek, en eeue-oue himnes soos Gregoriaanse *chants* (Steyn, 2006:661-676). Meditatiewe dienste maak veral gebruik van musiek op CD's en liedere soos dié van die Taizé-gemeenskap, terwyl die brand van kerse en ook tye van stilte meewerk aan die mistiese aard van hierdie dienste.

- Sinkretistiese beweging: "Ek ontwerp self, daarom glo ek".

  Hierdie beweging staan direk teenoor mistisisme, en steun sterk op postmoderne denke en eienskappe. Dit is gebore uit postmodernisme en die *New Age*-beweging, en aanbid 'n algemene godheid wat saamgestel is uit verskillende godsdienste, filosofieë en ideologieë. Hierdie lidmate is hoofsaaklik uit die sg. millennium-generasie en die *yuppie*-kultuur, waar die wêreld as *global village*, die nuutste tegnologie, eietydse sosiale vraagstukke en 'n nuwe kultuursensitiwiteit belangrik is (Steyn, 2006:661-676). Waar lidmate nie spesifiek in God as Vader, Seun en Heilige Gees glo nie, sal kerkbywoning van die NG Kerk en sy liturgie en liturgiese musiek waarskynlik buite die ervaringsveld van hierdie persone val.

Gedurende die afgelope aantal jare het 'n aantal gemeentes van die NG Kerk aanbeweeg na 'n oortuiging van gestuurde gemeentes of missionale gemeentes. Campbell (2013:150) het in sy studie van 'n groep van hierdie gemeentes aangedui dat die klem binne sulke gemeentes nie soseer val op die verskille tussen lidmate nie, maar dat daar binne 'n erediens ruimte gelaat word vir verskillende bedieningstyle om alle lidmate te akkomodeer.

## 2.8 DIE HEDENDAAGSE LIDMAAT

Die hedendaagse lidmaat van die NG Kerk kom vanuit 'n era waar die kerk en sy amptenare gesag gehad het. Daar was talle sinodale voorskrifte oor 'n verskeidenheid van onderwerpe, o.a. die liturgie en liturgiese musiek, wat deur gemeentes gehoorsaam is. Gedurende die afgelope dekades het sommige lidmate in opstand gekom teen die voorskriftelikheid van die kerk en 'n (stille) revolusie en gepaardgaande vernuwing het ontstaan. Volgens Joubert (2007:9) is lidmate sedert die 1990's deur 'n kultuurskok getref wat veroorsaak het dat hulle nie meer behoorlik kon sin maak van nuwe ervarings, gebeure, instellings, mense en opvattings waaraan hulle voortdurend blootgestel is nie. "Die verstaansraamwerke waarmee jy grootgeword en wat gerieflike antwoorde op al die groot lewensvrae gebied het, [bied] skielik nie meer voldoende verklarings [...] vir dít wat jy elke dag beleef nie." (Joubert, 2007:9)

Steyn (2005:553) skryf die volgende oor die effek van postmodernisme op die lidmate van die NG Kerk:

> Na die tydperk van modernisme waar konstruksie, feite, verifieerbaarheid en rasionaliteit hoogbloei gevier het – en die NG Kerk ook binne die vastigheid van Algemene Sinodale uitsprake, eenvormigheid in die erediens en algemeen-aanvaarde geloofstellings geopereer het – vind die NG Kerk homself skielik in die dryfsand van die postmoderne tyd. Skielik is hy midde-in dekonstruksie, relativisme, voorlopigheid, en gedurige verandering. Geen grense en lyne is meer vas nie, vaste strukture het plooibaar geword en ruimte het ontstaan vir verskillende interpretasies wat naas mekaar bestaan. (Steyn, 2005:553)

Joubert (2007:9) beweer dat die postmoderne lidmaat nie meer tevrede is om passief na leraars en die kerk te luister nie, maar het 'n behoefte om self te dink en doen en betrokke te raak in gemeentes en gemeenskappe. Volgens Warren (2005:251) vra postmodernisme van 'n lidmaat om betrokke te wees by en in 'n gemeente omdat lidmate 'n gevoel van eienaarskap van die gemeente het. Lidmaatskap van 'n gemeente is 'n handeling wat dui op 'n verbintenis. Vir Paulus het lidmaatskap van die kerk beteken dat jy 'n onmisbare orgaan van 'n lewende liggaam word - in Romeine 12:4-5 staan "Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar". Aan die een kant kan 'n soeke na 'n nuwe kerk veroorsaak dat 'n persoon nie waarlik by enige kerk inskakel en daarvan lidmaat word nie; aan die ander kant is gemeentes doelgerig besig om lidmate in te trek om aktief en permanent deel van die liggaam van Christus te word.

Die ruimte waarin 'n erediens plaasvind is belangrik, nie omdat dit 'n heilige gebou sou wees nie, maar omdat erediensgangers voorberei moet word op 'n ontmoeting met God. Niemandt (2007:116) skryf dat wanneer gelowiges besef dat 'n erediens 'n kragtige manier van evangelisasie is, 'n futlose diens net nie meer goed genoeg is nie. "Die mense van ons tyd smag om iets van die teenwoordigheid van die lewende God te ervaar. Dit vra nuwe denke waar ons wegbeweeg van 'n toeskouermentaliteit na eredienste waar almal kan deelneem aan die viering van God se genade." (Niemandt, 2007:116)

## 2.9 OPSOMMING

Die liturgie van die NG Kerk in die 20ste eeu het vanuit die vroegste kerkgeskiedenis ontwikkel waar sang en instrumentale musiek 'n belangrike rol gespeel het. Die vormgewing deur die eeue het uiteindelik saam met die Nederlanders na die Kaap gekom waar die invloed van ondermeer die Franse Hugenote, Britse setlaars en 'n verskeidenheid ander immigrante bygedra het tot die unieke liturgie en liturgiese musiek van die NG Kerk.

Die postmoderne liturgie het na die Tweede Wêreldoorlog in die NG Kerk as uitvloeisel van die algemene oorgang van die moderne tydperk na die postmoderne tydperk ontwikkel. Postmoderniteit is nie voorskriftelik nie. Die NG Kerk het wel 'n basiese liturgiese raamwerk of hoekstene, maar is nie rigied wat die inkleding daarvan betref nie. Hierdie raamwerk gee aan lidmate 'n gevoel van sekuriteit wat 'n erediens vir hulle 'n bekende ervaring maak.

Daar het 'n paradigmaverskuiwing plaasgevind wat die liturgie en liturgiese musiek betref en het liturgiese vernuwing genoodsaak. Dit lei dikwels na meningsverskille en *worship wars* in gemeentes aangaande die behoud van die kultuurerfenis teenoor stylintegrasie. Dit raak veral die gebruik van die orrel in hedendaagse eredienste. Sinodale beheer oor liturgie en liturgiese musiek het vervaag en die gemeentes maak toenemend gebruik van verskillende spiritualiteitstipes wat voldoen aan die gemeente se spesifieke behoeftes.

In hierdie hoofstuk is die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgie van die NG Kerk bespreek. In hoofstuk 3 word die liturgiese musiek in die eredienste van die hedendaagse NG Kerk van nader beskou.

# HOOFSTUK 3: LITURGIESE MUSIEK IN DIE HEDENDAAGSE EREDIENS VAN DIE NG KERK

## 3.1 INLEIDING

Liturgiese musiek is alle musiek wat tydens 'n erediens gebruik word en omsluit dus instrumentale musiek asook liturgiese sang. Kennel (2006:13) meen dat funksionele erediensmusiek nie net ter wille van musiek self gebruik mag word nie, maar dat dit deel moet vorm van die samehang van die erediens en sodoende funksioneel moet wees vir al die erediensgangers. Kruger (2002:33-41) skryf dat liturgiese musiek kerugmaties, koinoniaal en liturgies moet wees.

Volgens Müller (1990:36) is deelname aan sang en musiek 'n natuurlike aksie van menslike kommunikasie en die basis van die mens se lofuiting. Dit is egter nie net 'n uitdrukking van geloof nie maar ook 'n integrale vorm van sosio-kulturele kommunikasie. Kruger (2007a: 653) toon aan dat die kerklied die belangrikste manier van deelname aan die liturgie is; die kerklied is ook die primêre middel tot gesamentlike aanbidding. Vir die postmoderne erediens is dit dus van kardinale belang dat nuwe liturgiese musiek gebruik word om aan die veranderende behoeftes van die lidmate te voldoen, sonder om 'n gedeelte van die gemeente te vervreem.

Lovelace en Rice (1976:200-203) waarsku teen die gevaar dat hedendaagse liturgiese musiek die gemeente kan skeur:

> There is always the danger of widening the generation gap through polarizing a congregation into those who dig it and those who hate it. Creating a jazz or rock or folk service for the young people, and another for the old folks is hardly the way to build up the body of Christ, which is the Church. Real liturgical music – that is, the work of the congregation – must be capable of gaining and retaining meaning after repeated use. (Lovelace & Rice, 1976:200-203)

Daar is meningsverskille oor die gebruik van die orrel in postmoderne eredienste. Strydom (1994:375) beweer dat die orrel vanuit 'n "historiese, estetiese en liturgies-funksionele hoek gesien", die mees geskikte instrument is om tydens eredienste te gebruik. Dit moet die liturgiese inhoud en bedoeling van 'n spesifieke erediens beklemtoon. Müller (1990:38) skryf dat die orrel verkies word vir gemeentesang omdat dit die sang ten beste kan voorgaan en begelei om enige stemming suksesvol te skep. Steinmann (1996:18) voer aan dat die pyporrel met sy besondere klank en toonsterkte die vermoë het om 'n groep mense saam te bind, ongelykhede van stemme en

stemgebreke te neutraliseer, uitstaande en steurende kwaliteite uit te skakel en sentimentele gevoelsuitinge te verberg.

Plaaslike en oorsese voorstanders van kontemporêre musiek voel dat die orrel en die tradisionele kerkmusiek glad nie meer ‘n plek in die postmoderne kerk het nie. So skryf Warren (2005:232) van die Saddleback[6]-gemeente in die VSA dat die orrel vervang moet word met ‘n MIDI[7]-klawerbord en ‘n aantal MIDI-rekenaarskywe. Sy gemeente se musiekstyl beskryf hy as pop/rock, wat gebruik word omdat dit (volgens Warren, 2005:228) die eerste universele musiekstyl was. Daarteenoor skryf Keller (2001) dat die verwerping van tradisionele liturgiese musiek nie gewens is nie. Hy sê verder:

> Wanneer ons die historiese tradisie ignoreer, verbreek ons die solidariteit met Christene van die verlede. […] ‘n Onwilligheid om tradisie te behou is nie in pas met Christelike nederigheid of met Christelike gemeenskap nie. Dit is ook nie in voeling met die postmoderne vraag na gewortelheid en identiteit nie. (Keller, 2001)

## 3.2 SINODALE VOORSKRIFTE

In die besluiteregister van die Algemene Sinode van 1994 word die volgende gestel: “Die finale goedkeuring en ingebruikstelling van die ou, hersiene en nuwe liedere kan alleen geskied deur die Algemene Kommissie vir die Erediens” (AKE) (Carstens, 2006:10). Hier het die sinode dus nog die absolute alleenreg gehad om te besluit oor die liturgiese liedere wat tydens eredienste van die NG Kerk gesing is. Net 12 jaar later,in 2006, skryf Grové (2006:24): “Vroeëre outoriteite, soos Sinodale ‘riglyne’ (sien sinodale besluiteregisters van bv. 1994 en 2006), of instansies soos kerkmusiekkommissies, het skynbaar alle aansprake op gesag verloor”. ‘n Aantal NG Kerk-gemeentes het wegbeweeg van tradisionele eredienste (waar slegs *Liedboek*-liedere gesing is) en gebruik nou, benewens die orrel, ook ‘n informele orkes met voorsangers, met repertorium wat hoofsaaklik bestaan uit informele, kontemporêre liedere van eie keuse. (Grové, 2006:24)

---

[6] Rick Warren is die stigter en senior pastor van Saddleback-gemeente in Orange County, Kalifornië, een van die grootste kerke in die VSA. Hy is die skrywer van die topverkoper *The Purpose-Driven Life*, en stigter van Pastors.com, ‘n wêreldwye internetgemeenskap wat mense in die bediening toerus en mentor.

[7] MIDI = *Musical Instrument Digital Interface*. Dit is die internasionale standaard vir digitale kommunikasie van elektroniese musikale instrumentale data.

## 3.3 VERNUWING VAN LITURGIESE MUSIEK

Liturgiese musiek bestaan uit instrumentale musiek en ook vokale musiek: gemeentesang, solo's, sang van 'n kantory of musiekbedieningsgroep en ook koorsang. Lovelace en Rice (1976:14,200-203) noem die huidige era van kerkmusiek 'n tyd van "emotion, commotion and promotion". Hulle skryf dat alles wat nuut en gewild is soms aanvaar word om die aanhangers van dit wat nuut is tevrede te stel. Maar die kerkmusici kan maklik swig voor die versoeking om alles wat nuut is te verwerp, juis omdat die nuwe dan ook onbekend is. Kruger (2005:3) verwys na die besorgdheid van baie SAKOV[8]-lede aangaande die (soms) eksperimentele en amateuragtige veranderings in die naam van "vernuwing". Sommige predikante glo dat hierdie nuwe musiek die manier is om kerke weer vol te kry[9]. In die proses van vervlakking en verarming word 'n groot deel van die kerkmusiekerfenis van die Christelike kerk verloor.

Grové (2006:24) sê dat die moderne krisisse van die Afrikaanse kerkgemeenskap met meer eietydse musikale middele bedien moet word. Hy skryf:

> Dit is hierdie kommunikatiewe sy wat tereg deur die voorstaanders van 'n musikale vernuwing beklemtoon word, en wat sou lei tot 'n liedkorpus wat sterker samehang toon met die algemeen-toeganklike populêre musieksfeer van ons tyd, as met die tradisie. Dit moet egter beklemtoon word dat die *beginsel* van vernuwing nie onder verdenking mag wees nie, maar wel die *realisering* daarvan in die praktyk, waarmee saamhang die definisie van wat as 'eietyds' kan/moet geld. (Grové, 2006:24)

Kruger (2007b:23) skryf dat die aard en doel van kerkmusiek dringend volgens drie beginsels geherevalueer moet word:

- Kulturele sensitiwiteit wat tot gevolg het dat daar binne 'n spesifieke kulturele groep ware Bybelse aanbidding moontlik gemaak word.
- Liefdevolle verdraagsaamheid wat lei na wedersydse respek en aanvaarding.
- Die strewe na uitnemendheid wat veroorsaak dat standaarde verhef word.

Vernuwing beteken nie noodwendig dat die tradisionele nie meer gebruik word nie. Volgens Grové (s.a.:21-22) kom dit nie daarop neer dat vernuwing uitsluitlik deur eksterne toevoegings/vervangings plaasvind nie, maar dat ouer musikale tradisies opnuut waardeer en geposisioneer kan word.

---

[8] Suider-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging

[9] Sien o.a. Huisamen, E. 1997. *Kom ons sing die kerk weer vol.* Kaapstad: Lux Verbi

## 3.4 DIE ORREL EN DIE NG KERK SE HISTORIESE ERFENIS

Die historiese erfenis van die NG Kerk, wat liturgiese musiek betref, is gebaseer op die gebruik van die orrel in Europa en veral in Nederland. Deur die Reformasie en daarná was die orrel telkemale uit die kerk verban om later weer in gebruik gestel te word. Die orrel is mettertyd aanvaar as die instrument van voorkeur vir begeleiding van gemeentesang (Ingelse, *et al*., 1995:49-59) en ook vir ander instrumentale liturgiese musiek. Gedurende die eerste eeu van orrelmusiek in die Afrikaanse gereformeerde eredienste was die Britse en Amerikaanse salonmusiek en *voluntaries* baie gewild. Vanaf die 1950's het die orrelmusiek van veral Duitsland en Nederland 'n groter rol begin speel in die dienste van die NG Kerk, hoofsaaklik as gevolg van direkte kontak daarmee deur orreliste se buitelandse studie.

## 3.5 DIE ORRELIS EN LITURGIESE VERNUWING

Die erkenning en aanvaarding dat daar in 'n postmoderne kerk verskillende spiritualiteitstipes sal bestaan wat verskeie soorte eredienste (Vermeulen, 2011:105-107) met verskillende liturgieë en liturgiese musiek verlang, het groter rustigheid in die kerklike kringe van die NG Kerk gebring. Postmodernisme gee aan gemeentes die ruimte om te mag verskil van ander gemeentes wat liturgie en liturgiese musiek betref en om ook eredienste met verskillende spiritualiteite aan te bied. Dit is die verantwoordelikheid van die orrelis of musiekleier om musikale leiding te neem om, met of sonder 'n ondersteunende musiekbedieningsgroep, die liturgiese musiek van die gemeente volgens die verskillende spiritualiteitstipes te laat funksioneer. Jankowitz (2006:33) dui aan dat dit vir die musiekleier belangrik is om "gemeentelede te lei om ruimte te skep vir die verskeidenheid binne hulle geledere". Hierdie pluraliteit van die gemeente moet in aanmerking geneem word by die keuse van liedere en instrumentale musiek vir die erediens.

Die liturgiese musiek moet voldoen aan die vereistes van die verskillende aspekte van spiritualiteit. Van der Colf (1997:21) voer aan dat die postmoderne lidmaat in homself elemente van die premoderne, moderne en ook postmoderne mens het. Hierdie elemente is nie konstant nie, en kan wissel van Sondag tot Sondag. Hy stel voor dat die kerk 'n variasie van style vir liedere gebruik wat musiek en liriek betref omdat geen kerk homself durf afgrens in net een kamp nie. Die kerk van Christus met sy ewigheidskarakter is in die unieke posisie dat hy die gang van tyd kan waarneem en evalueer. Só kan hy ook koers gee aan die gelowiges oor liturgiese musiek (Van der Colf, 1997:21).

Volgens Vermeulen (2011:105-107) se verduideliking van die liturgie en liturgiese musiek van die verskillende spiritualiteitstipes kan daar kortliks die volgende van die orrelis verwag word:

- Klassieke erediens: Die tradisionele erediens van die NG Kerk waar gemeentesang as antwoord op God se boodskap aan sy volk geskied. Die klem word gelê op gemeentesang en nie op soliste nie. Die orrel sal hier waarskynlik as primêre liturgiese instrument gebruik word en aangevul word met simfoniese instrumente.
- Kontemporêre diens: Die voorsanger en *band* speel ‘n belangrike rol in die liturgie en die voorsanger/musiekleier is net so belangrik as die prediker. Die orrel word as ouderwets beskou en sal meesal nie gebruik word nie.
- Meditatiewe erediens: Atmosfeer en eenvoud is hier belangrik. ‘n Sensitiewe orrelis kan so ‘n diens behartig. Die tradisionele orrelspel en sangbegeleiding sal aangepas word vir ‘n liturgie en liturgiese musiek in ‘n meditatiewe styl.
- *Blended* erediens: ‘n Wye verskeidenheid van musiekstyle word gebruik, van tradisioneel tot kontemporêr. Samewerking/afwisseling tussen orrel, klavier, *keyboard* of *band* sal meesal hier verwag word.

Hierdie siening van Vermeulen word bevestig deur navorsing in hoofstuk 4 en word bespreek in hoofstuk 5.

Waar die *worship wars* in sommige gemeentes nog verdeeldheid skep, beweeg ander gemeentes aan na ander fokuspunte soos missionaliteit. Missionale gemeentes pas reeds die verskillende spiritualiteitstipes toe sodat hulle ten volle kan fokus op ware kerkwees. Campbell (2013:51-52) wys daarop dat wanneer die *missio Dei* beginsel toegepas word in die kerk, God die fokuspunt en hoofdoel van aanbidding [dus ook liturgiese musiek] en liturgie is. Indien God teenwoordig is in ons, en as Skepper gesien word, is God ook teenwoordig in die liturgie en is die liturgie gestroop van verdeeldheid en twispunte (Campbell, 2013:51-52).

Die postmoderne gemeente vra ‘n hele nuwe profiel van die orrelis om aan die vereistes van die eredienste te voldoen. As mede-liturg behoort die opgeleide orrelis ‘n grondige kennis van musiekteorie, harmonie en kontrapunt te hê, asook gemaklik te kan bladlees, verwerkings doen, improviseer, transponeer, van gehoor af speel, en natuurlik tegnies vaardig wees met orrelspel (Lovelace & Rice, 1976:74-75).

Hedendaagse liturgiese musiek stel nog verdere vereistes wat hoofsaaklik te doen het met die gemeente se gebruik van informele of kontemporêre liturgiese musiek. Olivier (2009) skryf die volgende:

> Praktiserende orreliste [word] gereeld opgeroep tot voortgesette opleiding en die opskerping van kennis oor nagenoeg alle fasette van

> hulle werk. Van oral oor word aansprake gemaak op die veelsydigheid waaroor die hedendaagse kerkorrelis in ‘n veranderende kerkmusiekwêreld moet beskik. Orreliste moet nou ook in byderwetse maniere op die klavier kan begelei en verwerkings vir ‘n wye verskeidenheid instrumentkombinasies as’t ware uit die mou kan skud. Onwillekeurig kom die wekroep “van Bach tot die Beatles” by ‘n mens op (Olivier, 2009).

Die bereidwilligheid van die orrelis om verskillende musiekstyle baas te raak en te gebruik is, veral met die nuwe spiritualiteitstipes, van kardinale belang. Waar die orrelis in ‘n gees van nederigheid bereid is om te leer van ander lidmate, en veral die gemeente se jeug, kan wedersydse problematiese persepsies uit die weg geruim word.

Lovelace en Rice (1976:71) stel dat alhoewel die tegniese vaardigheid van ‘n orrelis baie belangrik is, die persoonlike kwalifikasies dikwels in die opleiding en voorbereiding van studente oorgesien word. Die kerk het die volste reg om te verwag dat ‘n orrelis ‘n goeie musikant moet wees. Indien dit egter al is wat die orrelis is kan dit lei tot onmin en onenigheid in die musiekbediening van ‘n gemeente. ‘n Orrelis moet ook beskik oor selfdissipline, leergierigheid, aanpasbaarheid, samewerking, betroubaarheid, emosionele volwassenheid en moet veral ‘n toegewyde Christen wees (Lovelace & Rice, 1976:71).

## 3.6 DIE ORRELIS EN BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG

Steinmann (1996:17-19) skryf dat die aard, atmosfeer en bedoeling van elke erediens die karakter van die liturgiese musiek en die begeleiding van gemeentesang sal bepaal. Omdat die erediens ‘n tweegesprek tussen God en die gemeente is, moet die musiek hierdie gesprek intensiveer en in geen mate afbreuk doen daaraan nie. Die begeleiding van gemeentesang is tradisioneel die belangrikste funksie van ‘n orrelis. De Vries (2013:20) gee ‘n sterk uitspraak oor die belangrikheid van liturgiese sang in die erediens:

> In de kerkdienst kun je alles weglaten, en misschien wel de preek als eerste. Maar als het zingen ophoudt, dan is het afgelopen. Het is het laatste redmiddel van de kerk. Als we het allemaal niet meer weten met elkaar, dan kunnen we nog altijd samen zingen.

Kreatiewe sangbegeleiding kan die gemeente aanspoor om met entoesiasme deel te neem aan die gemeentesang. Deur die verskillende strofes (al is dit net in die gedagte) saam te sing, kan die orrelis let op elke strofe se frasering, stemming, klankkleur, toonsterkte en harmonisasie (Heyns, 1998:20). Die inleiding tot ‘n lied verdien noukeurige beplanning. Wood (1997) skryf dat bekende liedere nuut kan klink wanneer die inleiding vars en kreatief is. Kleurvolle harmonieë genereer lewendigheid; ritmiese

voortstuwing of 'n pedaalpunt sal die gemeente met entoesiasme laat sing. Reed (*s.a.*, soos aangehaal deur Sacred Music Press) skryf:

> A poor organist will make of hymn playing a commonplace thing. A good organist will challenge the intelligent interest of the congregation and charge its hymn singing with thought and feeling.

Verder kan die orrelis ook gebruik maak van die Engelse kerke se voorliefde om die laaste vers van 'n lied spesiale waarde te gee deur die harmonisasie en timbre te verander en ook nog 'n uitgebreide naspel te speel. Goeie voorbeelde hiervan kan gevind word in Rawsthorne se *400 Last Verses*.

Die orrelis se insette met betrekking tot begeleiding van gemeentesang is van die grootste belang om 'n spesifieke lied se volle potensiaal te ontsluit.

> Orrelbegeleiding is deur die eeue 'n goed en beproefde, gekeurde ondersteuning van liturgiese sang. As dit met gevoel en aanvoeling deur 'n goed opgeleide orrelis geskied, is die musiek 'vergeselskap' van die sangteks. En dan is die woordtaal, musiektaal en liggaamstaal van die liggaam van Christus geïntegreer in 'n lieflike lofoffer (Bingle, 2005:21).

Die gebruik van hedendaagse *Praise and Worship* of *Gospel*-musiek lei na 'n gedaanteverwisseling in die keuse en uitvoering van die verskillende gemeentes se liturgiese musiek, asook die begeleiding van alternatiewe liedere.[10] Hierdie liedere is hoofsaaklik kontemporêr. Dit is aanvanklik gepubliseer met akkoordaanduidings vir vrye begeleiding deur klavier, *keyboard* en/of kitaar, en is in hierdie vorm minder geskik vir orrelbegeleiding. (Vgl. die NG Kerk se aanlynsangbundel "FLAM"[11] sedert 2002). Tans word daar toenemend ook begeleidings vir orrel beskikbaar gestel sodat die orrel, met entoesiastiese inisiatiewe van die orrelis, die alternatiewe liedere effektief kan begelei.

## 3.7 INSTRUMENTALE LITURGIESE KERKMUSIEK

In hoofstuk 1-2 is die redes vir die vernuwing wat tans in die liturgie van die postmoderne NG Kerk plaasvind, bespreek. Die liturgie beweeg egter nie onafhanklik van die instrumentale liturgiese musiek en kerklied nie omdat die liturgie en die kerkmusiek onlosmaaklik verweef is.

---

[10] Gewyde liedere wat nie in die *Liedboek* gepubliseer is nie.

[11] FLAM: 'n projek van die NG Kerk se ADGO (Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling); fokus op kontemporêre liedere. Webwerf: www.flam.co.za

Postmodernisme stel veranderde eise aan die liturgie en die musiek wat daarmee gepaard gaan. Dit lei noodwendig na nuwe denke oor liturgiese musiek, en veral oor tradisionele orrelspel. Dit is duidelik dat daar, as gevolg van die verskeie spiritualiteitstipes in ‘n hedendaagse gemeente, minder geleentheid kan wees om die orrel te gebruik. Tog is daar sommige lidmate wat verkies om die orrel as instrument vir eredienste te hê. Jackson (2004:2) berig die volgende: “Die predikante van die NG gemeente Universiteitsoord in Pretoria het tot hul verrassing agtergekom die gewildste kerkmusiek onder mense wat hul aanddienste bywoon, is orrelbegeleiding aangevul deur klassieke instrumente soos viole, tjello’s en dwarsfluite“. “Daar mag nie eensydig besluit word dat sekere ouderdomsgroepe net deur pop- en rockmusiek aangespreek word en daarom net aan een soort musiek blootgestel word nie, en andersom” (Kloppers, 2003:16).

Nel (1994:116) skryf in verband met gemeentebou dat die proses van vernuwing onderhewig is aan dinamiese kragte wat die proses bemoeilik of bevorder. In ‘n gemeente werk daar ook spesifieke dinamiese kragte op die vernuwing van liturgie en liturgiese musiek in. So ‘n verandering hou vêrreikende implikasies vir ‘n gemeente in en kan lei tot spanning in die gemeente. In navorsing wat gedoen is aangaande oorsake van gemeentekonflik is die grootste rede (32%) vir konflik aangedui as verandering in musiekstyl (Bisschoff, 2008:8). Die uiteenlopende musiekstyle in gemeentes dui dikwels daarop dat daar diepliggende onenigheid tussen gemeentelede en/of kerklike amptenare bestaan.

Grové (2006:22) som die onenigheid oor kerkmusiek in die NG Kerk soos volg op:

> Nader aan ons eie tyd het kritiek op die tradisionele kerkmusikale erfgoed feller geword, met die gevolg dat die “amptelike” *Liedboek* vir baie gemeentes nie bestaan nie, en is daar ywerig gesoek na “alternatiewe”. Vir die Kerk laat fundamentele worstelvraagstukke uiteindelik min speling vir musikale kwessies, en die vroeëre mate van sinodale geborgenheid van sowel musiek as kerkmusici het plek gemaak vir die onverkwiklike situasie van ‘n uitlewering aan die giere en grille van ‘n kerkmusikaal-“demokratiese” elkeen-vir-homself. Die NG Kerk het musikaal ‘n wildernis van ‘n onsamehangende verskeidenheid van voorkeure, praktyke, smake en kulture geword (Grové, 2006:22).

Dit is noodwendig dat die postmoderne gees wat sedert die laat-twintigste eeu in die NG Kerk ál sterker na vore gekom het, die verwagting en belewenis van die liturgie en liturgiese musiek in ons kerke sou beïnvloed. Van der Merwe (2008:7) noem dit die “slagveld tussen tradisie en vernuwing”. Hierdie *worship wars*[12] het deel gevorm van die

[12] Sien Long, T. G. (2001) *Beyond the Worship Wars: Building Vital and Faithful Worship*. (Alban Institute)

konflik in die NG Kerk wat op ‘n aantal terreine na vore gekom het. Vermeulen (2011:126) skryf dat daar op liturgiese gebied bepaalde uiteenlopende strominge ontstaan het waar daar ook van informele *bands* gebruik gemaak word om veral *gospel*-liedere tydens informele eredienste te begelei. Gemeentelede reageer op verskillende maniere op die musiek van die *bands*, veral waar kontemporêre musiek en ‘n kontemporêre aanbiddingstyl gebruik word.

Horness (2004:102) verduidelik die gebruik van ‘n kontemporêre aanbiddingstyl in die erediens soos volg:

> Contemporary worship endeavors to use modern instrumentation (e.g. guitars, drums, synthesizers, percussion, horns), contemporary musical styles (e.g. rock, jazz, hip hop, rap, gospel), and freshly written or arranged songs (both new choruses and fresh treatments of traditional hymns), in the language of this generation to lead people into authentic expressions of worship and a genuine experience of the presence of God. (Horness, 2004:102)

Wat die alternatiewe gebruik van ander vorms van instrumentale liturgiese musiek betref, skryf Grové (2006:28) die volgende:

> …die aanslag op die orrel het soms goeie gronde. Niemand kan met reg beweer dat die orrel die enigste begeleidingsinstrument kan wees nie. Ons assosiasie met die instrument as begeleidingsideaal, en waarvoor ‘n repertoire van liedgebonde musiek ontwikkel is, het dit vir baie ‘n blote instelling gemaak. As die orrelis egter die afgelope 50 jaar Sondag na Sondag dieselfde benadering en repertoire het, is daar iewers fout, en kan die onvergenoegdheid geregverdig wees. Een van die dilemmas wat hieruit voortspruit is die onoorbrugbare afstand tussen die orrelis se agtergrond en skoling, en dié van amateur-*bands*, om een bekende alternatief te noem. Dié toedrag moet noodwendig lei tot die een of ander vorm van “alternering” in die diens, wat nie ideaal is nie (Grové, 2006:28).

## 3.8 KULTUUR EN TRADISIE

Die musiek moet die kultuur van ‘n gemeente in ag neem en daarby aanpas (Kruger, 2007a:651-653). Geen enkele musiekstyl kan vir alle kulture die hele spektrum van Bybelse waarhede uitbeeld nie; daarom moet liturgiese musiek se musiekstyl nie staties wees nie, maar voortdurend kreatief wees. Endedijk (2013:5) skryf oor die nuwe Nederlandse *Liedboek* wat in Mei 2013 bekendgestel is:

> Het was één van de kansen die er lagen, al die stromingen in de kerkmuziek in één boek bij elkaar brengen. Dat was natuurlijk een hele uitdaging. Toen we klaar waren, hebben we één woord uitvergroot: katholociteit. Dat staat voor wat we gemeenschappelijk hebben, waar we

> elkaar in kunnen herkennen. We streefden niet naar uniformiteit; we wilden binnen bepaalde kaders rechtdoen aan de onderlinge veelkleurigheid. (Endedijk, 2013:5)

Die gebruik van verskillende musiekstyle van uiteenlopende kulture is ook ten volle van toepassing op liturgiese instrumentale musiek waar ‘n groot verskeidenheid musiekstyle soos klassiek, *gospel,* Afrika, *Afro-American*, *Praise&Worship*, informeel en kontemporêr gebruik kan word.

## 3.9 OPSOMMING

Funksionele liturgiese musiek moet kerugmaties, koinoniaal en liturgies wees en bestaan uit beide instrumentale en vokale musiek. Die kerklied is die belangrikste manier van deelname aan die liturgie waar die gemeente aktief aan die tweegesprek tussen God en sy kinders kan deelneem.

Een van die belangrike sake tydens die Hervorming was dat die gemeente aktief moes deelneem aan die liturgiese handeling deur gemeentesang. Die postmoderne lidmaat het ‘n behoefte daaraan om in die erediens nie net aktief te kan deelneem deur gemeentesang nie, maar ook op ander gebiede soos ensemblespel saam met die orrel, te sing in die kantory of deel te hê aan musiekbedieningsgroepe.

Postmoderne vernuwing in liturgiese musiek vereis dat ag geslaan word op kulturele sensitiwiteit, liefdevolle verdraagsaamheid en die strewe na uitnemendheid. Hierdie vernuwing sluit nie tradisionele liturgiese musiek uit nie maar laat ruimte om dit te herposisioneer. Die historiese erfenis van die NG Kerk, wat orrel en ook liturgiese musiek insluit, kan behoue bly om die postmoderne lidmaat se behoefte aan ‘n vaste tuiswees in die kerk te respekteer. Vernuwing mag nie bloot net ter wille van vernuwing intree nie.

Waar die *missio Dei* beginsel geld, kan hierdie vernuwing in vrede en met samewerking geskied, ook in al vier die tipes eredienste wat nou gebruik word: formele-, kontemporêre-, meditatiewe- en *blended*-eredienste, solank die kultuur en tradisie van die gemeentes in ag geneem word.

Menige orrelis is onverhoeds betrap deur die nuwe tendense in kerkmusiek en is nog in ‘n tradisionalistiese winterslaap. Uit die aard van die deursnee-orrelis se opleiding bestaan die repertorium van ‘n nuutgekwalifiseerde orrelis grotendeels uit historiese kerkmusiek wat aangeleer is om spesifieke akademiese doelwitte te bereik. Hierdie repertorium sal waarskynlik nie voldoen aan die vereistes en behoeftes van ‘n postmoderne liturgie nie. Tog kan die orrel steeds sinvol in hedendaagse eredienste

benut word indien die orrelis nuut, innoverend en effektief binne die raamwerk van "in diens van God en Sy gemeente" te werk gaan.

Die orrelis se benadering is belangrik. Barker (2001) is van mening dat *"… an appreciated organ contribution can be achieved over time, but it is up to the organist to persuade through musical skill, enthusiasm and integrity"*.

In hierdie hoofstuk is die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgiese musiek van die NG Kerk bespreek. In die volgende hoofstuk word gekyk na navorsing wat gedoen is deur middel van vraelyste aangaande die gebruik van die orrel tydens die eredienste van die hedendaagse NG Kerk.

# HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE

## 4.1 NAVORSINGSMETODIEK

Hierdie studie ondersoek die gebruik van die orrel in die liturgie van hedendaagse eredienste. Die gebruik van klavier, musiekbedieningsgroepe of *bands* in die eredienste van die NG Kerk kan beteken dat die orrel al minder gebruik word. Volgens Heunis (2008:5) ontstaan die vraag tot watter mate die orrel in vernuwende eredienste gaan funksioneer. Indien orreliste en die orrel funksioneel bly en voldoen aan die behoeftes van die gemeentes, sal die orrel behoue bly. Daarteenoor kan die persepsie dat *bands* die oplossing vir swak kerkbywoning en flou gemeentesang is, ‘n stadige dood vir orrelmusiek beteken.

Die vraelyste is volgens eweredige getalverspreiding uitgestuur. Die inligting van die Jaarboek van die *Nederduitse Gereformeerde Kerke (2008)* is gebruik om gelyke getalle gemeentes volgens aantal lidmate, in vier verskillende groepe te kies wat die vraelyste sou ontvang. Die keuse is gemaak uit die agt sinodes van Suid-Afrika asook Namibië:

- Groot gemeentes met meer as 1 800 lidmate, hoofsaaklik stedelik/voorstedelik
- Stedelike/voorstedelike gemeentes met minder as 1 800 lidmate
- Groter plattelandse gemeentes met meer as 600 lidmate
- Kleiner plattelandse gemeentes met minder as 600 lidmate

Die vraelyste is aanvanklik per landpos uitgestuur. Die terugvoer was egter nie na wense nie, en die gemeentes wat nie gereageer het nie is na 4-6 weke per e-pos of telefonies gekontak. Vraelyste is toe weer per e-pos na die gemeentes wat die landpos nie ontvang het nie, uitgestuur. Die voltooide vraelyste is per landpos of e-pos teruggestuur en die reaksie was beduidend beter.

Die inhoud van die vraelyste is ten volle vertroulik gehanteer, ook wat die A- en B-gedeeltes betref wat onafhanklik deur die leraar en orrelis ingevul kon word. Die A en B terugvoer van ‘n groot aantal gemeentes is afsonderlik terug ontvang, veral waar daar duidelike spanning tussen die leraar en orrelis opgemerk is. Die respons van meer as 400 leraars en orreliste is verkry om hierdie navorsing moontlik te maak.


Soos reeds vermeld in hoofstuk 1, word die respons op die vraelyste met beide kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes verwerk. Die verskillende vrae lei noodwendig tot óf empiriese- óf kritiese ontleding van die terugvoering. Die meeste antwoorde op die vrae kon deur numeriese analise in grafiekformaat verwerk word. Waar subjektiewe verduideliking van objektiewe antwoorde nodig was, is kwalitatiewe vrae tussen die

kwantitatiewe vrae geplaas om 'n logiese vloei van inligting te verseker, soos byvoorbeeld by vraag Aiv, A11, B25.4, B25.6, B25.7 en B26-B30. Aangesien hierdie subjektiewe response uiteraard 'n kleiner getal respondente betrek, word daar duidelik gestel dat die antwoorde nie noodwendig verteenwoordigend van al die respondente is nie. Die response word dan ook telkens in 'n respondent se eie woorde weergegee.

'n Kopie van die vraelyste is ter insae in bylaag A. Die vraelyste is met die hulp van die Departement Statistiek van die NWU se Potchefstroom-kampus opgestel.

## 4.2 AFDELING A: Terugvoering van die leraar

### 4.2.1 GEOGRAFIESE GEGEWENS





**Figuur 1: Vraelyste ontvang per sinode**

Kommentaar: i) Vraelyste terug ontvang per sinode:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Wes-Transvaal | 23% |
| 2 | Wes- en Suid-Kaap | 21% |
| 3 | Oostelike Sinode | 13% |
| 4 | Hoëveld Sinode | 10% |
| 5 | Oranje-Vrystaat | 9% |
| 6 | Noordelike Sinode | 5% |

| | | |
|---|---|---|
| 7 | Oos-Kaap | 5% |
| 8 | Noord-Kaap | 5% |
| 9 | Namibië | 2% |
| 10 | Ongenommer | 1% |





**Figuur 2: Geografiese verspreiding van gemeentes**

Kommentaar:


Tipe gemeente (geografies) waarvan vraelyste terug ontvang is:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Stedelik | 14% |
| 2 | Voorstedelik | 33% |
| 3 | Platteland | 53% |

### 4.2.2 GEBRUIK VAN ORREL TYDENS EREDIENSTE




**Figuur 3: Orrelbegeleiding tydens eredienste**




**Figuur 4: Orrelbegeleiding volgens tipe gemeente**

Kommentaar:

Gebruik van orrelbegeleiding volgens tipe gemeente:

| | | |
|---|---|---|
| Stedelik | Gereeld | 35,3% |
| | Soms | 17,6% |
| | Glad nie | 47,1% |
| Voorstedelik | Gereeld | 54,2% |
| | Soms | 41,7% |
| | Glad nie | 4,2% |
| Platteland | Gereeld | 55,2% |
| | Soms | 33,1% |
| | Glad nie | 11,7% |

Die verskil tussen orrelgebruik in die stedelike gemeentes (glad nie: 47,1%) en die voorstedelike gemeentes (glad nie: 4,2%) en platteland (glad nie:11,7%) is opmerklik.

***Aiv Indien orrel nie gebruik word nie, waarom?***

Daar is ‘n verskeidenheid redes[13] gegee as antwoord op hierdie vraag. Die redes kan hoofsaaklik in vier groepe verdeel word:

**Aiv(a) Gemeente beskik nie oor ’n orrel nie.**

- Gemeente kan nie bekostig om orrel te herstel nie.
- Gemeente kan die dienste van ’n orrelbouer om orrel te stem en herstel, nie bekostig nie.
- Die gemeente gebruik ’n orrel vir die plaaslike eredienste, maar nie by die buitepunte nie. Dáár word ’n trekklavier of klavier gebruik.

**Aiv(b) Gemeente beskik nie oor ’n orrelis nie.**

- Gemeente beskik nie oor ’n orrelis nie, maar kry so vier maal per jaar ’n orrelis vir spesiale geleenthede.

**Aiv(c) Gemeente gebruik ’n elektroniese klavier.**


- Gebruik die orrel sedert 1996 net een maal per jaar; ander dienste elektroniese klavier met orkes.

**Aiv(d) Kontemporêre aanbiddingstyl**

- Ons is ’n vernuwende gemeente met ’n ligter aanbiddingstyl.
- Gebruik die orrel net by formele dienste soos nagmaal.
- Ons het informele dienste met ’n bekwame musiekbedieningsgroep.

[13]Die reaksie van respondente word woordeliks aangehaal.

**A1: EREDIENSTE TYDENS KWARTAALTYD**





**Figuur 5: Aantal eredienste per Sondag in kwartaaltyd**

Kommentaar:

Aantal eredienste per Sondag in kwartaaltyd:

- Een diens: 46,3%
- Twee dienste: 28,6%
- Drie dienste: 9,9%
- Vier of meer dienste: 15,3%

Die gemeentes met drie of meer dienste is hoofsaaklik die groot gemeentes (soos makro-gemeentes) waar daar voldoen kan word aan die behoefte van ‘n verskeidenheid eredienstye en erediensstyle.




| | 1 Diens | 2 Dienste | 3 Dienste | 4 en meer |
|---|---|---|---|---|
| Platteland | 36.5% | 11.8% | 2.0% | 3.0% |
| Voorstedelik | 5.4% | 12.8% | 6.4% | 8.9% |
| Stedelik | 4.4% | 3.9% | 1.5% | 3.4% |

**Figuur 6: Geografiese verspreiding van eredienste in kwartaaltyd**


Kommentaar:

Figuur 6 toon die geografiese verspreiding van gemeentes wat 1, 2, 3 of 4 en meer dienste per Sondag het.

- Van die gemeentes wat net een diens per Sondag het is 36,5% op die platteland, 5,4% voorstedelik en 4,4% stedelik.
- Die gemeentes wat twee dienste per Sondag het is 11,8% op die platteland, 12,8% voorstedelik en 3,9% stedelik.
- Die res van die gemeentes wat die vraelyste voltooi het, het aangetoon dat hulle drie of vier en meer dienste per Sondag het. Die gemeentes wat drie dienste het is 2,0% op die platteland, 6,4% voorstedelik en 1,5% stedelik. Die gemeentes wat vier of meer dienste op ’n Sondag het is 3,0% op die platteland, 8,9% voorstedelik en 3,4% stedelik.

## A2: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN KWARTAALTYD: OGGENDDIENSTE

### A2.1: Gebruik van enkel instrumente tydens oggenddienste in kwartaaltyd




| | Formeel | Informeel | Meditatief | "Blended Worship" | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Net CD | 1.1% | 12.8% | 27.3% | 12.5% | 13.3% |
| Simfoniese Instrumente | 0.0% | 0.0% | 4.5% | 0.0% | 0.0% |
| Net Band | 0.0% | 38.5% | 0.0% | 37.5% | 70.0% |
| Net Klavier | 3.4% | 20.5% | 13.6% | 0.0% | 6.7% |
| Net Orrel | 95.4% | 28.2% | 54.5% | 50.0% | 10.0% |


**Figuur 7: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word**

Kommentaar:

In figuur 7 word aangedui waar die gemeentes die musiekinstrumente solisties gebruik en nie ensembles vorm met bv. simfoniese instrumente saam met die orrel of klavier nie. (Hier word die *band* as 'n eenheid gesien). Dit sluit ook gemeentes in wat net 'n enkele instrument per diens gebruik, soos byvoorbeeld net orrel, sonder om dit af te wissel met 'n CD- of DVD-snit.

Die gereelde gebruik van CD's is opvallend, soos ook dat simfoniese instrumente slegs by meditatiewe dienste solisties gebruik word.

Die *band* word glad nie by formele dienste of meditatiewe dienste gebruik nie.




| | Formeel | Informeel | Meditatief | "Blended Worship" | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Kombinasie | 7.2% | 10.9% | 4.2% | 11.4% | 12.7% |
| CD | 11.0% | 14.6% | 27.8% | 13.9% | 17.6% |
| Simfoniese Instrumente | 12.7% | 10.0% | 8.3% | 11.4% | 3.9% |
| Band | 6.1% | 20.9% | 5.6% | 19.0% | 34.3% |
| Klavier | 14.4% | 25.5% | 16.7% | 19.0% | 17.6% |
| Orrel | 48.7% | 18.0% | 37.5% | 25.3% | 13.7% |

**Figuur 8: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies**

Kommentaar:

Figuur 8 sluit alle dienste in waar die gemeentes instrumente in ensemble gebruik, soos byvoorbeeld orrel met simfoniese instrumente, asook eredienste waar byvoorbeeld die klavier afgewissel word met CD- of DVD-snitte.


Dit is opvallend dat die totale gebruik van orrel nog steeds meer is as die totale gebruik van klavier, terwyl klavier meer gebruik word as *bands*.

Die gebruik van simfoniese instrumente is relatief min.

CD's en DVD's word by die verskillende eredienstipes gereeld gebruik, veral by meditatiewe eredienste.

## A3: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN KWARTAALTYD: AANDDIENSTE

**A3.1: Gebruik van enkel instrumente tydens aanddienste in kwartaaltyd**




| | Formeel | Informeel | Meditatief | Blended Worship | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Net CD | 3.2% | 10.3% | 25.0% | 20.0% | 5.3% |
| Simfoniese Instrumente | 3.2% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% |
| Net Band | 9.7% | 51.7% | 25.0% | 50.0% | 86.8% |
| Net Klavier | 38.7% | 24.1% | 16.7% | 10.0% | 5.3% |
| Net Orrel | 45.2% | 13.8% | 33.3% | 20.0% | 2.6% |


**Figuur 9: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word**

Kommentaar:

In figuur 9 word aangedui waar die gemeentes die musiekinstrumente solisties gebruik en nie ensembles vorm met byvoorbeeld simfoniese instrumente saam met die orrel of klavier nie. (Hier word die *band* as ’n eenheid gesien). Dit sluit ook gemeentes in wat net ‘n enkele instrument per diens gebruik, soos net die orrel, sonder om dit af te wissel met ‘n CD- of DVD-snit.

’n Interessante waarneming by figuur 9 (aanddienste) is dat simfoniese instrumente alleenlik by formele dienste solisties gebruik word, in teenstelling met figuur 7 (oggenddienste) waar dit net by meditatiewe dienste gebruik word. By figuur 9 word die *band* ook by formele dienste gebruik, terwyl die gebruik van die orrel vir formele dienste van figuur 7 (oggenddienste) se 95,4

## A3.2: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies: aandddienste in kwartaaltyd




| | Formeel | Informeel | Meditatief | "Blended Worship" | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Kombinasie | 6.1% | 10.9% | 7.1% | 21.7% | 8.2% |
| CD | 7.6% | 15.8% | 32.1% | 17.4% | 11.3% |
| Simfoniese instrumente | 6.1% | 5.9% | 0.0% | 0.0% | 5.2% |
| Band | 12.1% | 29.7% | 14.3% | 26.1% | 51.5% |
| Klavier | 33.3% | 24.8% | 17.9% | 17.4% | 18.6% |
| Orrel | 34.8% | 12.9% | 28.6% | 17.4% | 5.2% |

**Figuur 10: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies**


Kommentaar:

Figuur 10 sluit alle dienste in waar die gemeentes instrumente in ensemble gebruik, soos byvoorbeeld orrel met simfoniese instrumente, asook eredienste waar byvoorbeeld die klavier afgewissel word met CD- of DVD-snitte.

In figuur 10 is dit opmerklik dat simfoniese instrumente glad nie by meditatiewe of *blended worship* dienste gebruik word nie.

Die orrel word minder gebruik by die aanddienste (figuur 10) as by die oggenddienste (figuur 8).

**A4: EREDIENSTE GEDURENDE LANGNAWEKE EN VAKANSIETYD**




**Figuur 11: Verspreiding van eredienste in vakansietyd**

Kommentaar:


Figuur 11 toon dat 77% van die gemeentes in vakansies en oor langnaweke net 1 erediens per Sondag het. By 16% van die gemeentes word daar 2 dienste per Sondag gehou, by 4% word daar 3 dienste gehou en by 3% word daar 4 of meer gehou.

’n Vergelyking tussen figuur 5 (dienste in kwartaaltyd) en figuur 11 (dienste in vakansietyd en oor langnaweke) toon die volgende:

| **Kwartaaltyd** | | **Vakansietyd en langnaweke** | |
|---|---|---|---|
| 1 diens per Sondag | 46% | 1 diens per Sondag | 77% |
| 2 dienste per Sondag | 29% | 2 dienste per Sondag | 16% |
| 3 dienste per Sondag | 10% | 3 dienste per Sondag | 4% |
| 4+ dienste per Sondag | 15% | 4+ dienste per Sondag | 3% |

## A5: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN VAKANSIETYD: OGGENDDIENSTE

**A 5.1: Gebruik van enkel instrumente tydens oggend-dienste in vakansies en langnaweke**




| | Formeel | Informeel | Meditatief | Blended Worship | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Net CD | 1.7% | 13.2% | 18.8% | 9.1% | 12.5% |
| Net Simfoniese Instrumente | | | 6.3% | | |
| Net "Band" | 0.9% | 23.7% | | 9.1% | 12.5% |
| Net Klavier | 7.0% | 26.3% | 12.5% | 27.3% | 12.5% |
| Net Orrel | 90.4% | 36.8% | 62.5% | 54.5% | 62.5% |


**Figuur 12: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word**

Kommentaar:

In figuur 12 word aangedui waar die gemeentes die musiekinstrumente solisties gebruik en nie ensembles vorm met byvoorbeeld simfoniese instrumente saam met die orrel of klavier nie. (Hier word die *band* as ’n eenheid gesien). Dit sluit ook gemeentes in wat net ‘n enkele instrument per diens gebruik, soos byvoorbeeld net orrel, sonder om dit af te wissel met ‘n CD- of DVD-snit.

Figuur 12 toon dat simfoniese instrumente alleen by meditatiewe dienste solisties gebruik word en dat die *band* nie in meditatiewe dienste gebruik word nie. ’n Vergelyking tussen figuur 7 (oggenddienste, kwartaaltyd) en figuur 12 (oggenddienste, vakansies en langnaweke) toon dat die orrel by figuur 12 meer gebruik word. Die klavier word in vakansies meer gebruik as in kwartaaltyd, terwyl die band weer minder gebruik word in vakansies.

## A5.2: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies: oggenddienste in vakansies en langnaweke




| | Formeel | Informeel | Meditatief | Blended Worship | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Kombinasie | 5.3% | 8.1% | 3.6% | 7.1% | 12.5% |
| CD | 9.1% | 15.6% | 21.4% | 16.7% | 12.5% |
| Simfoniese Instrumente | 4.9% | 5.9% | 7.1% | 4.8% | 3.1% |
| Band | 3.0% | 18.5% | 3.6% | 14.3% | 15.6% |
| Klavier | 17.0% | 27.4% | 17.9% | 23.8% | 25.0% |
| Orrel | 60.6% | 24.4% | 46.4% | 33.3% | 31.3% |


**Figuur 13: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies**

Kommentaar:

Figuur 13 sluit alle dienste in waar die gemeentes instrumente in ensemble gebruik, soos byvoorbeeld orrel met simfoniese instrumente, asook eredienste waar byvoorbeeld klavier afgewissel word met CD- of DVD-snitte.


’n Vergelyking tussen figuur 8 (alle kombinasies van musiekinstrumente, oggenddienste kwartaaltyd) en figuur 13 (ooreenstemmende dienste, vakansietyd en langnaweke) toon dat die orrel gedurende vakansies meer gebruik word as in kwartaaltye. Die klavier word ook in vakansietye meer gebruik, en die *band* minder.

## A6: AANDDIENSTE TYDENS VAKANSIETYD EN LANGNAWEKE




**Figuur 14: Verspreiding van aanddienste in vakansietyd en langnaweke**


## A7: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG IN VAKANSIETYD: AANDDIENSTE




**Figuur 15: Gebruik van musiekinstrumente tydens aanddienste in vakansies**

Kommentaar: Met aanddienste in vakansietye word die instrumente soos volg gebruik:

| | | |
|---|---|---|
| Orrel: 61,5% | Klavier: 11,5% | Kombinasie: 3,8% |
| Band: 11,5% | CD's: 7,7% | Simfoniese instrumente: 3,8% |




| | Formeel | Informeel | Meditatief | Blended Worship | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| CD | 6.3% | 6.7% | 66.7% | 25.0% | 9.1% |
| Simfoniese Instrumente | 6.3% | | | | |
| Band | 6.3% | 40.0% | | 50.0% | 81.8% |
| Klavier | | 40.0% | | 25.0% | 9.1% |
| Orrel | 81.3% | 13.3% | 33.3% | | |

**Figuur 16: Geleenthede waar net een musiekinstrument gebruik word**


Kommentaar:

In figuur 16 word aangedui waar die gemeentes die musiekinstrumente solisties gebruik, en nie ensembles vorm met byvoorbeeld simfoniese instrumente saam met die orrel of klavier nie. (Hier word die *band* as 'n eenheid gesien). Dit sluit ook gemeentes in wat net 'n enkele instrument per diens gebruik, soos byvoorbeeld net orrel, sonder om dit af te wissel met 'n CD- of DVD-snit.

Figuur 16 toon dat formele aanddienste in vakansietyd en langnaweke hoofsaaklik die orrel as begeleidings-instrument gebruik, terwyl ooreenstemmende informele aanddienste hoofsaaklik van klavier en band gebruik maak, met slegs 13,3% gebruik van die orrel. Die orrel word ook by meditatiewe dienste gebruik (33,3%), maar nie by

*blended worship* of kontemporêre dienste nie. In hierdie dienste word wel klavier[14], *band* en CD's gebruik.

**A7.2: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies: aanddienste in vakansies en langnaweke**




| | Formeel | Informeel | Meditatief | "Blended Worship" | Kontemporêr |
|---|---|---|---|---|---|
| Kombinasie | 3.8% | 7.4% | 20.0% | 20.0% | 12.1% |
| CD | 7.7% | 14.8% | 40.0% | 20.0% | 12.1% |
| Simfoniese Instrumente | 3.8% | 3.7% | | | 6.1% |
| Band | 11.5% | 25.9% | 10.0% | 40.0% | 48.5% |
| Klavier | 11.5% | 37.0% | 20.0% | 20.0% | 21.2% |
| Orrel | 61.5% | 11.1% | 10.0% | | |

**Figuur 17: Gebruik van musiekinstrumente in alle kombinasies**

<u>Kommentaar</u>:


Figuur 17 dui die persentasies van totale gebruik van musiekinstrumente in die gemeentes aan waar instrumente in ensemble gebruik word, soos byvoorbeeld orrel met simfoniese instrumente, asook eredienste waar byvoorbeeld klavier afgewissel word met CD- of DVD-snitte.

'n Vergelyking tussen figuur 10 (aanddienste, kwartaaltyd) en figuur 17 (aanddienste, vakansies en langnaweke) toon o.a. die volgende: Die orrel word in vakansietye slegs by formele, informele en meditatiewe dienste gebruik, terwyl dit in kwartaaltyd ook by *blended worship* en kontemporêre dienste gebruik word. Daar is geen beduidende verskil met die gebruik van simfoniese instrumente nie.

CD's word in vakansietye tydens meditatiewe en kontemporêre dienste meer gebruik as in kwartaaltye.


[14] Hieruit blyk dit dat die term *blended worship* by sommige gemeentes nie noodwendig orrel insluit nie, maar ook bloot 'n vermenging van spiritualiteite en begeleidingmoontlikhede insluit.

A8: BEGELEIDING VAN GEMEENTESANG D.M.V. ELEKTRONIESE HULPMIDDELS





**Figuur 18: Gebruik van elektroniese hulpmiddels**

**A9: TIPE ELEKTRONIESE HULPMIDDELS**




**Figuur 19: Verspreiding van elektroniese hulpmiddels**

#### A10: GEBRUIK VAN CD VIR BEGELEIDING




**Figuur 20: Gebruik van CD vir begeleiding**

Kommentaar: 48,1% van die respondente het aangedui dat CD-begeleiding by 'n kombinasie van liedgenres gebruik word.

#### A11: MOTIVERING VIR GEBRUIK VAN CD VIR BEGELEIDING

Kommentaar:

Motivering[15] vir gebruik van CD's of DVD's om gemeentesang te begelei:


- Geen orrel/ orrelis; vir gebruik wanneer orrelis nie beskikbaar is nie.
- Gebruik soms goeie begeleidingsnitte om aanleer van nuwe liedere te vergemaklik.
- Sommige liedere net in hierdie formaat beskikbaar.
- Begeleiers soms nie vertroud met hierdie musiek nie.
- Vir afwisseling; dra by tot atmosfeer en verkondiging.
- Gebruik dit vir lofprysingsdienste en ander spesiale dienste.
- Postmoderne samelewing vereis eietydse behoeftes van verantwoordbare erediensvernuwing.
- Gesinsdienste in saal gelyklopend met formele eredienste.
- Orrel word nie gebruik vir jeuggerigte eredienste nie.

---

[15] Die respondente word woordeliks aangehaal.

- Beskik nie oor ’n band nie want te min opgeleide persone.
- Bevredig musikale spiritualiteit van baie lidmate; verskaf nuwe dinamika in gemeentesang.
- Gebruik dit om konflik tussen jeug en ouer lidmate te verhoed.

**A12: VERANTWOORDELIKHEID VIR KEUSE VAN LIEDERE VIR VOORSANG**




| | Leraar | Orrellis | Erediens Werkgroep | Musiekbediening | Kombinasie |
|---|---|---|---|---|---|
| Gesamentlik | 47 | 48 | 8 | 28 | 61 |
| Alleen | 23 | 53 | 9 | 44 | |

**Figuur 21: Keuse van liedere vir voorsang / lof en aanbidding**


<u>Kommentaar</u>:

Figuur 21 toon die verskillende werkswyses vir die keuse van liedere vir voorsang, of lofprysing en aanbidding (hierna net genoem ”voorsang“). Die gebruik om ’n aantal liedere voor die aanvang van die erediens te sing word volgens die respondente algemeen toegepas.

In figuur 21 word aangetoon dat die orrelis of die musiekbediening ’n redelike mate van verantwoordelikheid het wat die keuse van liedere vir voorsang betref.

Dit is opmerklik by figuur 21-23 dat die begrip van ’n eredienswerkgroep ’n geringe rol speel by die keuse van liedere vir voorsang, die erediens en ook vir die beplanning van die liturgie.


## A13: VERANTWOORDELIKHEID VIR KEUSE VAN LIEDERE TYDENS EREDIENS




| | Leraar | Orrellis | Erediens Werkgroep | Musiekbediening | Kombinasie |
|---|---|---|---|---|---|
| Gesamentlik | 56 | 40 | 9 | 24 | 56 |
| Alleen | 126 | 7 | 5 | 6 | |

**Figuur 22: Keuse van liedere tydens erediens**

## A14: VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE BEPLANNING VAN DIE LITURGIE





| | Leraar | Orrellis | Erediens Werkgroep | Musiekbediening | Kombinasie |
|---|---|---|---|---|---|
| Gesamentlik | 41 | 24 | 15 | 13 | 42 |
| Alleen | 145 | 1 | 11 | 2 | |

**Figuur 23: Beplanning van liturgie**

Kommentaar: Fig. 22-23 toon dat die leraar hoofsaaklik alleen die erediens beplan.

## A15: ENTOESIASME VAN GEMEENTE-DEELNAME AAN GEMEENTESANG




**Figuur 24: Gemeente-deelname aan gemeentesang**


<u>Kommentaar</u>:

Figuur 24 toon aan tot watter mate die gemeentes entoesiastiese gemeentesang beoefen met begeleiding van verskillende instrumente, volgens die persepsie van die leraars.

Die begeleidingsinstrument van voorkeur is die orrel: ongeveer 3:2 teenoor klavier wat in die tweede plek is. Indien die keuse vir simfoniese instrumente met orrel bygetel word by die orrel, sal die voorkeur vir gemeentesang met orrel styg na ongeveer 2:1 teenoor klavier.

Daarna volg gemeentesang met begeleiding van die *band* en dan, met die minste voorkeur, gemeentesang met CD-begeleiding.

## A16: MATE VAN ORRELBEGELEIDING MET DIE SING VAN LIEDERE




| | Liedboek | FLAM | SOM | Halleluja | Jeugsangbundel | Engelse Liedere | Vrye Vertalings | Ander Bronne |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Glad nie | 13 | 53 | 41 | 30 | 35 | 70 | 74 | 47 |
| Soms | 10 | 56 | 46 | 56 | 61 | 35 | 27 | 7 |
| Gereeld | 170 | 25 | 45 | 55 | 36 | 17 | 7 | 7 |

**Figuur 25: Orrelbegeleiding vir verskillende liedere**

<u>Kommentaar</u>:

Figuur 25 toon tot watter mate orrelbegeleiding met die sing van verskillende tipes liedere verkies word.

*Liedboekliedere* word byna sonder uitsondering met orrelbegeleiding gesing. FLAM-[16], SOM[17]-, Halleluja- en Jeugsangbundel-liedere word gereeld of soms met orrelbegeleiding gesing. Engelse liedere, vrye vertalings (meesal uit Engels) en liedere uit ander bronne word minder of selde met orrelbegeleiding gesing. Ander bronne sluit in VONKK[18], lidmate se eie komposisies, *Nuwe Sionsgesange*, liedversamelings van byvoorbeeld Morelettapark, *Psalter Hymnal*.


---

[16] FLAM: 'n projek van die NG Kerk se ADGO (Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling) wat fokus op kontemporêre liedere. Webwerf: www.flam.co.za


[17]Sing-Onder-Mekaar liedbundel 1989

[18] VONKK: Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Liedere. Webwerf: www.vonkk.co.za

**A17: KONTEMPORÊRE LIEDERE**





**Figuur 26: Gebruik van orrel vir kontemporêre liedere**




**Figuur 27: Gemeente-ervaring van orrelbegeleiding vir kontemporêre liedere**

Kommentaar:

Hier word die gemeentes wat nie orrelbegeleiding gebruik vir kontemporêre liedere nie (55%) regs aangetoon. Van die orige 45% gemeentes wat wel orrelbegeleiding gebruik vir kontemporêre liedere vind 8% dit puik, 29% goed, 8% aanvaarbaar en 1% onaanvaarbaar.





**Figuur 28: Gemeente-ervaring van kontemporêre liedere sonder orrelbegeleiding**

Kommentaar:

Die leraars het die gemeente-ervaring om kontemporêre liedere sonder die orrel te sing soos volg beantwoord: 18% kan nie sonder die orrel sing nie, 18% vind dit moeilik sonder die orrel, 45% sing goed sonder die orrel en 18% het nie die orrel nodig nie.

## A18: VOORSPEL EN NASPEL TOT EREDIENSTE





**Figuur 29: Gebruik van orrel vir voorspel en naspel**

<u>Kommentaar</u>:

In figuur 29 word die frekwensie van gebruik van die orrel vir die voor- en naspel van eredienste aangetoon. Die getal is genormaliseer na 200 om 'n betroubare vergelyking te tref tussen die gebruik van die orrel en die gebruik van CD's vir die voor- en naspel tot eredienste. (200 verteenwoordig die kleinste aantal terugvoerings in beide gevalle.)

Orrel vir voorspel tot die erediens: 115 uit 200 gebruik die orrel gereeld, 50 uit 200 gebruik dit soms, 23 uit 200 gebruik die orrel nooit nie en 12 respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

Orrel vir naspel tot die erediens: 126 uit 200 gebruik die orrel gereeld, 31 uit 200 gebruik dit soms, 22 uit 200 gebruik die orrel nooit nie en 21 respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.




| | Gereeld | Soms | Glad nie | Nie ingevul |
|---|---|---|---|---|
| Naspel | 24 | 62 | 76 | 38 |
| Voorspel | 61 | 90 | 24 | 25 |

**Figuur 30: Gebruik van CD vir voorspel en naspel uit 200**


<u>Kommentaar</u>:

In figuur 30 word die frekwensie van gebruik van CD's vir voor- en naspel van eredienste aangetoon. Die grafiek is genormaliseer na 200, soos in die vorige paragraaf verduidelik.

Gebruik van CD's vir voorspel tot die erediens: 61 uit 200 gebruik CD's gereeld, 90 uit 200 gebruik dit soms, 24 uit 200 gebruik nooit CD's nie en 25 respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

Gebruik van CD's vir naspel tot die erediens: 24 uit 200 gebruik CD's gereeld, 62 uit 200 gebruik dit soms, 76 uit 200 gebruik nooit CD's nie en 38 respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

## A19 – A24: GEMEENTE EN LERAAR SE BELEWENIS T.O.V. ORRELGEBRUIK




**Figuur 31: Gemeente-ervaring van orrelspel (in die algemeen)**


<u>Kommentaar</u>:

Figuur 31 toon die gemeente-ervaring van orrelspel in die algemeen.

Die grafiek toon 'n besonder positiewe beeld van orrelbelewenis. Slegs 8% van die respondente is nie positief teenoor orrelspel in die algemeen nie.

Hierdie beeld van orrelspel strook nie met die algemene negatiwiteit van voorstanders van uit-met-die-orrel en net-die-*band*-alleen wat dikwels in kerklike kringe spreekbeurte kry nie.

Figuur 31 is 'n positiewe aanmoediging vir enige persoon (orrelis, gemeentelid, leraar, kerkraadslid) wat die saak en die toekoms van orrels en orreliste op die hart dra.




| | Orrelspel in algemeen | Gemeentesang met orrelbegeiding | Is orrelbegeiding inspirerend? | Gemeentegevoel oor orrel-solos? | Het orrel positiewe bydrae tot erediens? | Vaardighede van orrelis voldoende? |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Puik | 48% | 47% | 49% | 47% | 57% | 65% |
| Goed | 45% | 43% | 40% | 45% | 35% | 26% |
| So-so | 7% | 8% | 9% | 7% | 6% | 7% |
| Swak | 1% | 2% | 2% | 1% | 2% | 3% |


**Figuur 32: Oorkoepelende belewenis/persepsie t.o.v. orrelgebruik in die gemeente**

<u>Kommentaar</u>:

Figuur 32 is so sterk positief teenoor orrelspel in die gemeentes van die NG Kerk dat orreliste dit as aanmoediging kan gebruik om hulself nog beter te bekwaam en die bydrae van die orrelis in die musiekbediening van hul gemeentes te versterk.

Heunis (2008:36) se studie onder die gemeentes van Port Elizabeth wys dat 82% van daardie gemeentes orrelbegeleiding met gemeentesang as goed of baie goed beskryf, terwyl hierdie studie 'n positiewe 90% toon.

**A25 – A29: POSISIE EN SKAKELING VAN DIE ORRELIS IN DIE GEMEENTE**





| | Is daar goeie kommunikasie tussen leraar en orrelis? | Neem orrelis deel aan liturgiese beplaning? | Is orrelbegeleiding 'n integrale deel van Liturgie? | Hoe goed kan orrel kontemporêre musiek begelei? | Hoe is die oogkontak tussen musiek-bedienaars? |
|---|---|---|---|---|---|
| Puik | 59% | 23% | 38% | 17% | 33% |
| Goed | 32% | 21% | 37% | 39% | 28% |
| So-so | 7% | 27% | 19% | 27% | 23% |
| Swak | 3% | 30% | 7% | 17% | 16% |

**Figuur 33: Posisie en rol van orrelis in die skakeling t.o.v. musiekbediening**

Kommentaar: Figuur 33 toon ook 'n positiewe beeld van die rol van die orrelis in die gemeente. Daar is egter ook negatiewe punte.

- **Kommunikasie tussen leraar en orrelis**: 90% positief.
- **Orrelis as deel van liturgiese beplanning**: slegs 44% positief. Dit kan waarskynlik gekoppel word aan figuur 21-23 waar die gebrek aan 'n eredienswerkgroep in die meeste gemeentes duidelik uitstaan.
- **Orrelbegeleiding as integrale deel van die liturgie**: 75% positief. 'n Eredienswerkgroep in die gemeente kan hier 'n positiewe uitwerking hê.
- **Orrelbegeleiding van kontemporêre musiek:** 56% positief. Kontemporêre musiek met orrelbegeleiding is redelik nuut vir 'n groot deel van orreliste. Grafiek B7 (sien p 63) toon dat 84% van die orreliste min of geen opleiding in die begeleiding van kontemporêre musiek ontvang het.
- **Oogkontak tussen musiekbedienaars**: 61% positief. Oogkontak is uiters belangrik.

**A30 – A31: OPLEIDING VAN ORRELIS**




**Figuur 34: Opleiding van orrelis**

Kommentaar:

Figuur 34 toon 'n 50/50 benadering van leraars teenoor die belangrikheid van verdere opleiding vir orreliste. Grafieke B1-B18 (sien p 61-66) toon egter dat daar 'n behoefte is aan veral opleiding in die speel van kontemporêre musiek.

Figuur 34 dui ook aan dat meer as 50% van die gemeentes bereid sou wees om te betaal vir verdere opleiding van orreliste.

**A31: VERDERE KOMMENTAAR EN VOORSTELLE.**

Hier word ‘n keur uit die vraelyste se kommentaar of voorstelle gegee om die hele spektrum van die terugvoer by A31 van afdeling A te weergee. Die respondente word woordeliks aangehaal. Dit is egter nie noodwendig ’n opsomming van die algemene mening van die respondente nie.

**Algemeen**:

- Behoefte aan *Liedboek*-verwerkings en ook verwerkings van VONKK-liedere sodat lidmate met ander instrumente ook kan saamspeel.
- Ons het ’n behoefte aan CD’s vir begrafnisse. Gepaste liedere vir begrafnisgangers is noodsaaklik, asook musiek wat voor en na die diens gespeel kan word. Ons het niemand wat op weeksdae kan speel vir begrafnisse nie.
- Aflos-orreliste word al skaarser!
- Ons orrelis is bekwaam maar gelukkig nie verkramp nie.
- Orreliste sal moet besef dat hulle musiek net ’n bediening is. Die dae van kontrakte en salarisse is verby.
- Ons orrelis is bekwaam om orrel, klavier, kitaar en ook trekklavier te speel wat handig te pas kom by buitelugdienste.
- Ons gebruik die orrel omdat ons ’n uiters bekwame orrelis het. Wanneer sy aftree, is daar nie lig voor nie.
- ’n Liturgiese werkgroep is noodsaaklik.

**Opleiding**

- Onopgeleide leraars werk baie negatief in op die gemeente se persepsie van musiek. Is dit soms net makliker om die *band* te laat oorneem?
- Leraars moet kerkrade oortuig van die noodsaaklikheid van verdere opleiding vir orreliste.
- JA vir verdere opleiding van orreliste, veral op die platteland.
- Sal daar in die toekoms genoeg orrelbouers wees om die orrels in stand te hou? Is die orrel ’n luukse wat om sentimentele redes funksioneer?

**Gemeentesang**

- Ons is ’n klein gemeente met net 90 lidmate maar sing heerlik saam.
- Die begeleiding is nie so belangrik as die liedere nie.

- Begeleiding (op watter instrument ook al) is daar om die melodie te dra en nie om te *perform* of die gemeente op te voed nie.

- Ons gebruik 'n verskeidenheid van musiekstyle in 'n diens omdat ons net een diens per Sondag het.

- Ons bepleit meer orrelwerkswinkels op 'n gereelde basis.

***Bands***

- Musiekdirekteur rig *bands* af.

- Perkussie moet nie steurend wees nie.

**Negatief teenoor orrel/orreliste**

- Vernuwende denke sluit orrel en orrelis uit.

**Pro-orrel/orrelis**

- Baie tevrede met goeie orrelis.

- Orrelmusiek lewer positiewe bydrae tot sang en erediens.

- Ek besef opnuut hoe bevoorreg ons is om die dienste, kundigheid, openheid en aanpasbaarheid van 'n uiters bekwame orrelis te hê.

- Ons is baie gelukkig met die orrel, saam met ander instrumente, in ons gemeente.

**Kombineer tradisionele en kontemporêre**

- Dit is noodsaaklik om tradisionele en kontemporêre musiek te kombineer in die eredienste om skeuring in die gemeente te vermy.


- Orreliste moet opgelei word om tradisionele en kontemporêre musiek te kan speel.

- Ons gemeente verkies 'n ligter aanslag in die aand en gebruik dan meer kontemporêre musiek.

## 4.3 AFDELING B: TERUGVOERING VAN ORRELIS

### B1 – B21: PROFIEL VAN DIE ORRELIS


**B1: Formele opleiding as orrelis**




Kommentaar:


Die verskil tussen die aantal orreliste met en sonder formele opleiding is net ± 20%. Uit die respons op verdere vrae in afdeling B is dit duidelik dat die "onopgeleide" orreliste wel 'n mate van opleiding ontvang het, waarskynlik by SAKOV-byeenkomste of ander orrel-werkswinkels.

**B2: Repertorium opleiding**







Kommentaar: Ongeveer 60% van die respondente voel dat hulle repertorium-opleiding goed of selfs uitstekend is. In B7 word daar egter aangedui dat ongeveer 84% van die orreliste min of geen opleiding het in die speel van kontemporêre musiek nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat kontemporêre musiek buite die raamwerk van 'n groot deel van die orreliste val.

**B3: Gebruik standaard repertorium**





Kommentaar:

Ongeveer 60% van die orreliste gebruik die standaard repertorium dikwels of gereeld. Daarteenoor gebruik ± 40% van die orreliste dit soms of min. In B25.4 en B25.7 word aangedui dat sommige orreliste graag hul repertorium sou wou uitbrei deur lesings by SAKOV-byeenkomste, orrel-werkswinkels of deur artikels in *Die Musiekleier*

| | |
|---|---|
|  | Kommentaar:<br><br>Meer as 60% van respondente het aangedui dat hulle geen of min behoefte het aan verdere klassieke opleiding. Daar is egter ongeveer 40% orreliste wat wel daaraan behoefte het. |
|  | Kommentaar:<br><br>Bykans 70% van orreliste voel dat hulle tydens hul opleiding deeglik voorberei is ten opsigte van hul orrelbegeleiding. Die terugvoering by B7 dui egter daarop dat kontemporêre musiek slegs met moeite op die orrel begelei word. |
|  | Kommentaar:<br><br>Slegs 40% van die respondente dui aan dat hulle verdere opleiding in orrelbegeleiding nodig het. |


**B7: Orrelis-opleiding t.o.v. kontemporêre musiek?**




Kommentaar:

Volgens die terugvoering het 84% van die orreliste min of net geringe opleiding ontvang in die begeleiding van kontemporêre musiek.


**B8: Positief t.o.v. kontemporêre musiek in erediens?**




Kommentaar:


65% van respondente is ten gunste van die gebruik van kontemporêre musiek gedurende 'n erediens. In B7 is dit egter duidelik dat orreliste baie min opleiding in die speel van kontemporêre musiek ontvang.

**B9: Bereid om kontemporêr op klavier/*keyboard* te speel?**





Kommentaar:

Volgens die terugvoer is meer as 70% van orreliste bereid om kontemporêre musiek op die klavier of *keyboard* te speel. Dit veronderstel dat hulle die nodige vaardigheid bemeester het om dit te doen.





Kommentaar:

53% van orreliste is bereid om deel van 'n *band* te wees, terwyl 70% wel die vaardigheid het om kontemporêre musiek op klavier of *keyboard* te speel. Dit kan daarop dui dat orreliste tot 'n mate negatief is teenoor deelname aan 'n *band*, of nie oor die vaardigheid beskik om musiek vir 'n *band* te verwerk nie.





Kommentaar:

In B9 word aangedui dat 70% van respondente kontemporêre musiek op die klavier sal speel, maar volgens B11 is net 47% van orreliste bereid om dit op die orrel te speel.





Kommentaar:

Slegs 23% van respondente maak dikwels gebruik van kontemporêre liturgiese orrelmusiek, terwyl slegs ongeveer 16% dit gereeld gebruik. Dit laat meer as 60% van orreliste wat selde van kontemporêre liturgiese orrelmusiek gebruik maak.





Kommentaar:

65% van die respondente vind dit moelik om toegang te kry tot kontemporêre musiek op die internet.





Kommentaar:

Volgens die terugvoering kan slegs 8% van orreliste maklik toegang verkry tot kontemporêre musiek in boekwinkels. 'n Verdere 19% kan dit dikwels bekom, terwyl verreweg die grootste deel van die orreliste (73%) dit moelik of onmoontlik vind om kontemporêre musiek in boekwinkels te verkry.





Kommentaar:

Meer as 60% van die respondente het min of geen behoefte aan verdere opleiding in die speel van kontemporêre liturgiese musiek. Uit B9 – B15 bestaan daar oënskynlik 'n mate van negatiwiteit teenoor die speel van kontemporêre liturgiese musiek op die orrel. Hierdie waarneming word in hoofstuk 5 verder bespreek.





Kommentaar:

Volgens die terugvoering dui meer as 80% van die respondente aan dat hulle tegniese vaardigheid voldoende is vir 'n orrelpos.




Kommentaar:


Ongeveer 86% van die orreliste voel dat hulle bladleesvermoë voldoende is vir 'n orrelpos.




Kommentaar:

In teenstelling met B16 en B17, dui B18 daarop dat die meerderheid van respondente hulself met hierdie vaardigheid "onseker" tot "goed genoeg" beleef. Dit kan daarop dui dat orreliste se vaardigheid met bladlees en tegniek op 'n hoër vlak funksioneer as hulle improvisatoriese vaardigheid.

**B19: Voorbereidingstyd vir erediens**





<u>Kommentaar</u>:

Volgens die terugvoer het die meeste orreliste (76%) voldoende voorbereidingstyd vir hulle eredienste.

Tot watter mate bepaal die volgende aspekte u keuse vir orrelsolo's?

**B20a:Tema van die erediens**





<u>Kommentaar</u>:

Die bygaande grafiek dui daarop dat die tema van die erediens meesal in ag geneem word by die keuse van orrelsolo's.


Tot watter mate bepaal die volgende aspekte u keuse vir orrelsolo's?

**B20b: Liedere wat gesing word?**





<u>Kommentaar</u>:

Die respondente gebruik die liedere wat gesing word ongeveer 85% van die tyd om die keuse van orrelsolo's te bepaal.





Kommentaar:

Volgens die terugvoer speel tegniese vaardigheid 'n belangrike rol by die keuse van orrelsolo's.





Kommentaar:

Die bladleesvaardigheid van die respondente word sterk in ag geneem by ongeveer 80% van die keuses van orrelsolo's.





Kommentaar:

Uit die grafiek is dit duidelik dat orreliste se beskikbare voorbereidingstyd die keuse van orrelsolo's tot 'n groot mate bepaal.





Kommentaar:

Die respondente neem die gemeente se voor- en afkeure deeglik in ag met die keuse van orrelsolo's.




Kommentaar:

Volgens B20g is persoonlike voor- en afkeure van die orreliste die belangrikste bepalende faktor met die keuse van orrelsolo's.




Kommentaar:


Volgens B21 is daar 'n redelike eweredige verspreiding van die mate waarin orreliste deel het aan die keuse van liedere vir 'n erediens.

## B22: BEGELEIDINGSMATERIAAL VIR INFORMELE LIEDERE OP DIE ORREL

<table>
<tr>
<td>

**B22: Begeleidingsmateriaal om informele liedere op orrel te begelei**

**B22.1: Melodie met akkoorde ("*lead sheet*")**




</td>
<td>


Kommentaar:

Volgens B22.1 kan 81% van die respondente 'n melodie met akkoorde (*lead sheet*) gebruik om informele liedere op die orrel te begelei. Dit veronderstel 'n redelike improvisatoriese vaardigheid van die orreliste.

</td>
</tr>
<tr>
<td>

**B22: Begeleidingsmateriaal om informele liedere op orrel te begelei**

**B22.2: Gedrukte Harmonisasies**





</td>
<td>

Kommentaar:


Gedrukte harmonisasies (wanneer dit beskikbaar is) vergemaklik die begeleiding van informele liedere. Die beskikbaarheid van sulke begeleidings op die internet, veral op VONKK en FLAM se webtuistes, brei die potensiële liedereskat uit vir gebruik in eredienste. Gedrukte bladmusiek, beskikbaar by veral musiekwinkels, stel 'n groot hoeveelheid informele liedere beskikbaar aan orreliste.

</td>
</tr>
</table>




Kommentaar:


B22.3 gee weereens 'n aanduiding van die onvermoë of onwilligheid van 'n groot aantal orreliste om vryelik te improviseer op die orrel.




Kommentaar:

Die respondente se bereidheid om begeleidings vir informele liedere te skryf, ontsluit 'n groot aantal informele liedere vir gebruik in die erediens.

**B23: KEUSE VAN BEGELEIDING VIR GEMEENTESANG**





**Figuur 35: Keuse van liedboekbegeleiding vir gemeentesang.**

<u>Kommentaar</u>: Figuur 35 wys duidelik dat die gewildste begeleidingsinstrument vir *Liedboekliedere* in 'n erediens die orrel is (94 respondente). Hiermee stem die respondente met 'n groot aantal skrywers van liturgiese handboeke en kommentare saam.

Strydom (1994:377-379) skryf dat die kerklike liedboeke kansoniale besettings het met die koraalmelodie in die sopraan en eenvoudige noot-teen-noot, vierstemmige kantorysang. Daarvoor is die pyporrel veral sedert die 19de eeu "feitlik as dwingende, sakrale noodsaak beskou [...] as musikale begeleidingstyl vir kerkliedere." Hy voer verder aan dat daar in die begeleidingsboeke vir eietydse liturgiese sang "uitgegaan word van die standpunt dat die pyporrel die primêre begeleidingsinstrument is. [...] By tradisionele kerkliedere, sowel as by sommige eietydse liedere, word [...] nog vry algemeen gebruik gemaak van die vierstemmige kansoniale besetting. Met nuwere liedere word daar egter dikwels van die kansoniale styl afgewyk ter wille van 'n veel vryer, suiwer instrumentale besettingswyse."

Die voordele van orrelbegeleiding vir liturgiese sang word in hoofstuk 5 bespreek.

In figuur 35 word daar deur slegs een respondent aangedui dat die *band* die gunsteling instrumente is vir *Liedboek*-begeleiding van gemeentesang.




**Figuur 36: Keuse van begeleiding vir gemeentesang met kontemporêre musiek**


Kommentaar: 'n Vergelyking tussen B23.1 en B23.2 toon die volgende keuses[19].

| SANGBEGELEIDING | Kontemporêre musiek | Liedboekliedere |
|---|---|---|
| Net orrel | 15 | 94 |
| Net *band* | 40 | 1 |
| Orrel OF *band* | 33 | 37 |
| Orrel EN *band* | 9 | 1 |
| Orrel EN klavier | 34 | 21 |
| Orrel of *band*, OF orrel en klavier | 5 | 9 |
| Orrel, OF orrel en *band* | 1 | 1 |
| Orrel en *band*, OF orrel en klavier | 1 | 2 |
| Net *band*, OF orrel en *band* | 2 | --- |
| Net orrel, OF klavier en orrel | 1 | 7 |
| Net *band*, OF klavier en orrel | 1 | --- |

[19] Sommige orreliste het by beide B23.1 en B23.2 meer as een begeleidingsvoorkeur aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| Orrel of band, OF orrel en *band* | 3 | 2 |

**B24: GEVARIEERDE BEGELEIDING EN REGISTRASIE**




**Figuur 37: Variasie van begeleiding en registrasie om aan te pas by liedstyl**


<u>Kommentaar</u>:

Uit figuur 37 is dit duidelik dat die respondente wel deeglik aandag gee aan die impak wat gevarieerde begeleiding sowel as registrasie kan hê op verse of liedere met verskille in atmosfeer, boodskap of karakter.

In hoofstuk 5 word daar verder op hierdie saak ingegaan.

## 4.4 SAKOV

### B25.1 – B25.5: SAKOV AANGELEENTHEDE




**Figuur 38: SAKOV aangeleenthede**

Kommentaar:

Uit die terugvoering oor die SAKOV-aangeleenthede het die volgende inligting na vore gekom:

**B25.1 Lid van SAKOV**: Ja 57%, nee 29%, geen terugvoering 14%.

**B25.2 Bywoning van SAKOV byeenkomste**: Gereeld 36%, soms 25%, glad nie 39%.

**B25.3 Waarde van bywoning van SAKOV byeenkomste**: Waardevol 76%, so-so 21%, geen nut 39%.

**B25.4 Indien u die SAKOV byeenkomste nuttig vind, motiveer**: Die 76% respondente wat hierdie byeenkomste nuttig vind, het o.a. die volgende punte genoem[20]:

- Leersaam, genotvol, inspirasie, stimuleer groei, iets nuut.
- Deel dieselfde probleme, koinonia, *networking* baie belangrik.
- Geniet die positiewe hantering van kontemporêre musiek.
- Geniet jonger orreliste se insette veral t.o.v. kontemporêre musiek en improvisasie.
- Praktiese demonstrasies oor samesang en begeleiding is belangrik.
- Waardevol as nuwe publikasies en repertorium bekendgestel word.
- Dit wat ek weet en doen het ek daar geleer.
- Verkies aktuele artikels, veral oor liturgie en gebruik van psalms tot FLAM en VONKK.
- Kry asseblief ons leraars daar!

Die 23% minder entoesiastiese respondente het o.a. die volgende opmerkings gemaak:

- Onderwerpe soms vervelig en nie prikkelend.
- Is te besig met ander dinge.
- Sprekers wat gekry word is 10 jaar agter met tendense in kerkmusiek!
- Byeenkomste laat my erg depressief.

**B25.5 Maak gebruik van SAKOV publikasies**:

Gereeld 37%, soms 34%, glad nie 29%.

### B25.6 WATTER TIPE ARTIKEL IN *DIE MUSIEKLEIER* HET VIR U BESONDERE WAARDE?

Die respondente het breedvoerig aangedui watter inligting en artikels deur hulle verwelkom word.

1. Vakkundig / akademies / wenke vir nuwe of onopgeleide orreliste.
2. Debatvoering oor o.a. geskiktheid van sekere kontemporêre melodieë.
3. Orrelbou, plaaslik en internasionaal, oud en nuut.
4. Improvisasie en tegniek.

[20] Direkte aanhalings van respondente

5. Artikels oor historiese musiek.
6. *Die Liedboek*, kerklied en navorsing daaroor, begeleiding en die toepassing daarvan in die erediens.
7. Praktiese raad vir verskillende eredienste, ook Paasfees en Kersfees.
8. Praktyk van musiekleiers en orreliste.
9. Inkleding van orrelmusiek en die Skrif, funksionaliteit van kerkmusiek.
10. Teologiese en liturgiese tendense, plaaslik en internasionaal.
11. Repertorium: klassiek, kontemporêr, koorwerke.
12. Nuwe bladmusiek, boeke, CD's, DVD's, resensies en kontakbesonderhede van musiekhandelaars.
13. Artikels deur bekende kerkmusici, kompetisienuus, personalia, briewe.
14. Ons kunstenaars en studente se oorsese besoeke.
15. Nuus van ander gemeentes en orreliste.

**B25.7 WATTER TIPE ARTIKELS SOU U GRAAG IN DIE TOEKOMS IN *DIE MUSIEKLEIER* WOU SIEN?**

Soos hierbo, en ook:

1 Lesings wat by SAKOV-byeenkomste gebruik is.

2 Riglyne en verslae van ander gemeentes wat 'n gesonde balans handhaaf tussen tradisionele en kontemporêre liturgiese musiek.

3 Die hantering van kontemporêre musiek deur tradisionele orreliste

4 Kerklied: versierde inleidings en afsluitings.

5 VONKK en die rubriek indelings.

6 Deeglike studie van gospelmusiek: akkoorde, improvisasie, teorie.

7 Lys van orreliste, dienend en afgetree, per streek.


8 Internetskakels vir artikels en bladmusiek, ook internet kontakbesonderhede van oorsese orrelverenigings en plaaslike en oorsese musiekhandelaars.

9 Wisselwerking tussen ervare orreliste en jong orreliste.

10 Praktiese innoverende raad oor die gebruik van die orrel in die liturgie.

Dit blyk dus dat orreliste wat SAKOV-byeenkomste bywoon dit nuttig en leersaam vind en 'n behoefte daaraan het dat SAKOV geleenthede of kursusse reël vir verdere opleiding van

orreliste. Die artikels in *Die Musiekleier* word verwelkom. Daar is veral 'n behoefte aan inligting in verband met kontemporêre musiek en ook werkswinkels om dit prakties toe te pas.




**Figuur 39: Nut van *Die Musiekleier* vir leraars**

Kommentaar:

52% respondente het verklaar dat hul leraars glad nie bewus is van toepaslike artikels nie. 28% het gesê dat hul soms bewus is daarvan en slegs 20% van die leraars is wel bewus van toepaslike artikels. Hierdie situasie kan verander indien die orreliste toepaslike artikels onder die aandag bring van die leraars en kerkraad.

## 4.5 ALGEMENE TERUGVOERING VAN ORRELISTE

**B26 HET U KONTAK (ELEKTRONIES OF ANDERSINS) MET ANDER ORGANISASIES OF TYDSKRIFTE VIR ORREL EN/OF ORRELISTE?**

Volgens die terugvoer het net enkele respondente aangedui dat hulle kontak het met ander organisasies vir orreliste of oorsese orreliste.

**B27 EN B28: WATTER POSISIE BEKLEE U IN U GEMEENTE (BV. ORRELIS, MUSIEKDIREKTEUR, ENS.) EN WAT BEHELS U PLIGTESTAAT?**

Volgens die respondente het die titel waaronder hulle werk by 'n gemeente min te doen met die praktiese pligtestaat. Die terugvoering het 'n groot verskeidenheid van pligte

aangedui wat aan die een kant slegs die speel van 1 diens per Sondag bevat en aan die ander kant van die skaal die volgende twee pligtestate bevat:[21]

- Alle administrasie en organisasie van musiek van verskillende dienste; keuse van liedere, liedere gesing, byhou van lêers, voorbereiding van *band*-musiek (akkoorde, woorde, ritmes), afrigting van kantory, opstel van diensbeurte van sangers en orkeslede, skakeling met sangleiers en ook alles van die gewone pos van orrelis.


- Ons gemeentebestuurder oorlaai my met 1001 verpligtinge soos koppies was, kosmaak, blomme, koor, koordanse, administrasie en dan ook Sondag se dienste.

**B29 EN B30: BELEEF U SOMS SPANNING AANGAANDE U ORRELPOS? INDIEN WEL, WATTER FAKTORE VEROORSAAK HIERDIE SPANNING?**

Uit die statistieke is dit duidelik dat dieselfde spanningsfaktore herhaaldelik voorkom.

1. Koor / kantory.
2. Te min oefentyd / voorbereidingstyd / onbekende liedere.
3. Tegniese probleme soos foute op projektorskerm, kragonderbrekings, mikrofone werk nie, tegnologie (veral klank) onprofessioneel.
4. Onsekerheid oor liturgie, geen oogkontak met leraar.
5. Inmenging of onnodige kritiek van *band* en gemeentelede.
6. Word nie betrek deur musiekbedieningsgroep nie.
7. Streef na hoër kwaliteit maar het te min opleiding.
8. Konflik tussen leraar en orrelis, veral oor tradisionele teenoor kontemporêre.
9. Bykomende werklas a.g.v. informele dienste, soos voorbereiding en verwerking van musiek en ekstra oefeninge.
10. Die leraar, wat self die klankvolume van sy mikrofoon beheer, sing te hard en luister nie na die orrel en voorsangers nie.

[21] Direkte aanhalings van respondente.




**Figuur 40: Finansiële bydrae van gemeente om nuwe bladmusiek aan te koop**

Kommentaar:

Slegs 27% van die gemeentes dra gereeld by tot die aankoop van nuwe bladmusiek.

**B32: NOEM WATTER KOMPONISTE SE MUSIEK OF VERSAMELINGS VAN ORRELWERKE U GRAAG GEBRUIK TYDENS EREDIENSTE.**

Uit die terugvoer is dit duidelik dat die orreliste 'n wye verskeidenheid van liturgiese musiek gebruik. Die Suid-Afrikaanse komponiste en verwerkers soos Albert Troskie, Chris Lamprecht, Izak Grové, Pierre Malan, Babs Brouwer en Niel Pauw is gewild, en ook die verskillende publikasies van SAKOV.

Talle ander verwerkers soos Martin Mans, Jan Zwart en die vele verwerkings van Nederlandse kerkliedere word dikwels genoem. Ouer albums soos dié van Simper, Dicks, die *Organists library* en die *Cloister* albums kom dikwels voor. 'n Verskeidenheid koraalvoorspele en ander werke van veral J.S. Bach, Buxtehude, Handel, Mozart, Walther, Reger, Widor, Gordon Young en Mendelssohn is gewild. Daar word egter selde verwys na verwerkings van informele liturgiese musiek, soos gospelmusiek, vir orrel.

**B33: ENIGE ANDER KOMMENTAAR OF VOORSTELLE.**

Die respondente het hier goed gereageer en 'n wye reeks onderwerpe aangeraak. Die orreliste het duidelik laat blyk dat waar daar by hulle spanning voorkom, of waar hulle

onbevoeg voel, die hele kwessie van **kontemporêre musiek** voorop staan. Daar was opmerkings soos:[22]

1 Die ”stryd“ tussen klassiek en kontemporêr word uitgewis wanneer daar positiewe wedersydse hulp en toegeneentheid is.

2 Die orrelis moet voortdurend nuwe musiek ontgin – kontemporêre musiek en verwerkings daarvan ook.

3 Ek weet min van kontemporêre musiek en hoe om dit te speel. Ek is bereid om te leer, maar waar en hoe kan ek dit doen?

4 Dankie vir SAKOV se groot werk en al die artikels in *Die Musiekleier*. Wat van goeie orrelverwerkings van kontemporêre musiek?

5 Dankie tog dat ek in ’n in gemeente is waar lidmate nie op emosionele vlak gehipnotiseer word deur geestelike popmusiek nie.

6 Dikwels word die *band* toegelaat om substandaard musiek te maak net omdat dit jongmense is wat speel; of die *band* word gebruik net ter wille van die *band*, en nie ter wille van die bydrae tot die erediens nie.

7 Wil die leraars kontemporêre musiek in die diens hê omdat hulle swig voor eise van kinders wat hulle sin in alles moet kry? Sal ons kinders toelaat om ons belydenisskrifte te verander, of voor te skryf watter Skriflesing gedoen moet word?

8 Die orrelis moet innoverend dink en doen en nie alles oorlaat aan die *band* nie!

***Blended worship* het ook ter sprake gekom.**

1 Waar kan ek raad en hulp kry oor *blended worship?* Ek is nie onwillig nie, net oningelig. Kan SAKOV praktiese werkswinkels reël?

2 *Blended worship* werk by ons baie goed, maar dan moet die orrel gestem wees op 440[23].

**Algemene opmerkings.**

1 Die postmoderne lidmate verkies die emosionele ervaring en standvastigheid van bekende melodieë.

2 Die instrument (orrel, klavier of *band*) is nie belangrik nie, maar wel die bekwaamheid van die begeleier om met die nodige finesse by te dra tot die liturgiese moment.

3 Ons orreliste mag nooit ophou om ons verder te bekwaam nie.

---

[22] Direkte aanhalings van respondente.

[23] Dit is konserttoonhoogte of a=440 Herz.

4 Ons orreliste op die platteland het ’n groot behoefte aan voortgesette praktiese opleiding, en miskien ’n diploma wat in modules gedoen kan word.

5 Die orrel is ’n integrale deel van die NGK se spiritualiteit en geloofsbelewenis – herontdek dit en dit sal so bly!

6 Ek is reeds 80 maar kan nie aftree nie omdat daar niemand is wat by my kan oorneem nie.

7 Leraars moet ’n verpligte basiese opleiding in kerkmusiek kry. Ons is in ’n groot mate afhanklik van hulle oningeligte musiekkeuses.

8 Predikante moet besef dat orreliste nie ’n CD-speler is met ’n aan-af knoppie nie. Ons moet voorberei!

9 Die weeklikse eredienswerkgroep is noodsaaklik. Toegewydheid is ononderhandelbaar. Die verskillende spiritualiteite moet mekaar ruimte gee vir musiekvoorkeure.

10 My gemeente is onnodig krities; selfs die engel Gabriël sal gekritiseer word!

OPSOMMING

Volgens die vraelyste wat terug ontvang is word die orrel in 80% van die gemeentes gereeld gebruik. Die 8% gemeentes wat aandui dat die orrel glad nie gebruik word nie is oorwegend stedelik en voer veral drie redes aan: finansiële probleme, ’n tekort aan orreliste en ’n kontemporêre spiritualiteitstipe waar ’n *band* verkies word.

Die gemeentes wat drie of meer dienste per Sondag het is hoofsaaklik voorstedelik. Die groter aantal dienste skep meer geleentheid waar dienste van verskillende spiritualiteitstipes aangebied kan word. Die orrel word by alle spiritualiteitstipes gebruik: by formele dienste die meeste en by kontemporêre dienste die minste. Daar is ’n merkbare verskil tussen die gebruik van instrumente tydens kwartaaltyd teenoor langnaweke en vakansietyd. Orrel word in kwartaaltyd veral gebruik by oggenddienste waar daar net een instrument gebruik word. Tydens aanddienste word klavier, *band* of CD’s meer gebruik. Slegs 25% van die gemeentes het aanddienste gedurende langnaweke en vakansietyd. Daar word orrel met kontemporêre dienste nie gebruik nie maar wel by 62% van die dienste met ander spiritualiteite. Die rol wat orreliste speel by die keuse van liedere vir gemeentesang is beperk en orreliste neem by slegs 44% van dienste deel aan liturgiese beplanning.

Orrelspel word oorwegend verkies om gemeentesang te begelei met die sing van *Liedboekliedere*. Met ander liedere word klavier, die *band* of CD’s ook gebruik. Orrelspel word ook hoofsaaklik gebruik vir die voorspel en naspel tot ’n erediens.

Gemeentes en/of leraars stel dat hulle belewenis t.o.v. orrelgebruik 90% positief is. Tog dui die respondente aan dat kerkmusiek inderdaad ‘n bron van ernstige konflik in die NG Kerk is tussen

die verskillende rolspelers in die gemeentes: leraar en orrelis, orrelis en gemeente, eredienskommissies of gemeentebestuurders en die orrelis, en ook die orrelis en die sg musiekbediening, *band*, of wat dit ook al in daardie spesifieke gemeente genoem word.

Die leraar sal bv. aandui dat die orrelis bekwaam is om goeie werk te doen, maar op die volgende bladsy skryf dat die orrelis die bekwaamheid selektief gebruik en nie bereid is om deel te wees van 'n musiekbediening nie. Daar was ook enkele leraars wat pertinent gesê het dat die orrel glad nie meer gebruik kan word in die postmoderne kerk nie, soos[24]:

- In 'n vernuwende gemeente pas 'n orrel met tipiese orrelmusiek nie in nie.
- Ons het 'n kontemporêre aanbiddingstyl met 'n bekwame musiekbedieningsgroep, dus word die orrel nie meer gebruik nie.

Orreliste het ook van hulle kant af duidelik laat blyk dat waar daar by hulle spanning voorkom, of waar hulle onbevoeg voel, die hele kwessie van kontemporêre musiek voorop staan. Daar was opmerkings soos:

- Ek ervaar konflik tussen my en ons leraar, veral oor tradisionele teenoor kontemporêre.
- Ons gemeente voorsien dat die gebruik van die orrel binne 5 jaar totaal vervang gaan word deur die *band* en CD's of DVD's.

Dan was daar egter ook positiewe opmerkings waar 'n verskeidenheid van oplossings oor die kwessie van hedendaagse liturgiese musiek voorgestel is. Van die leraars se kant af was daar ook opbouende en waarderende kommentaar soos:

- Baie tevrede met uitstekende orrelis. Sy lewer 'n positiewe bydrae tot die sang en die erediens as geheel.
- Ek besef opnuut hoe bevoorreg ons is om die dienste, kundigheid, openheid en aanpasbaarheid van 'n uiters bekwame orrelis te hê.

Vraag B32 handel oor die bladmusiek wat orreliste verkies. Daar was maar enkele antwoorde wat verwys na die talle goeie, nuwe orrelverwerkings van kontemporêre en ook tradisionele liturgiese liedere, of inderdaad na enige orrelboeke wat na 2005 verskyn het. Daar is tans 'n hele aantal boeke met verwerkings van ook VONKK- en FLAM-liedere beskikbaar wat lig kan bring vir dié orreliste wat nie maklik self kan improviseer of verwerk nie.

In die antwoorde op die vraelyste was daar 'n aantal orreliste wat moedeloos en sonder inspirasie is, wat reeds die handdoek ingegooi het en maar net die minimum doen om te sorg dat daar maar 'n bietjie musiek is op 'n Sondag. Deur nog steeds kwaliteitwerke te speel, ook waar dit gebaseer is op kontemporêre musiek, kan orreliste die saak van die orrel net goed doen en 'n positiewe deel vorm van hulle gemeentes se erediensbelewenis.

[24] Direkte aanhalings van respondente.

In hierdie hoofstuk is die persepsie van die gebruik van die orrel in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk bespreek. In hoofstuk 5 word gekyk na die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie studie.

# HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

As orrelis in 'n groot moderne gemeente van die NG Kerk kom ek daagliks te staan voor nuwe ontwikkelinge en veranderings in die liturgie en liturgiese musiek. Ons 3000 lidmate se gemiddelde ouderdom is 38 jaar wat tot gevolg het dat die gees van die gemeente jonk en lewendig is. Die volwasse lidmate beoefen hoofsaaklik professionele beroepe en stel hoë eise aan eredienste. Tydens die vyf dienste op 'n gewone Sondag word die orrel net by die formele oggenddiens gebruik. Gelukkig het ons gemeente 'n besondere orrel en 'n groeiende groep orrelliefhebbers van alle ouderdomme. Dit is vir ons 'n prioriteit dat die orrel nie verder gemarginaliseer word nie.

Daar bestaan egter ook heelwat negatiewe sienings oor orrelspel in die hedendaagse eredienste van die NG Kerk. Hierdie persepsie is nie net beperk tot leraars en gemeentelede nie. Te oordeel aan die negatiewe terugvoering wat in die respons op die vraelyste van sommige orreliste ontvang is, is 'n deeglike besinning oor die rol van die orrel in die NG Kerk noodsaaklik.

Daarom is die navorsingsvraag van hierdie studie wat in hoofstuk 1 gestel word:

Hoe kan die orrel effektief gebruik word in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk?

Die vier subvrae wat die navorsingsvraag toelig is:

- Wat is die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgie van eredienste in die NG Kerk?
- Wat is die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgiese musiek van die NG Kerk?
- Wat is die persepsie oor die gebruik van die orrel in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk?
- Wat is die kennis en vaardighede wat 'n kerkorrelis nodig het om die orrel effektief in die hedendaagse eredienste te kan gebruik?

In hoofstuk 2 word die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgie van eredienste in die NG Kerk bespreek. 'n Paradigmaskuif het gedurende die afgelope aantal dekades plaasgevind in die liturgie van die NG Kerk as gevolg van die oorgang van modernisme na postmodernisme. Postmoderniste verwag gefundeerde vernuwing in hulle Christelike ervaring en verwerp tradisionalisme, institusionalisme en formalisme.

Die basis van die hedendaagse liturgie van die NG Kerk is nog steeds dit wat van die Nederlandse voorvaders oorgeëërf is. Dit het 'n basiese liturgiese raamwerk of hoekstene, maar dit is nie rigied wat die inkleding daarvan betref nie. Hierdie raamwerk gee aan die lidmate 'n gevoel van sekuriteit wat 'n erediens vir hulle 'n bekende ervaring maak. Die liturgiese orde moet, volgens Schelt (1996:67), so saamgestel wees dat daar 'n vloeiende, persoonlike interaksie tussen God en die mens plaasvind. Daarom sal elke gemeente 'n individuele self-ondersoek moet doen om vas te stel wat die behoeftes van die lidmate is en of die gemeente se eredienste aan daardie verwagtinge voldoen.

Volgens Müller (1990:56-57) moet die hoekstene van die liturgie almal teenwoordig wees, maar Campbell (2013:150) skryf dat daar by missionale gemeentes 'n duidelike beweging weg is van die formalistiese liturgie na buigsaamheid en kreatiwiteit, waardeur variasie of weglating van liturgiese elemente die dinamiese aard van die liturgie en dus ook die erediens beklemtoon.

Volgens Horness (2004:102) is die belangrikste aspek van 'n erediens dat aanbidding eerlik en outentiek moet wees. Verskillende lidmate sal hierdie egtheid op verskillende maniere ervaar en daarom voorkeur gee aan eredienste met 'n spesifieke spiritualiteit. Die lidmaatprofiel van 'n gemeente sal noodwendig die struktuur en spiritualiteit van die eredienste bepaal sodat die lidmate sal tuisvoel in die gemeente. Om 'n spesifieke stemming en atmosfeer tydens 'n erediens te bereik word gebruik gemaak van uiteenlopende style van liturgie. Postmoderne aanbiddingstyle lei na eredienste waar daar veral vier spiritualiteite gebruik word: formeel, kontemporêr, meditatief en konvergensie of *blended worship*. Die verskillende spiritualiteitstipes steun op 'n spesifieke stemming en atmosfeer in eredienste.

Die stemming en atmosfeer is 'n belangrike faktor in die gemeente se ervaring en belewenis van die erediens. Die mens word in totaliteit beïnvloed daardeur: sy emosies, verstand en ook sy liggaam. Müller (1990:28-29) skryf:

> Die stemming wat mense beleef is net soveel 'n werklikheid as die banke waarop hulle sit. En dit is nie net werklikheid nie, maar 'n medebepalende faktor in die kommunikasie wat plaasvind (of nie plaasvind nie.) […] Jou totale waarneming van die erediens word gekleur deur jou stemming. (Müller, 1990:28-29)

Müller (1990:28-29) skryf verder dat 'n erediens primêr God se byeenkoms is. Die Heilige Gees moet gesien word as eerste Skepper van atmosfeer in die erediens. Fisiese wetmatighede soos akoestiek, harde of sagte banke, ligintensiteit, klankvolume, akoestiek, temperatuur en kleure moet ook in ag geneem word. Die totale sintuiglike ervaring wat die omgewing veroorsaak, speel 'n groot rol om 'n bepaalde atmosfeer te skep (Müller, 1990:28-29).

Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat postmoderne gemeentes elkeen 'n eie atmosfeer, groei-tempo en karakter het. Die liturgie en liturgiese musiek van 'n gemeente word

hierdeur bepaal en dus ook die spiritualiteit(e) van die gemeente se eredienste. Daarom is dit noodsaaklik dat elke gemeente ‘n bepaalde benadering ten opsigte van lidmaatbediening ontwikkel, wat ook die bediening van liturgiese musiek insluit. Aspekte wat oorweeg kan word, sluit volgens Warren (1995:253) die volgende in:

- Die verwagtinge wat lidmate van God en die kerk het.
- Die profiel van die bestaande en toekomstige lidmate van die kerk.
- Die grootste behoeftes van ou en nuwe lidmate.
- Metodes om lidmate geliefd en geborge te laat voel.
- Die ontginning van die gawes en talente van lidmate, waardeur hulle in diens van God en die kerk kan staan.

In hoofstuk 3 word die liturgiese musiek in die hedendaagse eredienste van die NG Kerk ondersoek en die tweede subvraag word beantwoord. Binne die postmodernistiese denkraamwerk openbaar kerkleiers en gemeentes uiteenlopende standpunte oor kerkmusiek. Volgens Kloppers (2002:12) ontstaan die vraag hoe daar voorsiening gemaak kan word vir alle groepe in die erediens, sodat daar aan almal se behoeftes voldoen kan word. Keller (2001) vra dat die voorstanders van tradisionele kerkmusiek die kultuurerfenis van gereformeerde kerke krities moet ondersoek om te bepaal of die sestiende-eeuse Noord-Europese benadering tot emosionele uitdrukking en musiek (soos in die Hervormingsnalatenskap) ten volle deur die Bybel geïnspireer is, en of dit daarom behoue moet bly. Keller (2001) skryf verder: “Too often, advocates for ‘high culture’ or ‘pop culture’ worship music try to make their advocacy a matter of theological principle, when their conviction is really more a matter of their own tastes and cultural preferences*”*.

Die gebruik van verskillende musiekstyle lei dikwels na meningsverskille en *worship wars* in gemeentes aangaande die behoud van die kultuurerfenis teenoor stylintegrasie, veral wat die gebruik van die orrel in hedendaagse eredienste betref. Stylintegrasie moet sensitief hanteer word. Haines (1995) skryf dat:

> Unfortunately, style integration is a war zone for many leaders – even godly leaders. Often, the problem arises from two misconceptions: first, that traditional music is excellence and contemporary music is mediocrity; and second, that traditional music is bondage and contemporary music is freedom (Haines, 1995).

Die gebruik van die orrel is een van die kontensieuse aspekte van liturgiese vernuwing en ook die derde subvraag van hierdie studie. Volgens die data wat uit die vraelyste ontvang is, word daar in die NG Kerk in 80% van die kerke gereeld orrel gespeel, by 12% net soms, en by 8% glad nie. Volgens die leraars wat afdeling A van die vraelys voltooi het is daar hoofsaaklik drie redes waarom die orrel nie gebruik word nie: die gemeente het nie ‘n orrel in werkende toestand

nie, die gemeente het nie ‘n orrelis nie of die gemeente verkies ‘n musiekbedieningsgroep wat in ‘n ligter aanbiddingstyl speel (sien Aiv, p31).

Gepaste instrumentale musiek is een van die nuttigste maniere om die gewenste atmosfeer tydens ‘n erediens te skep. Volgens Viljoen (2006:765) is ‘n groter bewustheid van die stemmingsfunksie van musiek nodig. Musiek intensiveer dit wat ons doen en sê en gee uitdrukking aan emosie. Musiek tree kommunikatief op wat ons intellek en ook ervaring betref.

Soos reeds genoem, sê Kruger (2007b:23) dat in die herbesinning van die aard en doel van kerkmusiek die strewe na uitnemendheid gevolg moet word. Schelt (1996:48) se eerste beginsel van ‘n Bybelse teologie in aanbiddingsmusiek is dat die oorsprong van musikale kreatiwiteit toewyding vereis aan ‘n objektiewe standaard van uitnemendheid. Hy verwys na God as die bron van alle kunssinnigheid, as die estetiese standaard. Dit plaas ‘n groot verantwoordelikheid op die skouers van opgeleide musici, en veral opgeleide orreliste, om ten volle betrokke te wees in die reformering wat daar tans in die liturgiese musiek aan die gang is. Dit is nie genoeg om net ’n tradisionele orrelis te bly wat veilig verskans is agter die bekende en bewese maniere van orrelspeel nie. Postmodernisme gaan toenemend hoër eise stel van deelname aan liturgiese musiek wat voldoen aan die eise van die verskillende spiritualiteite.

Lovelace en Rice (1976:203-207) gee ‘n aantal riglyne vir die keuse van kontemporêre liturgiese musiek vir ‘n erediens:

Lofprysing en aanbidding is alleenlik suksesvol indien die gemeente daarmee kan identifiseer. Indien die musiek die gemeente verdeel, en nie die hele gemeente betrek en geestelik voed nie, is dit waarskynlik ‘n swak keuse. Kerkmusiek moet die aandag lei na God en nie na die eie-ek nie.
Daar is nie heilige musiek nie, maar wel goeie of slegte, gepaste of ongepaste musiek. Die beginsel van uitnemendheid moet altyd geld. Gebruik eerder ‘n eenvoudige lied wat uitnemend gesing word as ‘n moeilike lied wat afbreuk doen aan die erediens. Alle musiek moet net so versigtig gekies word as die res van die liturgie; dit moet die gemeente daarin verenig om God te loof en prys.
Die orrelis/musiekleier moet bowenal kommunikeer met die gemeente. Waar hy/sy optree as profeet en priester en die liefde van God deur die liefde van mense verkondig, sal die gemeente as ‘n eenheid vir God aanbid. (Lovelace en Rice, 1976:203-207)

Tydens ‘n erediens sal die spiritualiteit van die erediensgangers ‘n groot invloed uitoefen op die liturgie en ook die aard van die liturgiese musiek wat gebruik word. Met die aanvang van die erediens word ‘n spesifieke karakter geskep wat dien as voorbereiding vir die res van die diens (Kennel, 2006:14). Buiten die orrel en/of ander simfoniese instrumente, kan die klavier of *band* gebruik word, instrumentale of vokale CD’s of ander multimedia. Beligting kan ook effektief

gebruik word. Soms sing die gemeente ‘n groep liedere sodat die gemeente aktief en doelmatig deelneem aan die skepping van ‘n spesifieke atmosfeer.

Volgens Kennel (2006:15) moet die spanningskurwe van ‘n erediens musikaal fyn beplan word. “Waar word spanning opgebou en tot ‘n hoogtepunt gevoer, of waar moet musiek ‘n ontspanningsfase na afloop van ‘n hoogtepunt vorm terwyl dit byvoorbeeld ruimte bied vir nadenke of nabetragting. […] Musiek kan juis ‘n belangrike skarnierfunksie vervul en emosionele oorgange en atmosferiese veranderings skep asook as eenheidsband dien tussen verskillende stemminge in die erediens.” Kennel bepleit hier die gebruik van improvisasie, meestal op die orrel, omdat dit oombliklik buigsaam is en reg kan laat geskied aan enige situasie.

Die musiek waarmee die gemeente uit die kerkgebou beweeg behoort die atmosfeer van die slotlied voort te sit deur byvoorbeeld ‘n koraalverwerking daarvan te gebruik. Ander gepaste instrumentale musiek kan ook gespeel word. By eredienste waar ‘n kantory gebruik is, kan hulle ‘n gepaste lied sing.

> To fulfill his part adequately the organist must know what is appropriate, recognizing that there is a difference between service and recital music. […] He must know what the dominant mood of the service ending will be lest he ruin it by playing a loud toccata when a quiet chorale will be preferable. He will discover that a composition based on the closing hymn will do wonders to project the mood of the service beyond the church doors. (Lovelace & Rice, 1976:81)

‘n Erediens waar die musiek en liturgie so noukeurig uitgestip word, verg vanselfsprekend deeglike beplanning en voorbereiding deur alle rolspelers. ‘n Orrelis wat sy repertorium wil uitbrei kan as basis die breë spektrum van die formele klassieke en moderne orrelliteratuur ontgin. Daarby kan ook aantreklike hedendaagse werke gevoeg word deur byvoorbeeld die volgende bundels te gebruik:

- *Hallelujah! What a Saviour!* (Varner - Lillenas.)
- Babs Brouwer – verskeie bundels
- *Organ Praise and Worship – contemporary arrangements* (Sprunger – Lillenas)
- *Crystal Cathedral Golden Collection* (Fred Bock Music)
- *Praise Organist volume 2* (Wyrtzen – Word Music)
- *Unending Praise* (Doran – Lillenas)
- *Jubileum 25ste Uitgave* (Ambitieus Serie – Den Hertog)
- *An Album of Trumpet Tunes* (Tucker – Alfred)
- *Big brown book of organ solos* (Word Music)
- *Three Trumpet tunes on Christmas Hymns* (Lasky – Warner Bros. Publications)
- *Christmas Masterpiece* (Varner – Lillenas)

- SAKOV 30 Feesbundel 2010
- SAKOV Erediensmusiek 2011

**VOORBEELD 1: WIM VILJOEN, *FANFARE (KYK DIE HEER HET OPGESTAAN)* UIT SAKOV 30 FEESBUNDEL**




Overduin (1993:38-41) skryf dat die aanvaarbaarheid van instrumentale liturgiese musiek vir gebruik in die erediens nie daarvan afhang of dit ‘n koraalvoorspel is of “vrye” musiek nie. Dit word wel daardeur bepaal tot watter mate die orrelis en gemeente dit beleef as aanbiddingsmusiek.

Die hedendaagse lidmaat het ‘n behoefte daaraan om kerkliedere met oorgawe te kan sing. Kruger (2007b:17) skryf dat die klem al sterker geplaas word op die lied as eiendom van die lidmaat wat dit gaan sing. As postmoderne Christene het hulle ‘n emosionele en intellektuele behoefte aan vernuwing en die tersaaklike, geklee in hul eie kultuur en persoonlike smaak. Vorster (1996:83) voer aan dat die lidmaat juis ‘n behoefte het aan subjektiewe belewing; hy wil geborge voel tydens die gemeentesang. Tydens aanbidding moet die lidmaat ten volle betrek kan word: geestelik, fisies en emosioneel. Daar mag geen verhindering wees wat sy volle oorgawe aan die tweegesprek met God kan belemmer nie.

Volgens Hanekom (2010:18) is die kerk ‘n lewende organisme wat nie staties bly nie. “Terwyl die wese van die ware kerk nooit sal verander nie, het die gesig of uitdrukkingsvorm daarvan deur die eeue al baie gestaltes aangeneem” (Hanekom, 2010:18). Dit geld ook vir liturgiese musiek. Aanbidding in die meeste Gereformeerde kerke word beïnvloed deur die opkoms van

die charismatiese beweging en die wêreldwye groei van Pinksterkerke. Daarmee saam het die sogenaamde *Praise and Worship*-beweging (P&W) die Gereformeerde liturgie en liturgiese musiek sterk beïnvloed. Hulle gebruik 'n spesifieke liturgie, waar lofprysing die basis vorm, en die sogenaamde *Worship team* (meesal 'n groep leke-lofprysingsleiers) 'n belangrike rol speel. Die belangrikheid daarvan om "God te ervaar" vervang die tradisionele rasionele aanbiddingspatroon.

Met die *Praise and Worship*-beweging is die verandering in gemeentesang duidelik waarneembaar in die vervanging van lang Psalm- en Gesangtekste met korter liedere waardeur die emosie aangespreek word. Indien die hart aangeraak word deur die musiek is die tradisionele klem op korrekte teologie, grammatika en punktuasie 'n bysaak. Die klemverskuiwing is ook duidelik in die feit dat drama en visuele simbole toenemend gebruik word in die aanbidding. Groter klem word ook gelê op 'n preek wat direk tot die gemeente spreek.

Die invloed van hierdie verskuiwing is wêreldwyd. Musiek uit 'n Pinkster of charismatiese agtergrond word ook in Suid-Afrika in Gereformeerde kerke gebruik (soms met aangepaste woorde) in 'n poging om "Gereformeerd-korrek" met charismatiese oorgawe te verenig. De Vries (2013:20) skryf: "Een kerklied moet verbinden. […] De Bijbel geeft diverse beelden van God die in het verleden niet allemaal de ruimte hebben gekregen. Ik wil aan die diversiteit recht doen". Hierdie stelling geld ook vir instrumentale musiek. Die verskillende aanbiddingstyle wat in die hedendaagse eredienste gebruik word kan deur die verskillende gemeentes verskillend hanteer word. Groter gemeentes kan meer as een diens hou met elk sy eie spiritualiteit, terwyl 'n ander gemeente gebruik kan maak van *blended worship* waar verskillende spiritualiteite in een erediens gebruik word.

Waar die orrelis betrokke is by hedendaagse dienste sal 'n eiesoortige klank en begeleidingstyl vir elke spiritualiteit noodsaaklik wees. By die klassieke of formele erediens word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van orrel en simfoniese instrumente. 'n Solistiese voorsanger sal selde sing, maar 'n kantory kan 'n positiewe verskil maak aan die gemeentesang, veral waar die orrelis innoverende begeleiding gebruik. In die *Liedboek* is daar 'n verskeidenheid liedtipes, soos responsoriese liedere, keerversliedere, refreinliedere en kanons waar die kantory saam met die orrel die gemeente kan lei. VONKK[25]-liedere kan met groot vrug in die liturgie gebruik word en selfs sekere FLAM-liedere, soos "In die hemel is die Heer", sal met entoesiasme deur

---

[25] VONKK-liedere is nou volledig beskikbaar op 'n geheuestokkie by adele@bmedia co.za  Dit bevat die teks in Word-formaat, PowerPoint van elke lied, melodielyn met akkoorde (*lead sheet*), orrel- en/of klavierbegeleidings, beskikbare kantoryverwerkings en musikale verryking asook 'n 30 sekonde demonstrasiesnit van hoe die lied klink. Van die liedere is ook op DVD en CD beskikbaar.

die gemeente met orrelbegeleiding gesing word. Funksionele instrumentale musiek kan bestaan uit die standaard repertorium maar moderne verwerkings van bekende liedere, soos in die twee groot nuwe SAKOV-bundels, kan die erediens grootliks verryk. Orrelverwerkings van *Praise and Worship* liedere kan meewerk om die voorliefde van gemeentelede vir orrelmusiek uit te brei.

By kontemporêre dienste sal daar waarskynlik nie ‘n tradisionele liturgie gebruik word nie en word daar net soveel tyd spandeer aan sang en musiek as aan die prediking. Die musiekbedieningsgroep, of *band* met voorsangers, lei die gemeentesang en wil die gemeente se emosie en belewenis betrek. Omdat die musiekstyl neig na die wêreldlike eweknie is die klankvolume dikwels veel harder as by die ander spiritualiteitstipes.

Meditatiewe of adoramusdienste het nie ‘n spesifieke liturgie nie. Stemming en atmosfeer is belangrik; die sensitiewe orrelis kan hier by uitstek gebruik word. Stiltes of stil gebede word gebruik en enige musiek wat “besig” of onrustig kan wees word vermy. Informele liedere of Taizé-tipe liedere word dikwels gebruik, asook spesifieke CD-snitte, klavier of orrel maar selde die *band*.

*Blended worship*- of konvergensie eredienste maak gebruik van elemente van bogenoemde drie spiritualiteite. Hierdie samevoeging van verskillende musiek- en aanbiddingstyle het die bykomende voordeel dat die eenheid in die gemeente hegter is as wanneer daar vir elke spiritualiteit ‘n aparte diens gehou word. Die gemeentesang deel een repertorium van liedere met goeie samewerking tussen die verskillende rolspelers van die gemeente se musiek. In ‘n ware konvergensiediens word die musiekstyle versigtig afgewissel om die diens se spiritualiteit ten beste te dien. Ensemble-moontlikhede van die orrel kan veral hier ontgin word; nie net met ‘n viool of trompet nie, maar ook met perkussie of die musiekbedieningsgroep. Die orrelis sal musiek gebruik wat makliker aanvaar word deur die kontemporêre lidmate; die kontemporêre liedere sal eerder net informeel wees en die band se perkussie en elektriese kitare sal nie oorverdowend hard speel nie. Die twee groot probleme by hierdie dienste is eerstens die intonasie van die verskillende instrumente (‘n stemming van a=440 Herz vir alle instrumente is noodsaaklik), en dan ‘n byna onoorkomelike probleem: die kerkgeboue waar die orrel geïsoleer staan in so ‘n posisie dat die ander instrumente oor die lengte of breedte van die kerk met die orrel moet saamspeel. Akoesties is daar meesal ‘n sekonde se tydsverloop voor die klank van die orrel by die *band* uitkom. Om dan ensemble-werk van hoogstaande gehalte te lewer is uiters moeilik en verg baie oefening.

By ‘n geslaagde hedendaagse erediens word nuwe perspektiewe geopen in ‘n opregte verlange na ‘n ontmoeting tussen God en mens. Samewerking met alle betrokkenes, maar veral ook deeglike selfondersoek, behoort die taak vir die orrelis te vergemaklik. Faktore wat meehelp, buiten skriflesing, gebed en prediking, is veral sang en musiek, die spreektaal en kommunikasie van die prediker en musiekleier, beligting, gevorderde klanktoerusting en die gebruik van

multimedia. Hierdie faktore moet egter ondergeskik bly aan die teologiese diepte van die erediens.

Die rol van musiek en sang in die erediens is belangrik maar mag nie die primêre element wees nie. Kruger en Smit (2001:15-16) verwys na die persepsie dat die reformatoriese kerklied nie meer ‘n middel tot ‘n doel is nie, maar ‘n doel op sigself, en skynbaar moet regmaak waar die prediking gefaal het. Callahan (1994:30-31) sê dat waar die liturgiese musiek dinamies en inspirerend is, die prediking op ‘n 9/10 geëvalueer word. Dieselfde preek sal slegs ‘n 5/10 kry wanneer die musiek nie op standaard is nie.

Die formaat van kerkmusiekbundels speel ‘n belangrike rol by gemeentesang en ander liturgiese musiek in hedendaagse eredienste. Liturgiese musiek word nou aangekoop by ‘n groot verskeidenheid uitgewerye. Daarmee saam is daar ook die tegnologie wat nodig is om eredienste in die eietydse idioom gladweg te laat verloop: opnames, fotostate, klankversterking, rekenaars, multimedia-projektors, DVD- en CD-spelers, beligting, ensovoorts.

Die ontwikkeling van tegnologie soos die internet en ander multimedia speel ook ‘n groot rol in die verspreiding van nuwe liturgiese musiek. Aan die een kant is daar die aanlyn-bundels (soos FLAM en VONKK) waardeur gekeurde musiek met begeleiding vir ‘n verskeidenheid instrumente of kantorye versprei kan word. Aan die ander kant is daar musiek wat vanaf die groot uitgewers kan uitgaan en deur gemeentes gebruik word sonder enige teologiese of musikale keuring.

‘n Suksesvolle erediens vereis goeie beplanning van ‘n eredienswerkgroep waar ten minste die leraar, orrelis of ander musikante en tegniese span saamwerk om ‘n standaard van uitnemendheid te bewerkstellig. In so ‘n beplanningsessie kan die hele liturgie tot in die fynste besonderhede beplan word: die tema van die skriflesing en prediking, gemeentesang, instrumentale tussenspele of voorspele, beurtsang en responsoriese sang, stemming en atmosfeer, beligting, voorlesings, die gebruik van multimedia, oomblikke van stilte, ensovoorts (Heyns, 1998:18-21; Steinmann, 1996:15-19). In hoofstuk 4 figuur 21-22 (p 48-49) word egter aangetoon dat daar in werklikheid min gemeentes is waar ‘n eredienswerkgroep funksioneer.

In hoofstuk 4 word die persepsies aangaande die gebruik van die orrel van meer as 400 leraars en orreliste bespreek. Volgens onderstaande tabel (hoofstuk 4, figuur 31, p 57) is die leraars se persepsie van die effektiewe gebruik van die orrel hoofsaaklik positief.

Hoofstuk 4, figuur 32 (p 57)

| Vraag: | Puik | Goed | So-so | Swak |
|---|---|---|---|---|
| Belewenis van orrelspel in die algemeen | 48% | 45% | 7% | 1% |
| Belewenis van gemeentesang met orrelbegeleiding | 47% | 43% | 8% | 2% |
| Inspirasie uit orrelbegeleiding | 49% | 40% | 9% | 2% |
| Gemeentebelewenis van orrelsolo's | 47% | 45% | 7% | 1% |
| Orrel se positiewe bydrae tot erediens | 57% | 35% | 6% | 2% |
| Voldoende vaardighede van orrelis | 65% | 26% | 7% | 3% |

Die leraars kon in hoofstuk 4, vraag A32 (p 60-61) enige verdere kommentaar lewer oor die gebruik van die orrel, die spel van die orrrelis of die gemeente se liturgiese musiek. Die negatiewe kommentaar van die respondente het hoofsaaklik die kwessie van tradisioneel teenoor kontemporêr aangeraak, met kommentaar soos: vernuwende denke sluit orrel en orrelis uit.

Sommige leraars is besorg oor die instandhouding van die orrel en vra of die orrel 'n luukse is wat behou moet word vir sentimentele redes.

In hierdie studie was daar 'n groot aantal versoeke vir meer orrelwerkswinkels van die leraars af, veral om die orreliste te bemagtig ten opsigte van kontemporêre musiek. Hoofstuk 4, figuur 33 (p 58) toon 'n 50/50 benadering van leraars teenoor die belangrikheid van algemene verdere opleiding van orreliste en 53% van die gemeentes sou bereid wees om te betaal daarvoor.

In hoofstuk 4, vraag A32 (p 60-61) het die leraars oorwegend positiewe kommentaar gegee aangaande orrels en orreliste. Opmerkings soos die volgende het telkemale voorgekom:

- Ons is baie tevrede met 'n goeie orrelis. Die orrelmusiek lewer 'n positiewe bydrae tot die sang en erediens.

Die huidige en toekomstige beskikbaarheid van orreliste het heelwat kommentaar gekry:

- Ons kan nie ons orrel gebruik nie want ons kan nie 'n orrelis kry nie.
- Wanneer ons bekwame orrelis aftree is daar nie lig voor nie.

Sommige leraars het nuttige voorstelle gemaak:

- Dis noodsaaklik dat orreliste formele en ook informele begeleiding moet kan doen om die skeidslyn in gemeentes uit te wis.

- Ons wil hê dat die lidmate meer betrokke moet raak by die musiekbediening. Gee vir ons meer verwerkings van *Liedboek*-liedere en ook ander liedere sodat meer instrumente kan saamspeel.
- Reël verdere opleiding in liturgiese musiek vir die leraars.

Indien fig. 33 (p 58) in samehang met fig. 22 en fig. 23 (p 49) beskou word, blyk dit dat die inspraak van orreliste op die liturgie en liturgiese beplanning redelik min is. As mede-liturg sou die bydrae van die orrelis 'n positiewe invloed kon hê op die verloop van eredienste.

Afdeling B het die persepsies van orreliste getoets aangaande aspekte soos hul orrelposte, opleiding, bekwaamheid, gesindheid, posbeskrywing en pligtestaat. Vraag B33 (p 81-83) in hoofstuk 4 het aan orreliste die geleentheid gegee om kommentaar te lewer oor enige aspek van hulle belewenis van musiekbediening. Hul kommentaar was oorwegend positief, met onder andere versoeke vir meer geleenthede vir verdere opleiding in veral kontemporêre liturgiese musiek. Die negatiewe kommentaar het hoofsaaklik gehandel oor swak verhoudings met leraars en kerkrade asook 'n gevoel van onbekwaamheid ten opsigte van kontemporêre musiek. (Sien hoofstuk 4, veral B7-B15 en B33).

In hoofstuk 4, figuur 31 (p 56) word aangetoon dat die gemeente-ervaring van orrelspel in die algemeen baie positief is: slegs 8% van die respondente het 'n mate van negatiwiteit teenoor orrelspel uitgespreek. Indien orreliste hierdie positiewe ervaring van die leraars en gemeentes se kant hul eie maak, sou daar met meer vreugde en entoesiasme gewerk kan word aan die skaafplekke in liturgiese musiek.

In hoofstukke 3 en 4 (veral B1-B20) word daar telkens melding gemaak van die noodsaaklike vaardighede van 'n orrelis. Die kennis en vaardighede wat 'n effektiewe orrelis benodig is dan ook die vierde navorsingsvraag van hierdie studie. Die mate waartoe 'n orrelis sy vaardighede ontwikkel om te kan inskakel by verskillende tipes liturgiese musiek, sal tot 'n groot mate bepaal hoe betrokke hy by kerkmusiek kan wees. Sensitiewe spel en begeleiding is onontbeerlik. Die orrelis moet enersyds die gemeente kan lei met gemeentesang en met insig die verskillende verse van 'n kerklied registreer en speel en andersyds moet hy oor die vermoë en gesindheid beskik om as deel van 'n groep musikante op te tree, as leier of as deelnemer. Ritmiese standvastigheid en korrekte tempo's is noodsaaklik vir gemeentesang waaraan met oorgawe en entoesiasme meegedoen word. Verder moet die orrelis sy instrument ook goed ken en vaardig wees om die potensiaal van die instrument ten volle te ontsluit. Daarby kom die vereistes van die verskillende tipes eredienste wat geskoei word op die verskillende spiritualiteite.

Uit die aard van die deursnee-orrelis se aanvanklike opleiding bestaan die repertorium van 'n nuutgekwalifiseerde orrelis grotendeels uit historiese kerkmusiek wat aangeleer is om spesifieke

akademiese doelwitte te bereik. Hierdie repertorium sal waarskynlik nie voldoen aan die vereistes en behoeftes van ‘n postmoderne liturgie nie.

Volgens die terugvoer op die vraelyste in hoofstuk 4 het 60% van die orreliste ‘n formele opleiding gehad. Van die 40% met ‘n informele opleiding dui die meerderheid aan dat hulle wel opleiding ontvang het in byvoorbeeld begeleiding en repertorium. Volgens die studie wat Heunis (2008:49) gedoen het by NG gemeentes in Port Elizabeth, wys die resultate dat slegs 4% van daardie orreliste nie formele opleiding ontvang het nie en 17% het ‘n B.Mus. graad met orrel as hoofvak (uitvoerende kuns).

Die invloed van hedendaagse bedieningstyle op die liturgiese musiek van die NG Kerk is die tweede subvraag van hierdie studie. Die belangrikste effek van hierdie bedieningstyle is dat effektiewe orreliste verkieslik buite die tradisionele raamwerk sal dink en benewens die standaardrepertorium, gebruik maak van informele en kontemporêre liturgiese musiek. Daar is ‘n skatkis van nuwe liedere en verwerkings daarvan wat sal meewerk om vir die orrelis en ook die gemeente ‘n positiewe geestelike ervaring te bied.

Ongelukkig is daar volgens die vraelyste redelik min orreliste wat bekwaam voel om kontemporêre musiek te speel (veral B7-B15 en B33). Daar is oor die algemeen ‘n negatiwiteit aangaande kontemporêre musiek: beide om dit te leer speel en ook om betrokke te raak by die ligter musiek van ‘n gemeente. Die musieknotasie van informele liturgiese liedere bestaan dikwels net uit ‘n melodielyn, soms ritmies oënskynlik ingewikkeld, met akkoordsimbole bo die notebalk. Vir die oningeligte tradisionele orrelis is dit uiters moeilik om ‘n sinvolle begeleiding hieruit te prakseer op die orrel. Dit is wel eenvoudiger op ‘n klavier. Daar is egter ‘n aantal metodes wat informele begeleiding op die orrel vereenvoudig sodat die orrelis met selfvertroue en genoegsame voorbereiding hierdie begeleidings kan doen. Registrasie, vertolking en die korrekte tempo vir elke lied is baie belangrik. Waar nodig kan dit ook deure oopmaak om *blended worship* in die gemeente te vestig.

Sommige orreliste skryf self begeleidings of verwerkings van informele liedere. Dit sou sinvol wees om sulke geskrewe harmonisasies aan VONKK of FLAM voor te lê vir keuring. Daardeur kan die gehalte van sulke harmonisasies op die proef gestel word en moontlik aan ander orreliste beskikbaar gestel word.

Hierdie kennis van informele musiek kan die orrelis ook in staat stel om as pianis of verwerker aktief betrokke te raak by die gemeente se musiekbedieningsgroep. Bo en behalwe die goeie gesindheid wat dit van die gemeente kan uitlok, kan die orrelis ‘n positiewe bydrae maak tot die kwaliteit van musiek en keuse van liedere wat in die kerk gebruik word tydens informele eredienste.

‘n Aantal orreliste van die NG Kerk is in ‘n oorlewingstryd gewikkel wat hulle orrelposte betref, veral omdat hulle negatief staan teenoor informele kerkmusiek. Daarenteen kan orreliste met ‘n positiewe gesindheid, ‘n bereidheid om te leer en nuwe vaardighede te ontwikkel ‘n voorliefde vir orrelmusiek in hulle gemeentes aanwakker. Verdere opleiding vir orreliste lê dikwels so naby as die nuwe SAKOV-bundels en ‘n bereidwilligheid van die orrelis se kant om ‘n gereelde oefentyd in die weeklikse beplanning in te werk.

Die orrelis kan ‘n plan van aksie uitwerk waar die gemeente (onbewustelik) inkoop in die ervaring van orrelmusiek. Gebruik nuwe liedere uit die aanlyn-bundels soos VONKK en FLAM, veral waar daar reeds ‘n gepaste orrelbegeleiding beskikbaar is, met byvoorbeeld uitkomende stem of ander spesiale effekte soos ‘n trompetsolo vir die melodie. Lidmate wat gewoond is aan informele dienste of informele liedere sal met vreugde na hierdie orrelspel luister. Sommige van hierdie liedere kan aangeleer word vir gemeentesang, terwyl ander as orrelmusiek gebruik word, met moontlik addisionele instrumente by waarvoor die musiek ook aanlyn beskikbaar is.

Verder is daar ook nuwe orrelmusiek beskikbaar wat baie bruikbaar is. ‘n Goeie plek om te begin sou die bundels wees wat genoem word in hoofstuk 5, p 90. Wanneer die gemeente positief teenoor die orrel is, kan die historiese liturgiese musiek oordeelkundig tussen die nuwe musiek ingewerk word. Die gemeentesang kan aangewakker word met ‘n verskeidenheid *last verses* of interessante inleidings wat wondere kan verrig. Viljoen (2002:32) stel die volgende formule voor vir orrelbegeleiding van ‘n lied met drie strofes:

- Interessante inleiding
- Strofe 1 en 2 (met ‘n diskant)
- Modulasie (een toon hoër)
- Alternatiewe harmonisasie (met diskant opsioneel)
- Naspel

Daar is ‘n aantal boeke beskikbaar met alternatiewe harmonisasies of inleidings vir orrel waarin die orrelis inspirasie kan kry. Daar is verskeie publikasies van SAKOV beskikbaar asook ander boeke soos byvoorbeeld:

Noel Rawsthorne: *400 Last verses* (kevin mayhew) [sic]

David Lasky: *Twenty intonations on Festive Hymns* (Warner Bros. Publications)

Hal Hopson: *The creative use of the organ in worship* (Hope Publishing)

*Het Orgel in de Eredienst: korte interludia, fanfares en modulaties* (de haske)

Krapf: *Creative Hymn Accompaniments for Organ, vol. 2.* (The Sacred Music Press)

Swan en Thallander: *Crystal Cathedral Golden Collection* (Fred Bock Music)

Richard Unfreid: *Organ Hymns of Praise from the Crystal Cathedral* (Fred Bock Music)

Daleen Kruger: *Eenvoudige Inleidings en Harmonisasies* (Potchefstroom: Printing Things)

Uit laasgenoemde bundel met bruikbare verwerkings word een voorbeeld gegee.

**VOORBEELD 2: DALEEN KRUGER, LIED 509 (OP BERGE EN IN DALE) UIT *EENVOUDIGE INLEIDINGS EN HARMONISASIES.***




Met die terugvoer op die vraelyste was daar heelwat positiewe opmerkings van die orreliste se kant soos om 'n verskeidenheid van oplossings oor die uitdagings van postmoderne liturgiese musiek te gee. Hulle het ook duidelik laat blyk dat waar daar by hulle spanning voorkom, of waar hulle onbevoeg voel, die hele kwessie van kontemporêre musiek voorop staan. Daar is egter hulp in die vorm van orrelverwerkings van hedendaagse liturgiese musiek. Die volgende bundel *Worship songs for organ* van Simon Lesley bevat 50 orrelverwerkings van kontemporêre liturgiese liedere:

*Worship songs for organ* (Simon Lesley)

**VOORBEELD 3: NO 15, *GIVE THANKS WITH A GRATEFUL HEART* (HENRY SMITH, VERWERK DEUR LESLEY)**




**VOORBEELD 4: NO 30, *KING OF KINGS AND LORD OF LORDS* (BATYA EN CONTY, VERWERK DEUR LESLEY)**




Postmoderne orreliste kan bemagtig word deur skakeling met ander orreliste wat waarskynlik met dieselfde tipe uitdagings werk. SAKOV bestaan uit orreliste wat vir ander orreliste die lewe makliker maak. In hoofstuk 4 word vrae B25.1 - B25.8 (p 76-79) gewy aan die belewenis van orreliste aangaande SAKOV.

Volgens die respons op die vraelyste was daar 76% van die orreliste wat die SAKOV-byeenkomste nuttig vind en hulle antwoord gemotiveer het met response soos:

- Leersaam, genotvol, inspirasie, stimuleer groei, iets nuut.
- Deel dieselfde probleme, koinonia*, networking* baie belangrik.
- Geniet jonger orreliste se insette veral t.o.v. kontemporêre musiek en improvisasie.
- Dit wat ek weet en doen het ek daar geleer.
- Kry ons leraars daar!

Talle orreliste is egter nie lede van SAKOV nie of maak nie gebruik van SAKOV se publikasies of streekbyeenkomste nie. SAKOV se jaarblad, *Vir die Musiekleier*, bevat interessante en leersame artikels wat nie net tot die musiekleier van die gemeente spreek nie, maar ook van groot nut kan wees vir die leraar en eredienswerkgroep.

Voortdurende vernuwing van die orrelmusiek van 'n gemeente kan potensieël heelwat spanning veroorsaak by die orrelis wat erns maak met sy effektiwiteit en funksionaliteit. Dit is noodsaaklik dat hierdie spanning verminder word sodat "die bedreigde spesie" van orreliste nie verder afneem nie. (Sien hoofstuk 4, vraag B29-B30, p 80). Orreliste kan dit vir hulleself makliker maak deur stelselmatig 'n groter en interessanter repertorium op te bou wat sal voldoen aan alle vereistes wat aan hulle gestel word. So 'n repertorium sal tradisionele en kontemporêre musiek insluit met makliker en moeiliker werke, geskik vir die hele kerkjaar.

Hoofstuk 4, figuur 24 (p 50-54) en die daaropvolgende vrae, het betrekking op die derde subvraag van hierdie studie, wat gaan oor die gebruik van die orrel in die hedendaagse eredienste. Daar word aangetoon dat die gemeentes by voorkeur deelneem aan gemeentesang met orrelbegeleiding in 'n 3:2 verhouding teenoor klavierbegeleiding. As orrelbegeleiding gekombineer met simfoniese instrumente teenoor klavierbegeleiding vergelyk word, is die verhouding 2:1 in die guns van orrelbegeleiding.

Uit die terugvoer op die vraelyste is daar een element van effektiewe orrelspel wat sterk uitgelig word. Dit is die aanpasbaarheid van die orrel: daar is geen beperking op die klankkleur, klankvolume, atmosfeer, stemming of spiritualiteitstipe wat die funksionele orrelis met orrelspel kan bereik nie. Die orrel is die enigste instrument wat al hierdie moontlikhede bied en is daarom uitermate geskik vir die posisie van instrument van voorkeur vir eredienste. Waar die orrel met ander instrumente gekombineer word, of dit simfoniese instrumente of instrumente uit die *band* is, kan enige verwagtings wat die gemeente mag hê van liturgiese musiek verwesenlik word.

By figuur 25 (p 51) word aangetoon dat *Liedboek*-liedere by voorkeur met orrelbegeleiding gesing word. Met informele liedere word die orrel minder gebruik, waarvan afgelei kan word dat orrelbegeleiding tans daar nie so bevredigend is nie. Kontemporêre liedere word volgens figuur

26 en 27 (p 52) in 55% van die gemeentes glad nie met orrel begelei nie. Grafiek B7 (p 64) toon dan ook aan dat 84% van die orreliste min of geen opleiding ontvang het in die speel van kontemporêre musiek nie. Verdere studie hieroor word aanbeveel.

Figuur 29 (p 54) toon die frekwensie aan van gebruik van orrelspel vir die speel van 'n voor- en naspel by eredienste. 58% van die gemeentes gebruik die orrel gereeld vir 'n voorspel, en 63% vir 'n naspel.

Ten slotte:

Die navorsingsdoelstelling van hierdie studie is om vas te stel hoe die orrel effektief benut kan word in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk. Om dit te bepaal is die volgende vier subdoelstellings ook bespreek:

- Om aan te toon hoe hedendaagse bedieningstyle die liturgie van eredienste in die NG Kerk beïnvloed.
- Om aan te toon wat die effek van hedendaagse bedieningstyle op die liturgiese musiek van die NG Kerk is.
- Om vas te stel wat die persepsie oor die gebruik van die orrel in die liturgie van die hedendaagse NG Kerk is.
- Om aan te toon watter kennis en vaardighede 'n kerkorrelis nodig het om die orrel effektief in die hedendaagse eredienste van die NG Kerk te kan gebruik.

Hierdie studie was nie spesifiek gerig op postmodernisme nie omdat dit die studieveld te wyd sou maak. Die volle effek wat die tydsgees van postmodernisme op die die NG Kerk, sy liturgie en liturgiese musiek het moet verder nagevors word.

Daar is in die literatuur redelike eenstemmigheid daaroor dat die orrel met vrug in die hedendaagse NG Kerk gebruik kan word. Daar is ook eenstemmigheid oor die noodsaaklikheid van liturgiese vernuwing en die gepaardgaande vernuwing van liturgiese musiek. Maar daar bestaan baie min literatuur waarin 'n orrelis bemagtig kan word om hierdie nuwe fase van orrelspel aan te leer. Verdere studie daaroor is noodsaaklik.

Daar is wel talle bronne waarin orreliste aangemoedig word om met 'n positiewe gesindheid hulle gemeentes te inspireer. Volgens Engle (1993) sal gemeentesang nuwe lewe kry met die sing van psalms en ander geestelike liedere indien die orrelis van alles moontlik gebruik maak om die gemeentesang betekenisvol te maak. Reeds in 1887 het Pratt geskryf dat gemeentesang alleenlik kan floreer waar die gemeentespiritualiteit 'n versugting het na gevoelvolle uitdrukking. Dit kan alleen 'n werklikheid word met aanmoediging van die leraar en

die kerkmusici asook die inspanning en verantwoordelikheidsbesef van die gemeente self. (Pratt, 1887, soos aangehaal deur Lovelace & Rice, 1976:84.)

Dit is egter nie net die orrelis se positiewe gesindheid wat moet inspireer nie, maar ook sy toewyding, oortuiging en kunssinnigheid wat die hart en emosie van liturgiese musiek moet oordra. Swainson (1932), soos aangehaal deur Lovelace en Rice (1976:84), skryf in *Manual of Church Praise*:

> How can the organist communicate to his congregation the emotion, life and shape of music? He will best do so by communicating these things in his own playing. No congregation can be compelled to artistry, but every congregation, according to the measure of its receptivity, can be unconsciously impelled.

Hiervolgens is die sukses van gemeentesang grootliks die verantwoordelikheid van die orrelis. Die meeste orreliste wat die vraelyste voltooi het toon dan ook 'n gees van positiewe opwinding oor die orrelmusiek en gemeentesang in hulle gemeentes. Indien dit van hulle afhang sal die orrel nie net effektief benut word in die hedendaagse NG Kerk nie, maar ook deel wees van 'n nuwe entoesiasme vir liturgiese musiek in die eredienste van die kerk. Een van hierdie orreliste het geskryf:

> Die orrelis is in die erediens die mede-liturg. Van die eerste noot tot die laaste noot moet sy 'n liturgiese eenheid vorm met die leraar, in die styl van elke oomblik van die erediens. Ons het wonderlike eredienste en ons ervaar wat in Sagaria 8:23 staan: "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle". Prys die Here!

# BRONNELYS

Barker, G. 2001. Postscript. Internet weergawe: http://gateway.proquest.com/openurl? -ver=Z39.88. Datum van gebruik: 2008-05-01.

Bingle, J.P. 2005. Liturgiese sang – Lyftaal van die liturgie. *Vir die Musiekleier,* 32:17-22.

Bisschoff, J. 2008. Sensitiewe senuweepunte in gemeentes: Oorsake van konflik. *Kerkspieël,* April 2008:8. Uitgegee deur Bybel-Media.

Boud, R. *et al*. 2002. Big brown book of organ solos. Nashville: Parris Printing.

Brouwer, B. Webwerf: babsbrouwer@mweb.co.za

Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Callahan, K.L. 1994. Dynamic Worship. New York: HarperCollins Publishers.

Campbell, C.A. 2013. Music ministry in the missional worship service of the Dutch Reformed Church in South Africa. Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. (Doktorale Proefskrif).

Carstens, J.C. 2006. NG Kerk: Besluiteregister: Erediens. Algemene Sinode 1962-2004. Internet weergawe: http://www.NG Kerk.org.za. Datum van gebruik: 2008-07-14.

de haske. Het Orgel in de Eredienst – korte interludia, fanfares en modulaties. de haske.

De Vries, S. 2013. Ik zing magazine. IDD concept.communicatie.creatie.

Doran, T. 1993. Unending Praise. Kansas City: Lillenas.

Endedijk, P. 2013. Ik zing magazine. IDD concept.communicatie.creatie.

Engle, R.D. 1993. Let the Organ Sing! Many hymn stanzas beg for musical word painting. Internet weergawe: http://209.200.121.40/magazine/article.cfm?article-id=749 Datum van gebruik: 2008-05-10.

FLAM. Webwerf: www.flam.co.za

Grové, I. s.a. Is daar lewe na die Liedboek van die kerk? www.gemeentes.co.za/pdf. Datum van gebruik: 2013-08-27.

Grové, I. 2006. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied – wie s'n? *Vir die Musiekleier,* 33:21-29.

Hanekom, B. 2010. Nuwe tendense in die kerk. Kerkbode, 4 Junie 2010.

Haines, J. 1995. Music is the Rub: Staying in tune with God and each other. Internet weergawe: www.reformedworship.org/article/march1995. Datum van gebruik: 2008-05-01.

Heunis, S. 2008. Die liturgiese gebruik van die orrel in 'n postmoderne era: persepsies van kerkmusici en leraars van die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in Port Elizabeth. Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. (Magister Musicae mini-skripsie.)

Heyns, C. 1998. Gemeentesang – hoe kan dit 'n geestelike belewenis word? *Vir die Musiekleier*, 1998:18-21.

Hopson, H.H. 2000. The creative use of the organ in worship. Carol Stream: Hope Publishing.

Horness, P. 2004. Contemporary Music-Driven Worship. (*In* Basden, P. & Engle, P., *eds*. Exploring the worship spectrum: six views. Grand Rapids, MI: Zondervan).

Huisamen, E. 1997. Kom ons sing die kerk weer vol. Kaapstad: Lux Verbi.

Ingelse, C., Sanderman, D., Smelik, J., Van Laar, J.D. 1995. Bijbelse gegevens over muziek. (*In* Nieuw handboek voor de kerk-organist. Zoetermeer: Boekencentrum).

Jackson, N. 2004. Klassieke kerkmusiek gekies. *Beeld*, 1 September 2004.

Jankowitz, D. 2006. Die musiekleier as bedienaar van verskillende spiritualiteitstipes in 'n eietydse gereformeerde erediens. *Vir die Musiekleier,* 33:30-39.

Jeugsangbundel. 1984. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk.

Joubert, S., *red*. 2007. Die perfekte storm. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Jubileum 25ste Uitgave. 1995. Wormerveer: Den Hertog.

Keller, T. 2001. Evangelistic Worship. Internet weergawe: http://www.biblicalperspectives.com. Datum van gebruik: 2008-05-01.

Kennel, G. 2006. Die rol van musiek by die inkleding van die erediens. *Vir die Musiekleier,* 33:7-20.

Kloppers, E. 2002. Die kreatiewe inrigting van die liturgie. *Vir die Musiekleier,* 29:12-18.

Kloppers, E. 2003. Musiekbediening? 'n Prinsipiële begronding. *Vir die Musiekleier,* 30:11-19.

Krapf, G. s.a. Creative Hymn Accompaniments for Organ, vol. 2. Dayton: The Sacred Music Press.

Kruger, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. (In *In die Skriflig* 36(1) 2002:19-43).

Kruger, D. 2005. SAKOV-feesjaar. Blydskap – maar ook kommer. Port Elizabeth. *Nuusbrief van die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging* 50:3.

Kruger, D. 2007a. "A high degree of understanding and tolerance": veranderende denke oor die moderne gereformeerde kerklied. *Koers* 72(4) 2007:649-669.

Kruger, D. 2007b. "A high degree of understanding and tolerance": veranderende denke oor die hedendaagse kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*, 34:17-25.

Kruger, D, en Smit, R. 2001. 'Hoe moet dit dan wees?' Gedagtes en riglyne oor die aard en gebruik van die kerklied. *Vir die Musiekleier,* 28:14-24.

Kruger, D. 2012. Eenvoudige Inleidings en Harmonisasies. Potchefstroom: Printing Things.

Lasky, D. 1999. Three Trumpet tunes on Christmas Hymns. Miami: Warner Bros. Publications.

Lasky, D. 1996. Twenty intonations on Festive Hymns. Miami: Warner Bros. Publications.

Lesley, S. 2002. Worship songs for organ. Buxhall: kevin mayhew [sic].

Liedboek. 2001. Liedboek van die kerk. Wellington: N.G.Kerk-Uitgewers.

Long, T. G. (2001) Beyond the Worship Wars: Building Vital and Faithful Worship. (Alban Institute).

Lovelace, A.C. en Rice, W.C. 1976. Music and worship in the church. Abingdon Press, Nashville.

Müller, J. 1990. Die erediens as fees. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M. 1994. Gemeentebou. Johannesburg: Perskordrukkers.

Niemandt, N. 2007. Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Epping: ABC-Boekdrukkers.

Olivier, G. 2009. *Vir die Musiekleier*: Desember 2008 – redaksioneel. http://Teo.co.za/artikel/article/187/1/Vir-die-Musiekleier. Datum van gebruik: 2013-08-27.

Overduin, J. 1993. I played my best for Him: A high purpose calls for high performance. *Reformed Worship* vol. 30. Internet weergawe: http://209.200.121.40/magazine/article.cfm?article-id=630 Datum van gebruik: 2008/05/01.

Pratt, W.S. 1887. The Church Music Problem, New York: The Century Company, pp 22-23, soos aangehaal deur Lovelace, A.C. en Rice, W.C. 1976. Music and worship in the church. Abingdon Press.

Rawsthorne, N. 2011. 400 Last Verses. Buxhall: kevin mayhew [sic].

Reed, L.D. s.a., soos aangehaal deur Krapf, G. s.a. Creative Hymn Accompaniments for Organ, vol. 2. Dayton: The Sacred Music Press.

SAKOV Erediensmusiek Jordaan, G., Kruger, D., *red*s. 2011. Queenswood: SAKOV.

SAKOV 30 Feesbundel. 2010. Jordaan, G., Kruger, D., *red*s. Queenswood: SAKOV.

Schelt, C. 1996. Towards a Biblical Theology of Music in Worship. *The reformed theological review 55 (*May-August):67-80.

Scholtz, G.D. 1956. Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika: 1842-1885. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery, Bpk.

Sing onder Mekaar: proefsangbundel vir die erediens. 1989. Doornfontein: Perskor-Boekdrukkery.

Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in die OVS. 2000. Postmodernisme: 'n Kort beoordeling. (Internet weergawe.) Datum van gebruik: 2014-04-04.

Smelik, J. 1995. Opvattingen over muziek in de kerkgeschiedenis. (*In* Smelik, J., Ingelse, C., Van Laar, J.D., Sanderman, D. Handboek voor de kerk-organist. Zoetermeer: Boekencentrum).

Sprunger, R. 2001. Organ Praise and Worship – contemporary arrangements. Kansas City: Lillenas.

Steinmann, R. 1996. Gemeentesang en Begeleiding. *Vir die Musiekleier, 16:15-19.*

Steyn, G.J. 2005. Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel 1: Aanloop, terreine van beïnvloeding en reaksies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 46 nos. 3&4 September en Desember 2005:550-559. (Internet weergawe). Datum van gebruik: 2008-07-09.

Steyn, G.J. 2006. Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel 2: Huidige bewegings, tendense of mutasies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 47 nommers. 3&4 September en Desember 2006:661-676. (Internet weergawe). Datum van gebruik: 2008-07-09.

Strauss, M. 2005. My allerbeste vir die Allerhoogste: Kan/wil ek liturgies 'n verskil maak in 'n post-Christelike tyd? *Vir die Musiekleier,* 32:7-16.

Strydom, W.M.L. 1994. “Sing nuwe sange, nuutgebore” Liturgie en Lied. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Swainson, W. 1932. Manual of church praise. Church of Scotland. Soos aangehaal deur: Lovelace, A.C. en Rice, W.C. 1976. Music and worship in the church. Abingdon Press, Nashville.

Swann, F., Thallander, M. 2006. Crystal Cathedral Golden Collection. VSA: Fred Bock Music.

Symington, J., *red*. 2008. *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke*. Wellington: Paarl litho.

Tucker, D. 1997. An album of trumpet tunes. Van Nuys: Alfred Publishing.

Unfreid, R. 1981. Organ Hymns of Praise from the Crystal Cathedral. VSA: Fred Bock Music.

Van der Colf, A.P. 1987. Nuwe tendense in die liturgie. *Vir die Musiekleier,* 14:4-5.

Van der Colf, A.P. 1997. Op soek na die postmoderne kerklied. *Vir die Musiekleier*, 24:19-23.

Van der Merwe, J. 1995. “Kitsch” in die kerk? – oor vernuwing en vervlakking in ons Kerkmusiek. *Vir die Musiekleier,* 22:4-10.

Van der Merwe, J. 2008. Ontdek 9 lense op die erediens. *Vir die Musiekleier*, 34:7-16.

Van der Watt, J. 2007. Belangrike koersaanduidings vir die kerklike skip. (*In* Joubert, S., *red*. Die perfekte storm. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy).

Varner, K.D. 2002. Christmas masterpiece. Kansas City: Lillenas Publishing.

Varner, K.D. 2007. Hallelujah! What a Savior! Kansas City: Lillenas Publishing.

Vermeulen, O.C. 2011. Vernuwende gebruik van die orrel in ‘n estetiese musiekbediening van verskillende spiritualiteitstipes in die Afrikaanse gereformeerde kerke. Universiteit van Pretoria: Departement van Musiek. (Doktorale Proefskrif).

Vermeulen, O.C. 2012. Estetiese musiekbediening in die Afrikaanse gereformeerde erediens: Die rol van spiritualiteit en inligtingsteorie. *Vir die Musiekleier,* 32:1-15.

Verwey, S. *et al*. 2005. Content analysis. (*In* Rossouw, D. *red.* Intellectual Tools. Pretoria: Van Schaik uitgewers).

Viljoen, A.M. 2006. Die waarde en funksie van liturgiese musiek. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, deel 47 Nommers 3&4 September & Desember 2006:760-772. (Internet weergawe). Datum van gebruik: 2008-07-09.

Viljoen, W. 2002. Kreatiewe gemeentesangbegeleiding: voorbeelde vir die skryf van inleidings. *Vir die Musiekleier,* 29:32-38.

VONKK. Webwerf: www.vonkk.co.za

Vorster, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Wagner, P. 2001. Evangelistic Worship. Internet weergawe: Datum van gebruik: 2008-05-01, http://www.biblicalperspectives.com.

Ware, C. 1995. Discover your Spiritual Type: A Guide to Individual and Congregational Growth. New York: Alban Institute.

Warren, R. 2005. Die doelgerigte kerk. Kaapstad: Struik Christelike boeke.

Webber, R. 2004. Blended Worship. (*In* Basden, P. & Engle, P., *eds*. Exploring the worship spectrum: six views. Grand Rapids, MI: Zondervan).

Wood, D. 1997. Festive Hymn Introductions. Dayton: The Sacred Music Press.

Wyrtzen, D. 2005. Praise Organist vol. 2. VSA: Word Music.

# BYLAAG A: DEKBRIEF EN VRAELYS

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: (018) 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

**Skool vir Musiek**
Tel: (018) 299 1692/6

6 Oktober 2009

Geagte leraar en orrelis

**Re: Navorsing vir Meestersgraad**

Mev Isabeau Swanepoel is ‘n ingeskrewe nagraadse student (Studentenommer: 21387133) aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus en tans besig met ‘n MMus-skripsie onder leiding van prof. Daleen Kruger.

Haar navorsingsonderwerp is “Die effektiewe benutting van die orrel in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk”. Om vas te stel wat die werklike situasie en behoeftes is wat tans in die NG Kerk ondervind word, is ‘n vraelys saamgestel wat onder NG gemeentes versprei word. Daarin is vrae wat deur die leraar en die orrelis onderskeidelik voltooi word.

U vriendelike samewerking is van groot belang om betroubare resultate te verkry sodat die navorsing gebruik kan word om ‘n daadwerklike bydrae te lewer tot die musiek in die erediens.

Die antwoorde in die voltooide vraelyste word ten volle vertroulik hanteer. Die data word deur die Departement Statistiek van die Noordwes-Universiteit verwerk.

Die voltooide vraelyste moet asb direk teruggestuur word aan die volgende adres:

1. Per pos: Mev Isabeau Swanepoel
   Posbus 2650
   Wilropark
   1731
2. Per Faks: 086 563 5799

Vir enige navrae kontak gerus vir Mev Swanepoel by 083 229 7496, 011 768 2741 of

isabeau.swanepoel@gmail.com

U samewerking word opreg waardeer.

Vriendelike groete

Prof Daleen Kruger

(Studieleier)

**VRAELYS no. ______**

**Die gebruik van die orrel in die liturgie van die hedendaagse NGK.**

**Instruksies:**
**Merk asseblief alle toepaslike blokkies met 'n X,**
**ook waar daar meer as een moontlike antwoord is.**

**Daar is 2 afdelings:**
**Afdeling A word ingevul deur die leraar;**
**Afdeling B word ingevul deur die orrelis.**

## AFDELING A

**Word deur leraar ingevul.**

**GEOGRAFIESE GEGEWENS:**

i) Provinsie: ______________________________________________

ii) U gemeente is:

| | |
|---|---|
| Stedelik | 1 |
| Voorstedelik | 2 |
| Plattelands | 3 |

**GEBRUIK VAN ORREL TYDENS EREDIENSTE**

iii)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gebruik u gemeente die orrel tydens eredienste? | Gereeld 1 | Soms 2 | Glad nie 3 |

iv) Indien **glad nie**, waarom?

________________________________________________________________________
________________________________________________________________________
________________________________________________________________________

A1: **Eredienste gedurende kwartaaltyd:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Aantal eredienste in u gemeente per Sondag | 1 | 2 | 3 | 4/+ |

A2: Begeleiding van gemeentesang gedurende **oggenddienste** in **kwartaaltyd:**

Skryf asb. die geskatte % gebruik van instrumente in toepaslike blokkies.

| | Orrel | Klavier / *Keyboard* | *Band*[1] | Instrumente soos fluit, viool, trompet | CD's | Kombinasie van instr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Formeel[2] | | | | | | |
| 2. Informeel[3] | | | | | | |
| 3. Meditatief[4] | | | | | | |
| *4. Blended worship*[5] | | | | | | |
| 5. Kontemporêr (jeug)[6] | | | | | | |

A3: Begeleiding van gemeentesang gedurende **aanddienste** in **kwartaaltyd**:

Skryf asb. die geskatte % gebruik van instrumente in toepaslike blokkies.

| | Orrel | Klavier/ *Keyboard* | *Band* | Instrumente soos fluit, viool, trompet | CD's | Kombinasie van instr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Formeel | | | | | | |
| 2. Informeel | | | | | | |
| 3. Meditatief | | | | | | |
| *4. Blended worship* | | | | | | |
| 5. Kontemporêr (jeug) | | | | | | |

---

[1] *Band* = ligte orkes of musiekgroep

[2] Formele erediens = die tradisionele liturgiese erediens van die NGK, met klem op prediking, wet en/of geloofsbelydenis. Meesal orrelbegeleiding.

[3] Informele erediens = eredienste met 'n ligter aanslag, veral wat die liturgie, musiek en prediking betref. Musiek meesal gespeel deur ligte orkes, klawerbord en /of klavier.

[4] Meditatiewe diens = informele dienste met klem op atmosfeer, simboliek en mistisisme.

[5] Blended worship = waar bepaalde elemente van tradisionele eredienste gekombineer word met elemente van kontemporêre eredienste.

[6] Kontemporêre jeugdiens = gemik op die taal, musiek en ervaringsveld van veral jongmense van 15-21 jaar.

A4: **Eredienste gedurende langnaweke en vakansies (% gebruik van orrel):**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Aantal eredienste in u gemeente per Sondag gedurende langnaweke en vakansies. | 1 | 2 | 3 | 4+ |

A5: Begeleiding van gemeentesang tydens **oggenddienste** gedurende **langnaweke en vakansies**:

Skryf asb. die geskatte % gebruik van instrumente in toepaslike blokkies.

| | Orrel | Klavier/ *Keyboard* | *Band* | Instrumente soos fluit, viool, trompet | CD's | Kombinasie van instr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Formeel | | | | | | |
| 2. Informeel | | | | | | |
| 3. Meditatief | | | | | | |
| *4. Blended worship* | | | | | | |
| 5. Kontemporêr (jeug) | | | | | | |

A6: Begeleiding van gemeentesang **tydens aanddienste** gedurende **langnaweke en vakansies**:

| | | |
|---|---|---|
| Het u gemeente **aanddienst**e tydens **vakansies en langnaweke**? | JA 1 | NEE 2 |

A7: Indien JA, waarmee word gemeentesang **begelei** tydens **aanddienste?**

Skryf asb. die geskatte % gebruik van instrumente in toepaslike blokkies.

| | Orrel | Klavier/ *Keyboard* | *Band* | Instrumente soos Fluit, viool, trompet | CD's | Kombinasie van instr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Formeel | | | | | | |
| 2. Informeel | | | | | | |
| 3. Meditatief | | | | | | |
| *4. Blended worship* | | | | | | |
| 5. Kontemporêr (jeug) | | | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A8 | Maak u gemeente gebruik van **elektro-niese begeleidingsformate** soos CD's om gemeentesang te begelei tydens eredienste? | GEREELD<br>1 | SOMS<br>2 | GLAD NIE<br>3 |

Indien GEREELD of SOMS:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A9 | Watter **tipe** elektroniese begeleiding gebruik u? | *Backtracks*<br>1 | CD's<br>2 | DVD's<br>3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A10 | Indien u **CD's** vir begeleiding van gemeentesang gebruik, dui aan watter tipe CD. | *Liedboek*<br>1 | Kontemporêre musiek<br>2 | Ander<br>3 | Gemeng<br>4 |

A11: Indien u gebruik maak van elektroniese begeleidingsformate vir begeleiding van gemeentesang tydens eredienste, gee u motivering.

.______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A12 | Wie is verantwoordelik vir die keuse van **liedere** vir die **voorsang**? | Leraar<br>1 | Orrelis<br>2 | Erediens-Werkgroep<br>3 | Musiekbedienings-Groep<br>4 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A13 | Wie is verantwoordelik vir die keuse van **liedere** tydens die **erediens**? | Leraar<br>1 | Orrelis<br>2 | Erediens-Werkgroep<br>3 | Musiekbedienings-Groep<br>4 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A14 | Wie is verantwoordelik vir die **beplanning** van die **liturgie**? | Leraar<br>1 | Orrelis<br>2 | Erediens-Werkgroep<br>3 | Musiekbedienings-Groep<br>4 |

A15: Gemeentesang: Hoe **entoesiasties** neem u gemeente deel aan die **gemeentesang**?

(Waar 1=swak en 4=uitstekend)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Met orrelbegeleiding | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 2 | Met klavier of *keyboard*-begeleiding | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 3 | Met 'n *band* | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 4 | Met orrel en bv. fluit, viool, trompet | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | Met CD-begeleiding | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 6 | Met gekombineerde begeleiding | 1 | 2 | 3 | 4 |

A16: Tot watter mate gebruik u **orrelbegeleiding** indien u die volgende sing?

| | | Gereeld | Soms | Glad nie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | *Liedboek*-liedere | 1 | 2 | 3 |
| 2 | FLAM-liedere | 1 | 2 | 3 |
| 3 | SOM-liedere | 1 | 2 | 3 |
| 4 | Halleluja–liedere | 1 | 2 | 3 |
| 5 | Jeugsangbundel-liedere | 1 | 2 | 3 |
| 6 | Engelse liedere | 1 | 2 | 3 |
| 7 | Vrye vertalings van Engelse liedere | 1 | 2 | 3 |
| 8 | Ander bronne: spesifiseer asseblief hieronder | 1 | 2 | 3 |

________________________________________

________________________________________

A17: Kontemporêre liedere:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A17.1 | Maak u gebruik van **orrelbegeleiding vir kontemporêre** liedere? | Gereeld<br>1 | Soms<br>2 | Glad nie<br>3 |

Indien wel:

(Waar 1=swak en 4=uitstekend)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A17.2 | Hoe **ervaar** die gemeente **orrelbegeleiding** van kontemporêre liedere? | 1 | 2 | 3 | 4 |

Indien u nie orrelspel gebruik nie:

(Waar 1=swak en 4=uitstekend)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A17.3 | Hoe **ervaar** die gemeente eredienste **sonder** enige orrelspel? | 1 | 2 | 3 | 4 |

A18: Voorspel en naspel tot die erediens: maak u van die volgende gebruik?

| | | Gereeld | Soms | Glad nie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | **Orrelspel as voorspel** tot die erediens? | 1 | 2 | 3 |
| 2 | **CD's as voorspel** tot die erediens? | 1 | 2 | 3 |
| 3 | **Orrelspel as naspel** tot die erediens? | 1 | 2 | 3 |
| 4 | **CD's as naspel** tot die erediens? | 1 | 2 | 3 |

(Waar 1=swak en 4=uitstekend)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A19 | Hoe ervaar die gemeente **orrelspel** in die algemeen? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A20 | Hoe ervaar u gemeente **gemeentesang** met **orrelbegeleiding**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A21 | Is die orrelbegeleiding van gemeentesang in u eredienste **inspirerend**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A22 | Hoe ervaar u gemeente **orrelsolo's** tydens kollekte of as voor- of naspel? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A23 | Meen u dat die orrelspel in u gemeente 'n **positiewe bydrae** lewer tot die erediens? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A24 | Beskik u orrelis oor genoeg vaardighede om **effektief** te kan speel tydens eredienste? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A25 | Is daar goeie **kommunikasie** tussen orrelis en leraar aangaande erediensbeplanning, liedkeuse, ens? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A26 | Neem die orrelis in u gemeente deel aan die **liturgiese beplanning**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A27 | Word orrelmusiek in u gemeente kreatief gebruik as **integrale deel van die liturgie**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A28 | Kan die orrel, volgens u mening, ook **kontemporêre liedere** begelei? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| A29 | Hoe geskik is die opset in u kerk vir oogkontak of kommunikasie tussen **liturg, orrelis en klankbord-operateurs** tydens eredienste? | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| A30 | Sou dit **vir u belangrik** wees dat u orrelis verdere opleiding kry? | JA<br>1 | NEE<br>2 |
| A31 | Sou u **kerkraad** bereid wees om te **betaal** vir verdere opleiding van die orrelis? | JA<br>1 | NEE<br>2 |

Enige ander kommentaar of voorstelle:

________________________________________
________________________________________
________________________________________
________________________________________
________________________________________
________________________________________
________________________________________
________________________________________

**AFDELING B**

Om deur die **orrelis** voltooi te word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| B1 | Het u **formele opleiding** gehad as **orrelis**, bv. UNISA, B.Mus., ens. | JA<br>1 | NEE<br>2 |

Tot watter mate:

(Waar 1=swak/min en 4=uitstekend/baie)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| B2 | Is u gedurende u opleiding deeglik voorberei as orrelis in ‘n gemeente t.o.v. **repertorium**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B3 | Maak u as orrelis gebruik van die **standaard** klassieke orrelrepertorium? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B4 | Wil u **verdere opleiding** ontvang in die klassieke **orrelrepertorium**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B5 | Is u gedurende u opleiding deeglik voorberei as orrelis in ‘n gemeente t.o.v. **orrelbegeleiding**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B6 | Wil u **verdere opleiding** ontvang in **orrelbegeleiding**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B7 | Is u gedurende u opleiding deeglik voorberei as orrelis in ‘n gemeente t.o.v. **kontemporêre musiek**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B8 | Is u ingesteldheid teenoor kontemporêre musiek tydens ‘n erediens **positief**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B9 | Is u **bereid** om kontemporêre musiek op die **klavier of klawerbord** *(keyboard)* te speel? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B10 | Is u bereid om **deel** te vorm van ‘n ***band*** (kontemporêre musiekgroep) in u gemeente? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B11 | Is u **bereid** om kontemporêre musiek op die **orrel** te speel? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B12 | Maak u as orrelis ook gebruik van **kontemporêre liturgiese orrelmusiek**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B13 | Is kontemporêre liturgiese bladmusiek vir u toeganklik op die **internet**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B14 | Is kontemporêre liturgiese bladmusiek vir u toeganklik in **boekwinkels**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B15 | Wil u **verdere opleiding** ontvang in **kontemporêre liturgiese musiek**? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B16 | Voel u dat u **tegniese vaardigheid** voldoende is vir u orrelpos? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B17 | Voel u dat u **bladleesvermoë** voldoende is vir u orrelpos? | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| B18 | Voel u dat u **improvisatoriese vaardigheid** voldoende is vir u orrelpos? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B19 | Het u genoeg **voorbereidingstyd** vir elke spesifieke erediens? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| B20 | Tot watter mate word u **keuse van orrelsolo's** vir 'n erediens bepaal deur die volgende aspekte? | | | | |
| | a. Die **tema** van die erediens | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | b. Die **liedere** wat tydens die diens gesing word | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | c. **Tegniese** vaardigheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | d. **Bladlees**vaardigheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | e. Beskikbare **voorbereidingstyd** | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | f. **Gemeente** se voorkeure en afkeure | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | g. **Persoonlike** voorkeure en afkeure | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| B21 | Hoeveel **inspraak** het u op die liedere wat gekies word vir 'n erediens? | 0% | 25% | 50% | 75% | 100% |

B22: Watter **begeleidingsmateriaal** gebruik u om **informele liedere op die orrel** te begelei?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | **Melodie** met akkoorde (*lead sheet*) | JA 1 | NEE 2 |
| 2 | **Gedrukte** harmonisasies | JA 1 | NEE 2 |
| 3 | **Vrye** harmonisasies (improvisasies) | JA 1 | NEE 2 |
| 4 | **Eie** (geskrewe) harmonisasies | JA 1 | NEE 2 |

B23: Watter **begeleiding** verkies u vir gemeentesang?

| | Slegs orrel | Slegs *band* | Afwisseling tussen orrel en *band* | Orrel as deel van *band* | Orrel en klavier kombinasie |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. *Liedboek* | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2. Kontemporêre musiek | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

B24: Tot watter mate **varieer** u die begeleiding en registrasie om aan te pas by verskillende **liedstyle**?

| | | Gereeld | Soms | Glad nie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Gevarieerde begeleiding | 1 | 2 | 3 |
| 2 | Gevarieerde registrasie | 1 | 2 | 3 |

**SAKOV:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| B25.1 | Is u (of u gemeente)'n **lid van SAKOV**? | JA 1 | NEE 2 |

Indien JA,

| | | Gereeld/ Baie | Soms/ Gering | Glad nie |
|---|---|---|---|---|
| B25.2 | Woon u die **SAKOV-byeenkomste** by? | 1 | 2 | 3 |
| B25.3 | Indien JA, vind u die bywoning **waardevol**? | 1 | 2 | 3 |

B25.4. Motiveer:

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| B25.5 | Maak u gebruik van die **SAKOV-publikasies**? | Gereeld 1 | Soms 2 | Glad nie 3 |

B25.6. Watter **tipe artikels** in die *Musiekleier* het vir u besondere waarde?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

B25.7 Watter tipe artikels sou u graag in **toekomstige uitgawes** van die *Musiekleier* wou sien?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| B25.8 | Is u **leraar** bewus van toepaslike artikels in die *Musiekleier*? | Ja<br>1 | Soms<br>2 | Glad nie<br>3 |

B26: Het u kontak (elektronies of andersins) met **ander organisasies of tydskrifte vir orrel en/of orreliste**, soos bv. RSCM (Royal School of Church Music) of RW (*Reformed Worship*)?

B27: Watter **posisie** beklee u in u gemeente (bv. orrelis, musiekdirekteur, ens.)

B28: Wat behels u **pligtestaat**?

B29: Beleef u soms **spanning** aangaande u orrelpos?

B30: Watter faktore veroorsaak **spanning** vir u as orrelis?

B31: Nuwe bladmusiek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dra u gemeente **finansieel** by tot die aankoop van **nuwe** bladmusiek? | Gereeld<br>1 | Soms<br>2 | Glad nie<br>3 |

B32: Noem asseblief **watter komponiste** se musiek of **versamelings van orrelwerke** u graag gebruik tydens eredienste:

B33: Enige ander **kommentaar of voorstelle**:

# BYLAAG B: CD MET VOLLEDIGE MINI-SKRIPSIE